

# Vrye Weekblad

19 - 25 JULIE 1991 Prys: R2,20 (R1,95 + 25c AVB)



## DIE GEVAAR VAN REGSE GEWELD

*Regse militantes praat ook nou met die ANC*

'n Wydlopende gesprek met André P Brink • Besoekers uit die buitenste ruimte • Die vreemde dood van sers SR Motasi • Why a DPMP snubbed the US • Allan Boesak pak sy eie kerk • M-Net se gewaagde rolprent

## INHOUD

- 5 Die anatomie van die regse bedreiging  
 7 Die regses praat met die ANC  
 8 André P Brink vertel van helse hemel  
 11 'USA distorts SA realities' - DP MP  
 12 VW's: Dié raaisel hang nog in die lug  
 13 Vreemde vlieënde vrou?  
 15 Ondersoek: Sers FR Motasi se laaste drie jaar  
 18 Boeke: John Miles se Kroniek uit die doofpot  
 19 Plakkies: Die winter bring die slopers  
 Daar woon mense daar...  
 22 Dié week se TV-programme  
 23 Elmar Rautenbach se TV-rubriek  
 24 Sport: Tinus Horn se Sportrubriek  
 Wallis se Murrayfield  
 25 Sport: Greg LeMond - geeltrui-goëlaar  
 26 Kerke: 'Sendelinge' krap NGKA om  
 Boesak pak sy kerk  
 27 Keurvakaturen  
 28 Wêreldnuus: Angola smaak demokrasie  
 Aids: Pasiënte en besmette dokters  
 Neo-Nazi's jaag Duitsland op hol  
 29 Wêreldnuus: Kenia se jeug blind van woede  
 Poolse pomografiese politiek  
 30 Kuns: John Kani lêns an ear  
 31 Nag van die 19de se prettige pretensie  
 Panic Stations - 'n lefty-Loving  
 32 Kuns: Brecht se Chalk Circle  
 Genot van The Wizard of Oz  
 33 Kuns: Nureyev - The leaping legend  
 Haakvas: Kitare soos luite  
 34 Menings: Lospraatjies deur Fanie Olivier  
 Geloofspraatjies deur Erasmus van Niekerk  
 35 Menings: Greentalk by Mike Kantey  
 Lanse en Drake deur Tim en Matt Sandham  
 36 Kleinadvertensies  
 38 Beplan jou naweek saam met die kenners  
 39 Nettie Pikeur gryp 'n seekat



DIE NUU STYDSKrif

VOORBLADFOTO DEUR GUY TILLIM

VRYE WEEKBLAD IS 'N ONAFHANKLIKE WEEKLIKSE NUUSTYDSKRIF WAU UITGEGEE WORD DEUR WENDING PUBLIKASIES BEPERK (REG. NO. 88/40168/06). WENDING PUBLIKASIES BEPERK EN VRYE WEEKBLAD SE ADRES IS: BREESTRAAT 153, NEWTOWN, JOHANNESBURG. DIE POSADRES IS: POBOX 177, NEWTOWN 2113. DIE TELEFOONNOMMER IS (011) 836 2151 EN DIE FAKSNOMMER 838 5901. DIE KAAPSTAD-KANTOOR SE TELEFOONNOMMER IS (021) 47 8960 OF 47 8819, EN DIE PRETORIA-KANTOOR (012) 834 879.

**REDAKTEUR:** MAX DU PREEZ  
**ASSISTENT-REDAKTEURS:** JACQUES PAUW, ANDREA VINASSA (KUNS), INA VAN DER LINDE  
**POLITIEKE KORRESPONDENT:** HENNIE SERFONTEIN  
**KOPIEREDAKTEUR:** JOHAN BRUWER  
**ONTWERP:** ANTON SASSENBERG  
**KAAPSE KANTOOR:** CHRISTELLE TERREBLANCHE  
**REDAKSIE:** AUDREY BROWN, PEARLIE JOUBERT, LAETITIA POPLE (KUNS), ESMA ANDERSON, IRENE LOUW, PITSO TSHUKUDU, LUCKY KHUZWAYO.  
**SPORTREDAKTEUR:** TINUS HORN  
**FOTOGRAWE:** RODGER BOSCH, KATE THORNycROFT  
**ADVERTENSIES:** JOYCE DUBE, LOUWRINIS POTGIETER  
**REDAKSIE-ASSISTENT:** CATHY FENNESSY  
**KANTOORBESTUUR:** JOSEPH MOETASI, VERNON ZULU.  
**BESTUURSKONSULTANT TOT WENDING PUBLIKASIES BEPERK:** MARK BEARE

VRYE WEEKBLAD WORD GEDRUK DEUR CAXTON BEPERK, KOMMANDOWEG, INDUSTRIA.  
 VRYE WEEKBLAD KOS R1,95 PLUS 25.  
 SENT AVB. DIT KOS R110 (AVB EN AFLEWERING INGESLUIT) OM VIR 'N JAAR IN TE TEKEN, EN R40 (AVB INGESLUIT) VIR SES MAANDE. IN NAMIBIA, SWAZILAND, LESOTHO EN BOTSWANA KOS DIE TYDKRIF R2,20 PLUS VERKOOPBELASTING.  
 TARIEWE VIR BUITELANDSE INTEKENARE IS BY NAVRAAG BY (011) 497 2911 BESKIKBAAR.  
 PROBLEME MET VERSPREIDING MOET GERIG WORD AAN LOURINS POTGIETER BY (011) 836 2151.

## vrydagogen


DIE vraag is op die meeste Suid-Afrikaners se lippe: hou die regse ekstremiste se praatjes en planne vir 'n terroristiese oorlog 'n weselijke bedreiging in vir vrede in ons land en vir die ontwikkeling na 'n floreerende demokrasie?

Ek dink die regses oorskot hulself heeltemal. Ek luister nou die aand na Radio 702 se inbel-program en hoor die een ná die ander luisteraar - seker goed die helfte was nie Afrikaanssprekend nie - met groot bravade vertel hoe die witmense die swartmense gaan opdonder en hoe daar weer 'n Groot Wit Republiek tot stand gaan kom.

Ek het na hulle sit en luister en dieselfde gevoel gekry wat ek by vergaderings kry: dis 'n klomp verwonde, bang mense wat mekaar sit en warm broei en hulle dan oorgee aan die gerusstellendheid van emosionaliteit. En hoe kruer die rassisme, hoe sterker voel hulle in hulself.

Dan neem 'n groepspsigose oor, 'n oer-tropinstink. Dan kook en konkel hulle in hulle kakie-uniforms in donker kamertjies en troetel hulle al die parafernalia van fascismus en liefkoos hulle hul pistole. En dan voel hulle nie meer so verlore en bedreig nie.

Dis alles 'n klomp aanstootlike wind. Dis die soort manne wat, met genoeg Klirif en Coke in die lyf, op



MAX DU PREEZ

'n Saterdagaand in hul bakkies rondry en gaan "kaffers bliksem". Meer guts as dit het die meeste van hulle nie. (En wanneer hulle by die huis kom, slaan hulle tien teen een hul vroue ook.)

Dan is daar mense soos Carel Boshoff. Basies ordentlike mense, waarvan die meeste sê hulle is Christene. Hulle motivering draai sterker om etnisiteit, Afrikaner-nasionalisme en tradisionele waardes as om kru rassisme, hoewel die rassisme maar vlak lê.

Baie van dié mense is gewone onder-

steuners van die Konserwatiewe Party, en hulle is meestal werklik konserwatief. Werklik bang vir verandering.

Onder dié groep ressorteer die regses wat graag 'n eie tuisland of volkstaat wil hê, maar ook ander wat weet dat is onwaarskynlik dat dit ooit sal gebeur en maar net aan die status quo vasklou so lank hulle kan.

Ek glo baie van dié mense is in hul harte al klaar op pad terug na die Nasionale Party onder FW de Klerk. Hulle sal waarskynlik nooit werklike geesdrif vir 'n nie-rassige, verenigde Suid-Afrika kan opwerk nie, maar hulle weet die enigste alternatief tot 'n werklike oop demokrasie in Suid-Afrika is bloedvergieting, 'n chaos en swaarkry. Soos die meeste regse Suidwesters uiteindelik agter Dirk Mudge en sy DTA gaan staan het met Namibia se eerste verkiesing, só glo ek dit sal ook hier gebeur.

Nie een van die groepe wat ek sover genoem het, het werklik die vermoë om 'n soort Ierse Republikeinse Leer of 'n Baader-Meinhof te word nie. Soos ons in die onlangse verlede gesien het, skrik die heethoofde in dié groepe hulle boeglam as 'n polisieman voor die deur kom staan en die man wegvat terwyl sy vrou en kinders moet agterbly en swaarkry. Hulle kry nie swaar genoeg nie, ontbeer nie genoeg nie, haat nie genoeg nie. En hulle is te lief vir lekker lewe om lank in die tronk te gaan sit.

Maar daar is 'n ander groep. Dit is nie manne wat met skuim om die monde en wilde, bloedbelope oë rondparadeer en

## brieue

## ANTON LUBOWSKI SAL ALTYD BLY VOORTLEEF

## David Kessler van Bellville skryf:

Veels geluk aan Max du Preez met die Nieman Foundation (van die beroemde Harvard universiteit) se toekenning van die "Louis Lyons Award for Conscience and Integrity in Journalism". Dit is 'n manjifieke prestasie wat boekdele spreek vir u en VWB.

Ek stem volkomme saam met daardie dapper Afrikaner Molly Lubowski (Brieue 5-11 Julie 1991) dat "VWB die koerant is vir daardie deel van ons volk wat nog kan aanspraak maak op 'n gewete". Haar seun, Anton Lubowski, 'n briljante en uiterst heldhaftige advokaat en politikus, wat so wrede deur geharde sluipmoordenaars vermoor is, sal ek nooit vergeet nie.

Ek herinner my aan sy vurige pleidooi voor regter Jan Basson in die Upington-moordverhoor (voor die regter die 14 aangeklaagdes die doodsvonnis wou opleg) toe Anton amper huilend die regter versoek het om die doodsvonnisse tot Maandag uit te stel om familielede van die beskuldigdes, wat van helnde en ver moes kom, in staat te stel om die vonnisoplegging by te woon. Regter Basson se antwoord was: "Dit is 'n hof en nie 'n bioskoop nie" en die doodsvonnisse is daardie Vrydag nog uitgespreek.

Hy het later verlof tot appèl geweier, maar op die ou end - soos hulle in Engels sê "poetic justice" - is sy uitspraak in baie groot mate deur die Appèlhof verwerp, en dit ná 'n verhoor van twee jaar. Baie maande lank is 14 mense in die dodeselle aangehou, hoewel Eveline de Bruin ná vertoe deur my tot hoofregter Corbett later na die Upington-gvangenis (naby haar familie) oorgeplaas is. En regter Basson en sy enigste assessor, oud-prokureur Robert Kurland van Upington, bly tjoepstil. Selfs ná die Appèlhof se uitspraak.

Ek en duisende ander sal nooit aanvaar dat Anton Lubowski 'n "dubbele agent" of sploon was nie. Dit is nooit in die openbaar bewys nie. Die weermagoffisiere mog nie deur Anton se familie se regadviseurs gekruisvra word nie; en die "geheime dokumente" is nog nooit blootgelê nie. Alles was in camera sonder Anton se raadgewers, en die offisiere is nooit gevind nie. Ek kan my nie 'n meer gevraalike ongeregtigheid verbeeld nie.

Dit is duidelik dat regter Harms, die voorstetter van die Harms-kommissie, nie by magte was om die moordbendes behoorlik en indringend te laat ondersoek nie. Dit was 'n klug - van die McNally-komitee se ondersoek tot en insluitende die Harms-kommissie. Staatspresident De Klerk se plegtige belofte dat die moordbendes "tot op die been oopgesny gaan word" het doorgeloop, danksy genl Magnus Malan en sy "eksperte" verklaring in die parlement aangaande Anton. Daar het die Staatspresident erg gefouteer.

Ek bid vir Molly Lubowski, haar brawe man en familie. Soos hulle in Engels sê: "The truth will out". Anton Lubowski sal vir ewig voortleef in die geskiedenis van Suid-Afrika en Namibia.

## FYN WAARDERING

## Melvyn Minnaar van Vredehoek skryf:

Etienne Britz se fyn waardering van Johann de Lange se Nagsweet - duidelik in omstandighede wat sy sensitiewe siel beter as sy deurtrappe inklinasie pas - het my diep geroer. Veral waar hy dit in verband bring met vryheid en WF Hermans se eensaamheid.

Goed so, Etienne. Jy met jou netjiese gesig en pak wat pas, moet jy nou selfs vir mentor Merwe

die lantern hoog hou.

Nevermaaind dat jy afsuig nie handle of verstaan nie. In die kas weet Cas seker ook maar nie. Jou pen is sterker as 'n penis.

En Nagsweet is 'n belangrike Afrikaanse publikasie.

## GELUK

## Alida Viljoen van Randparkrif skryf:

Ek wil u gelukwens met die feit dat u 'n joernalis soos Andrea Vinassa in u personeel het.

Ek moet u ook inlig dat ek dink sy

het 'n briljante resensie geskryf oor die film Mr & Mrs Bridge, en dit nogal in foulouse Engels. Toe sy by Beeld gewerk het, het ek haar resensies geniet. Toe het sy verdwyn, tot ek eendag ontdek sy skryf vir The Star - en toe ontdek ek haar weer in u koerant!

Ek dink nou die dag en wonder of VWB se joernaliste ooit vir 'n "skryfprys" in aanmerking sal kom - dalk iets soos die Pulitzer-prys vir joernalistieke rapportage, maar ek kon nie onthou dat ek al ooit so iets gesien of daarvan gehoor het nie, of dat 'n VWB-joernalis al so 'n prys gewen het nie.

publisiteit soek nie. Dit is die Piet Besters en die Gawie Volschenks : die harde fanatici wat bereid is om te sterf vir hul wit ideale. Dís die gevaaflike knape.

Die meeste van dié mense kom uit 'n sekere persoonlikheidstipe en byna almal het waarskynlik 'n agtergrond die polisie of die weermag. Die goeie nuus is dat die kern van dié groep waarskynlik net 'n paar dosyn mense is.

Van die intelligents in dié groep besef die prys van die burgeroorlog of terroriste-stryd waarmee daar so maklik gedreig word. Piet Bester, oor wie ons in dié uitgawe skryf, is een van hulle. Hy is genoeg van 'n militêre offisier om te weet wanneer 'n mens praat en wanneer jy skiet. Daarom het hy en sy manne reeds om 'n tafel gaan sit en vir die ANC gesê wat hulle dink en glo en wat hulle wil hê en wat hulle bereid is om prys te gee.

Ek het min twyfel daaroor dat Bester self vooraan die stryd sal staan as daar nie aan 'n sekere minimum van hul eise toegegee word nie.

'n Mens hoop maar radikale fundamentaliste soos Bester is 'n voorbeeld vir die valsgrate in die leierskap van die KP. Manne wat hoog en laag sweer dat hulle die belang van die Afrikaner op die hart dra en nooit met die ANC sal beraadslaag nie. Terwyl hulle wéé dit sal uiteindelik nie anders kan nie.

Want dit is tyd dat alle konservatiewe witmense - dit sluit Nasionaliste in - in Suid-Afrika besef dat daar net twee keuses is in dié land: 'n gewone demokrasie in 'n oop, verenigde Suid-Afrika waar almal gelyke regte het; of partisie, waar dié witmense wat met hart en siel glo hulle kan net deur witmense regeer word,

sal kan gaan bly terwyl die res van Suid-Afrika 'n oop, nie-rassige demokrasie sal wees. Daar is nijs tussen-in nie. Al staan Andries Treurnicht en Ferdi Hartzenberg en wie ook al tien jaar lank op hul koppe.

Ek is persoonlik sterk gekant teen enige voorstel om ons land weer te verdeel. Ek dink só 'n wit tuisland of Boerestaat sal 'n gevaaflike nes en broeiplek van fascisme en rassisme wees, en ek dink ook nie dit kan in die praktyk uitwerk nie. (Die enigste positiewe ding wat ek daarvan kan sê, is dat dié tuislandjie dalk 'n internasionale toeriste-atraksie kan word.)

Maar ek glo die regse leiers behoort nou almal op te staan, deel van die onderhandelingsproses te word en te sorg dat die partisie-voorstel een van die modelle word op die tafel van die veelpartykonferensie wat hopelik binnekort byeen gaan kom. Daar moet die ding uitgepraat word. En as die regses nie die meeste verteenwoordigers in dié konferensie kan oorred om vir hulle 'n stuk grond te gee nie, moet hulle dit óf aanvaar óf dan maar begin oorlog maak.

Hulle moet dan net één ding besef: dit gaan nie 'n stryd wees tussen wit en swart of 'n stryd tussen Afrikaners en die res nie. Afrikaners soos ek en duisende ander soos ek gaan in die voorste linie teen hulle lê.

Ek wens FW de Klerk en sy regering wil ook 'n slag besef dié regse gevaar is ook hul verantwoordelikheid en nie net so lekker agter hulle skuil wanneer hulle vir die wêreld wil wys hoeveel teenstand hulle uit eie geledere het nie.

Myns insiens behoort die Staatspresident 'n tweeledige strategie teenoor

die regse bedreiging te hê. In die eerste plek moet die veiligheidsmagte skoongemaak word van alle verregse elemente en dan moet daar onverbiddelik hard opgetree word teen elke voorval van rassisme of regse geweld.

Dit beteken ook dat daar nie sprake behoort te wees dat mense soos Barend Strydom en Leonard Veenendaal en Darryl Stopforth vrygelaat behoort te word net omdat militantes van die ANC vrygelaat word nie. Die ANC se stryd is verby, en hul soldate is nie meer 'n bedreiging vir vrede nie. Die regses se stryd, soos hulle dit sien, het maar pas begin. Die regering het die verantwoordelikheid om die gemeenskap te beskerm, en hulle sal dié plig versuim as hulle dié soort terroriste nou vrylaat.

Die tweede been van die strategie behoort te wees 'n nuwe openheid van die kant van De Klerk en sy regering. Sê presies vir dié wittes wat bang en verward is wat daar in die toekoms wag. Spel dit vir hulle uit, die goed en die slek, met brutale eerlikheid. Dit is die onsekerheid oor die toekoms wat die meeste mense so onderym.

Behandel hulle ferm, maar met genoeg deemis. Vat hulle saam in die Nuwe Suid-Afrika in. Want anders gaan dié mense die ondersteuningsgroep - in Mao se taal die see waarin die visse kan floereer - van dié handjievol regse fanatici word wat werklik 'n militêre bedreiging vir ons toekoms kan inhoud.

VII

## S O S E H U L L E

"Our desire for reconciliation should never be seen as a sign of weakness. These people should take this as a warning that the slightest hint of racism will invoke the harshest punishment."

- Namibian premier Hage Geingob on the refusal by a white hotel owner to admit the deputy minister of Wildlife, Conservation and Tourism, Ben Ulenga, for racial reasons.

"Gorbatsjof het na my gekom en gefluister: Barbara, ek wil jou na al die nagklubs toe vat."

- Die Amerikaanse presidentsvrou, Barbara Bush, oor die Sowjet-leier se uitnodiging aan haar om Moskou te besoek.

"The solution is that women should try to drag down men to their level because I don't think they can work themselves up to the standard of men. And when we pray, I appeal to everybody to pray for women. If women think I'm wrong I'm sorry, they should learn to forgive."

- Bhekeli Mbatha in a letter to The Sowetan.

"Dit is jammer dat die Afrikaners die een groep was wat so baie mense so lank verdruk het weens hul velkleur. Aan die ander kant gaan versoening in die nuwe Suid-Afrika voorrang geniet. Ons sal ons mense met mekaar moet versoen en as ons sê 'ons mense', sluit ons almal in - Afrikaners, Engelse..."

- Die nuwe sekretaris-generaal van die ANC, Cyril Ramaphosa.

"I would like to think there are people undermining him (president De Klerk) because I think he is too honest to play this kind of game. But, my problem is that he has not been able to use his capacity to put an end to the violence so that we can move forward."

- Nelson Mandela in an interview with The Star.

"Ek sê nijs. Absoluut nijs. Ek het die foto van die rok in die koerant gesien, tjoepstil geword en die koerant neergesit."

- Die kabaretster Nataniël oor Karen Botha se trourok.

Ek dink andersins dat u 'n puik span het wat met u saamwerk. Maar natuurlik, dalk is VWB te "liberaal" om in aanmerking te kom vir sulke toekenning.

Ek is dus nou baie bly om te sê geluk met die Nieman Foundation se toekenning - die baas-joernalis is toe baie beter as die span joernaliste en ek was te dom om dit in te sien.

(Brief verkort - red.)

### ARAMIS RIP

#### Mark Shagam van Observatory in Kaapstad skryf:

In die jaar dat Aramis in Kaapstad gewoon het, het hy as die "Big Black Shaggy Dog" bekend en bemind gevorder. [VWB bet 'n doodserig geplaas nadat die bond deur 'n motor doodgery is voor Shagam se winkel, Interior Art. Aramis is 'n legende in Observatory.] Dit was te danke aan sy uitsonderlike karakter en sy vertroue in mense. Dit was dan ook dié vertroue wat hom die bedrywige Laer Hoofstraat in Observatory laat oorsteek het op aanhang van een van die gebied se meer lastige Bergies.

Ek het Aramis in 1978 as 'n klein hondjie by die DBV in Israel gekry. Hy het nooit eintlik groot erg aan hondeselskap gehad nie - sy beste vriende was maar altyd mense. Sy intelligensie, sensitiewe geaardheid en merkwaardige aanvoeling vir mense het hom oral gewild gemaak.

Aramis het jare lank saam met my by 'n internationale galery in die ou stad Jafo gewerk en het só talie vriende wêreldwyd gemaak... van beroemde rolprentsterre tot enigeen met 'n roomys in die hand!

Die Franse tydskrif Vogue het hom só bewonder dat hulle homselfs 'n slag as model gebruik het. Sy naam sal altyd

'n gevoel van vreugde en geluk opwek vir die duisende wat hom ontmoet het. Ek onthou die "jelly-babies" waarvoor hy so lief was, die "creamcrackers" wat hy en my ouma altyd saam geniet het. En ek onthou 'n gulsig verslaving aan roombos!

Vir Aramis was kos en vriende sy heelal. Teenoor almal wat op soveel maniere hul simpatie toon het, wil ek graag my dank uitspreek.

Die verlies van my hond Aramis is groot.

### INTERNATIONAL COMRADES

**Lawrence Masoes of Heldedal writes:** I wonder if Buthelezi has ever asked himself the question: why are Australia, Canada, India, the Soviet Union, Sweden and Zambia, to name but a few, aiding the ANC financially and otherwise? To stop you, Gatsha, and your baas, FW, from further oppressing the black people.

The other day Buthelezi had the nerve to ask money from Senator Evans. Gatsha, these above-mentioned countries want a majority government in SA and to give Inkatha money would be counterproductive. Why? Inkatha is working for the satanic De Klerk regime - and thus is getting monetary help from the tax-payer.

On the other hand America, England, Japan and Germany are not friends of the impoverished, voteless masses. Why? Companies of these countries in SA are helping the regime in exploiting the black worker.

The Netherlands? Lately it seems if that deceptive smile of that hypocrite (FW) has changed their attitude towards the ANC.

Our international comrades keep on helping us so that we can help ourselves.

Vrye Weekblad plaas graag brieue wat nie die wet oortrek is nie, mits die korrespondent se naam en volledige adres bygevoeg word as 'n skuilnaam gebruik word. Brieue korter as 200 woorde sal voorkeur geniet, en die redakteur beboek die reg voor om brieue te verkort.

Skrif aan:

Vrye Weekblad Brieue, P o e b u s 177, Newtow n 2113.



**A great international airline  
has to go a long way  
to ensure its place in the world.**



Our route map shows the full extent of our international flight network, covering 44 cities in 5 continents.

Varig operates state-of-the-art equipment, including turbines of the latest generation. One of Varig's main features is the unsurpassed standard of its maintenance. Another is the excellence of its inflight service, recognized as one of the best in the world.

Looking at a route map like this, one can see that ours is indeed a small world, well within your reach.

Try flying with Varig from most of the world's major cities. By doing its job efficiently, Varig gained its place among the outstanding airlines of the world.

**Time to fly**   
**VARIG**

# Die anatomie van die regse bedreiging

Groot kommer bestaan oor 'n moontlike hernieuwe vlaag ver-regse geweld nadat 'n bom verlede naweek 'n Pretoriase skool in puin gelê het. Is dit nou die begin van die dreigende "derde vryheidstryd" of net 'n geïsoleerde insident? **HENNIE SERFONTEIN** en **INA VAN DER LINDE** ontleed die regse bedreiging



Foto: Gideon Mendel

DAAR is geen aanduiding dat grootskeepse regse geweld in die onmiddellike toekoms verwag kan word uit weerwraak teen die regering se onderhandelingsaksies nie.

Dáárvoor is die verskillende regse groepe onderling te verdeeld - met interne twiste in feitlik elke groep - en meesal te ongeorganiseerd, ongedisiplineerd en onprofessioneel.

Die verder aan die lig gekom dat van die ver-regse leiers reeds begin onderhandel het met die ANC en - in teenstelling met hulle meer "linkse" vennote in die regse politiek, die Konserwatiewe Party en die Herstigte Nasionale Party - bereid is om aan onderhandelinge deel te neem.

Dis egter moontlik dat sporadiese sabotasiedadeur enkelinge of klein groepe gepleeg kan word. In dié verband word die Boere Republiekinse Leér genoem - 'n geheime organisasie waaroor feitlik niks bekend is nie.

Die organisasie het onlangs 'n beroep op "Afrikaners en Boere" gedoen om as enkelinge, sonder formele lidmaatskappy, sabotasie-aanvalle te doen. In 'n dokument word voorligting gegee oor teikens en hoe sabotasie gepleeg moet word.

Nog 'n organisasie, die Boerekommando, het vandeelsweek gesê die keerpunt in regse politiek is nou bereik en die "oorgawe" van Staatspresident FW de Klerk is volbring.

"Dit sou dwaas wees om die potensiële gevare vir die onderhandelingsproses van toenemende regse revolutionêre optrede te onderskat of negeer. Dit moet aanvaar word dat 200 of 300 goed opgeleide, gewapende reaksionêre wel baie amok kan maak," sê prof Willie Esterhuyse, politieke filosoof aan die Universiteit van Stellenbosch, wat noue verbintenisse met sowel ANC- as regeringsleiers het en goed ingelig is oor die onderhandelingsproses.

Esterhuyse sê: "Dit moet aanvaar word dat, namate die onderhandelingsproses sloer, werk-

loosheid onder blankes voorkom en misdaad en geweld toeneem, reaksionêre verset sal groei. Sodra mense onveilig voel, floerer reaksionêres.

"Volgens ingeligte bronne is daar by talle reaksionêre 'n soort godsdiestige fanatisme aanwesig. Verset word as 'n roeping beskou. Soos een dit aan my gestel het: 'Dit is ons heilige plig om witemense teen kommunisme te beskerm en regeringsverraad teen die witman ongedaan te maak."

Die bom by die Pretoriase skool beteken nie die begin van 'n beplande nuwe terreur-veldtog nie, meen dr Wim Booysse, 'n risiko-konsultant en kenner van die regse politiek. Dit was eerder 'n onbeplande refleks-aksie op die oorhandiging van 'n "wit" skool aan die ANC.

Hy verskil heftig van bewerings dat die regse politiek fut verloor het. Die vreemde stilte van regses sedert verlede jaar beteken eerder dat 'n nuwe fase in protes-politiek begin het.

Booyse meen die eerste fase in regse opstand het verlede jaar na die ingrypende aankondigings in die Staatspresident se Parlementsopeningstoespraak van 2 Februarie begin. Die regse opstand het skielik gespring na 'n gewapende propagandâ-fase waarin probeer is om De Klerk se "demokratiese revolusie" te keer. Hulle was egter swak voorbereid en ongekoördineer. Net enkele dade van dié tyd getuig van koördinasie en goede beplanning.

Van Maart 1990 tot Oktober is 56 voorvalle van temeur aan regses gekoppel. - méér voorvalle as waarmee die ANC in die eerste vier jaar van sy gewapende terreurneldtog verbind is.

Suksesvolle polisie-optrede teen regses het gevolg. Meer as 91 regses is in 1990 aangehou en 84 persent van regse terreur-voorvalle is oopgelos, wat hulle gedwing het om van strategie te verander.

Daarna het die regses in hul dop gekruip. Uit veldnavorsing is dit duidelik dat 'n tweede fase in regse opstand begin het, meer

Booyse. Regses is besig om na 'n verdedigende posisie oor te gaan - die sogenaamde C3, die militêre term vir die skep van organisatoriese strukture wat logistiese beplanning, beheer- en bevelstrukture insluit.

In teenstelling met die openlike en aggressiewe optrede van verlede jaar is die regses nou by die klassieke organisatoriese fase in 'n revolusie. Booyse vergelyk dit met die ANC, wat in 1960 verban is, deur 'n organisatoriese fase en die kritiek-belangrike Moragorakonferensie van 1969 is - en eers in 1976 weer sigbaar na vore getree het met guerrilla-bedrywigheide. Daardie jaar is net vier dade van gewapende verset gepleeg en in die volgende jaar twaalf.

Die regses het van die begin van die jaar af begin desentraliseer en in streke organiseer. Hoewel daar in 'n stadium sowat 138 regse organisasies was, is daar op para-militêre gebied hoofsaaklik vyf organisasies besig met organisasie. Dit is die AWB, die Wen-Kommando's, die Boerekommando van Gavie Volschenk, die Boere-Bevrydingsbeweging en die Boere-Weerstandsbeweging.

Daar is sterk bewyse dat die verskillende organisasies nie met mekaar meeding nie, maar eerder 'n soort nie-uitgesproke ooreenkoms het om uit mekaar se gebiede uit te bly - 'n heel nuwe benadering.

Die hele Transvaalse platteland is al onder beheer van die een of ander van die groepe. Orals is burgerrade, kommando's en selfverdedigingseenhede op die been gebring. So is die Nelspruit-Phalaborwa-omgewing in beheer van die Wêreld-apartheidsbeweging, die AWB en die Boerekommando, met die AWB die sterkste van die drie.

In die Hendrina-Middelburg-omgewing is die Boerekommando die sterkste, maar die AWB's werk ook hier. In Noord-Transvaal het die Boere-Weerstandsbeweging die oorhand, maar is daar ook 'n teenwoordigheid van Wen-Kom-

mando's, met die Boere-Staatparty wat op hulle ruê ry.

Die groepe skakel met mekaar deur radio-netwerke. Volgens die oliekol-teorie is hulle besig om oor te spoel na Noord-Natal, Suidwes-Transvaal, Noord-Kaap en die Vrystaat. Selfs in gebiede waar voorheen min regse aktiwiteite was - soos Port Elizabeth, Humansdorp en Uitenhage - is die groepe besig om veld te wen.

Booyse meen dit is moeilik om te bepaal hoe lank dié organisatoriese fase sal duur voordat dit na die revolucionêre fase oorgaan. Die soort lukrake optrede soos die terreur-bom in Pretoria kan vir twaalf maande aanhou. Dit hang egter ten nooste saam met die politieke ontwikkelinge in die land.

Op die vraag hoe sterk die para-militêre is, sê Booyse dit is moeilik om te bepaal. "Ek sê nog altyd dit is nie belangrik hoeveel hulle is nie, maar hoe goed georganiseerd hulle is. Die Ierse Republiekinse Leér kon in al die jare van sy bestaan nog nooit op meer as 450 ingeskwelede aanspraak maak nie - en kyk wat doen hulle."

Hy wys daarop dat feitlik alle wit mans in Suid-Afrika tussen die ouderdom van 18 en 38 militêre opleiding ondergaan het.

Die ANC, daarenteen, moes in 1960 van voor af begin om strukture skep, kantore te bekom, mense te stuur vir opleiding in die Oosblok-lande en Libië, en om 'n tuisbasis in Angola of Zambië te skep vir opgeleide soldate. Teen die tyd dat hulle kon begin beplan om Suid-Afrika te infiltrer en kommunikasienetwerke te skep, het die whiteys klaar hulle opleiding.

"Baie Spesiale Magte-ouens, insluitende BSB's, is besig om oor te loop na die regses. Dié ouens se boodskap is dat hulle, toe die 'totale aanslag' op sy felste was, die ruggraat van die verdediging gevorm het en die spitsmoeis afbyt. "En wat maak hulle nou? Hulle beskik oor geweldige kundigheid en ervaring. Dit maak hulle gevaelik."

Die regse militantes sit ook met kenners van teen-insurgensie en spioenasié. Hoe ernstig is die regse bedreiging? Booyse sê op die oomblik het hulle net 'n las-tigheidswaarde, maar in die woorde van Mao Zedong: "It takes a spark to set the prairie alight."

Daar is allerlei faktore wat die bom as 'ware kan laat bars. Om te bepaal presies wat die regses gaan aanvuur om tot revolusie oor te gaan, is baie moeilik. Booyse glo 'n revolusie van regse kant kan vermy word deur byvoorbeeld toe te gee aan die eise om 'n Boere-staat. Daarom moet die regses ook na die onderhandelingstafel gedwing word.

Esterhuyse sê daar moet aanvaar word dat van die fanatiese regses toegang tot plofstoel en wapens het. "Die sogenaamde volksleer waarvan in reaksionêre kringe gepraat word, is nie bloot dreigemente nie. Ons moet hulle vermoë nie onderskat nie."

Hy meen daar moet onmiddellik en daadwerklik aan twee fronte opgetree word om regse geweld aan bande te lê; die regering moet die onderhandelingsproses verhaas en die Nasionale Party moet sy politieke inligtingsaksies aan sy eie ondersteuners en blankes oor die algemeen opknapp.


"Hoe gouer daar met onderhandelings vordering gemaak word, hoe makliker sal dit wees om die regse geweld te hanteer. Die ANC sal sy kant moet bring en enige vertraging uitskakel wat aan sy optrede te wyte is."

"Die Konserwatiewe Party doen sy huiswerk en die Nasionale Party nie. Die KP doen straatwerk en loop van deur tot deur. Die NP-LP's sal moet vergeet van gholf, rugby en ander ontspanning en terugkeer na die politieke strategie wat hom jare gelede aan bewind gebring het. Het hulle dit gedoen, was daar nie vandag soeveel verwarring en oningeligtheid onder kiesers wat die regses kon uitbuit nie," sê Esterhuyse.

# Die klug van die klein karwatse

Daar is chaos in ver-regse geledere, beweer een van die leiers, **Piet Bester**, vandeensweek in 'n onderhoud. Hy sê nie een van dié groepe beskik werklik oor die vermoë om grootskaalse geweld te pleeg nie.

**HENNIE SERFONTEIN** het met hom gesels



Tydens 'n onlangse vergadering van regse leiers op Hendrina in die Oos-Transvaal het 'n verskeidenheid van regse leiers saam op een verhoog verskyn: virf Rudle Raaths, kommandant van die Boerekommando, wat die gehoor toespreek, en sittende Gawie Volschenk, leier van die Boerekommando, Jaap Marais, leier van die HNP, Robert van Tonder, leier van die Boerestaat Party, en Andrew Ford, gewese leier van die Boere-Weerstandsbeweging.

"DIE regse politiek - van die Konserwatiewe Party tot by die ver-regses - is 'n klug. Ná 22 jaar het die regse politiek niks om te wys nie. Negentien jaar al predik die regse leiers geweld, maar in praktyk is niks bereik nie. Daarom het ek in onlangse onderhoude met 'n Britse publikasie gesê: Rightwing politics is a fart."

Aan die woord is Piet Bester, een van die leiers van die Boere-Weerstandsbeweging (BWB), in 'n onderhoud vandeensweek met Vrye Weekblad.

Hy het kommentaar gelewer oor die regse betrokkenheid by die bomaanval op 'n Pretoriase skool verlede week en op bespiegelings dat dit die aanloop tot 'n nuwe vlaag van grootskaalse geweld kan wees.

Bester verwerp albei aansprake as "absolute onsin". Hy sê: "As gewese beroepsoldaat en offisier kan ek kategorieën verklar dat die bomaanval eenvoudig net te gesofistikeerd van aard was om deur enige regse groep uitgevoer te gewees het."

Die operasie is volgens sy inligting te professioneel uitgevoer, sê Bester. "Die regses beskik nie oor die kundigheid en die toegang tot die gesofistikeerde plofmechanisme nie. Die bom is waarskynlik afgesit deur 'n afstand-beheerde hoë-frekvensie meganismes."

Bester sê baie ladings is gebruik - en dit is 'n taak wat baie ure moet gekos het en die hoogste kundigheid vereis het.

Bester is uiterst krities wanneer hy die verskeie regse groeperinge

en hul leiers ontleed. Hy is skepties oor die vermoë van die paramilitêre groepe om enigsins 'n ernstige veiligheidsbedreiging vir die regering of die ANC in te hou.

Hy stem ook nie saam met Wim Booysse se beskouing van die paraatheid en potensiële bedreiging van die regses nie.

Die infrastruktuur, kundigheid, dissipline en effektiewe organisasie-vermoë ontbreek by die meeste van die groepe, sê Bester.

"Daar is 'n wêreld se verskil tussen wilde militante retoriek van leiers en die militêre vermoë tot effektiewe optrede," beklemtoon hy.

Omdat daar organisatories dikwels 'n chaos in die meeste van die groepe is, sê hy, is hulle op groot skaal deur intelligensie-elemente geïnfiltreer wat groot verwarring onder regses saai.

Bester skryf die Afrikaner-Weerstandsbeweging (AWB) as ernstige politieke faktor af omdat dié organisasie te ongedissiplineerd is.

Bester, 'n stigerslid van die AWB wat in 1982 weggebreek het, sê die AWB se kernprobleem is die grootheidswaan van sy leiers. Alles is gebou rondom die persoon van die hoofleier, Eugene Terre Blanche. Val hy weg, stort alles in duele en bly daar niks oor nie.

"Piet Rudolph en Piet Stucki, die sekretaris, wil mekaar kort-kort te lyf gaan weens 'n twis oor finansies en beleidsake."

Die Wêreld-Apartheidsbeweging (WAB), wat deur Wim Booysse as

'n bedreiging voorgehou word, maak Bester só af: "Die WAB is Koos Vermeulen en Koos Vermeulen is die WAB. Verder is daar niks. Hulle was wel verantwoordelik vir 'n bomaanval op 'n ANC-sentrum in Durban twee jaar gelede - maar dis gedoen deur twee Britse drosters en 'n Belg. Daar bestaan geen noemenswaardige steun of organisasie nie."

Robert van Tonder se Boerestaat Party (BSP) is 'n betekenislose groepie, sê Bester, want dit het skaars 'n honderd lede en nog nie eens 350 intekenare vir die gerealiseerde nuusbrief nie.

Van Tonder het ook die idee om ID-dokumente aan die Boervolk uit te reik "by ander groepie gekaap en smous nou daarmee ter wille van publisiteit", sê Bester.

Oor die Boerekommando van Gawie Volschenk, wat onlangs van die AWB weggebreek het, sê Bester: "Hulle is vir my 'n dark horse. Ek weet hulle het wye steun uit die AWB in Oos-Transvaal, maar ons is nie in opposisie met mekaar nie en werk saam waar dit kan."

Bester wou nie sê presies hoeveel BWB-lede daar is nie, maar sê daar is nie meer as 'n paar duisend nie. Hulle is op drie vlakke georganiseer. Daar is die "bongrondse kombersdekking" van lede en openbare byeenkomste. Op 'n tweedevlak word mense verkieks vir militêre opleiding. Maar niemand word hiervoor gewerf as hy nie eers in óf die polisie óf die weermag praktiese opleiding

ontvang het nie. "Ons mense word dan opgelei vir offensiewe optredes en selfverdedigingseenhede om terreur te bekamp."

Bester self was lank 'n professionele soldaat in die destydse Rhodesië en Namibia waar hy as operasionele offisier diens gedoen het. Hy het steeds 'n kommissie-rang in die Burgermag.

Die derde vlak van die BWB is 'n ondergrondse struktuur van mense oor die hele spektrum heen, ook in die staatsdiens. Dié mense is nie noodwendig lede van die BWB nie.

Bester is einde verlede jaar vir drie weke in terme van Artikel 29 van die Wet op Binnelandse Veiligheid aangehou ná bomaanvalle op die ANC en Cosatu se kantore, maar hy is later vrygelaat.

Hy sê hy is verlede jaar deur ver-regses aan die Oos-Rand genader om die kleinkinders van Adriaan Vlok en FW de Klerk te ontvoer. Hy het geweier.

Die BWB was onlangs in 'n interne konflik gewikkeld toe sy leier, Andrew Ford, geskors is. Ford het beweer dat die hoofraad vir Bester geskors het en dat hy 'n spion en intelligensie-agent is. Bester is glo ook deur 'n BWB-krygsraad ter dood veroordeel, maar Bester verwerp dié bewering en sê die volle hoofraad staan agter hom en dat slegs enkele saam met Ford weg is.

Bester sê aanklakte van bedrog is by die handelstak van die polisie teen Ford ingedien weens sy hantering van fondse.

## REGSE TERREUR GAAN TOENEEM, SÊ VAN TONDER

"REGSE geweld sal beslis toeneem, as die regering sou voortgaan met sy huidige koers en verdere liberale stappe implementeer soos met die onlangse toekenning van 'n blanke skool in die hart van Pretoria aan kinders van die ANC."

Só meen Robert van Tonder, leier van die Boerestaat-Party (BSP), na aanleiding van die bomaanval verlede naweek op die betrokke skool.

"Agtien maande gelede het ons eie mense ons nie geglo nie toe ons hulle gewaarsku het oor die stappe wat die regering beoog. Maar sedert 2 Februarie verlede jaar het die gebeure rondom die onderhandelingspolitiek 'n fase bereik waarin 'n nuwe werlikheid geskep is," sê Van Tonder.

Hoewel hy meen dat individuele regse aksies op bepaalde regeringstappe kan volg, glo hy egter nog nie dat die stadium van grootskaalse, onbeteuelde geweld bereik is nie.

"Ons mense is nog nie gereed daarvoor nie. Daardie stadium sal eers bereik word wanneer dit vir blankes finaal duidelik is dat daar nie weer afsonderlike, blanke verkiesings gehou sal word nie."

Van Tonder sê dat duur lesse die afgelope jaar geleer is toe 75 regses weens gewelddadige en ander optredes in heftigheid geneem is. "Daar was slechte beplanning, weinige voorbereiding en die hele manier waarop die saak aangepak is, was verkeerd."

"Ons Boere wil nie graag tronk toe gaan nie. Daarom moet mens verwag dat regses nou eerder 'n fase van weerstandspolitiek binneklaan met lydelike versetaksies soos mense wat nie belasting betaal nie."

Van Tonder sê hy dink nie die Pretoriase sabotasie is gepleeg deur enige van die bekende regse groepie nie, "anders sou ek beslis daarvan geweet het."

Hy sê dis waarskynlik gedoen deur 'n klein, onbekende groepie soos die geheimsinnige Boere-Republiekinse Leër wat onlangs gestig is waarvan niks bekend is nie en wat individuele optredes bepleit.

- HENNIE SERFONTEIN

# Só praat ver-regses met die ANC

Onderwyl die Konserwatiewe Party en die HNP weier om aan onderhandelings deel te neem, het ver-regse leiers onlangs gesprekke met die ANC begin hou. Een van sy leiers, **Piet Bester** van die Boere-Weerstandsbeweging, sê hy is bereid om sy saak aan die onderhandeltafel te stel. **HENNIE SERFONTEIN** doen verslag



Piet Bester, 'n leier van die Boere-Weerstandsbeweging.

**LEIERS** van ver-regse groepe het reeds twee keer die afgelope nege maande indringende gesprekke met senior ANC-leiers gevoer. Een uitvloei van dié gesprekke is dat daar nou ver-regse leiers is wat aan die komende veelpartykonferensie oor 'n nuwe grondwet sal deelneem.

Piet Bester, leier van die Boere-Weerstandsbeweging (BWB), het in 'n onderhou met VWB vandesweek bevestig dat hy en vier leiers van ander regse groepe in Oktober verlede jaar in 'n Pretoriase hotel drie ANC-leiers in die geheim ontmoet het.

In Mei vanjaar het 'n tweede ontmoeting in die hoofkantoor van die ANC in Sauerstraat plaasgevind. Bester en sewe ander reges en vyf lede van die ANC het aan dié gesprek deelgeneem.

Die ANC is onder meer deur Thabo Mbeki, Jacob Zuma, Aziz Pahad en Yusuf Saloojee verteenwoordig. Die ANC wou amptelik geen kommentaar lewer nie, maar VWB het wel uit ANC-kringe bevestiging gekry dat die gesprekke plaasgevind het.

Die ANC-ver-regse-gesprekke het twee belangrike politieke implikasies. Dit is 'n deurbraak vir die ANC, hoe gering ook al, en 'n oorwinning vir die ANC se onderhandelingspan wat fel uit sekere kringe van binne die ANC gekritiseer is.

Dit wys ook dat daar verdeeldheid onder regse groepe oor die onderhandelingspan bestaan en dat niente staande militante retro-

riek, die nuwe politieke realiteit hul bluf aan die kaak stel.

Die onthulling van die gesprek tussen Bester en die ANC is slegs maar bevestiging van gesprekke die afgelope 14 maande tussen Afrikaanse konserwatiewe groepe aan 'n wye front en leiers soos Zuma, Mbeki en Pahad.

Onlangs is 'n gesprek tussen die leier van die Afrikaer-Volkswag (AVW), prof Carel Boshoff, en die ANC ontbloot, hoewel albei kante in dubbelsinnige verklarings dit nie wou bevestig nie.

Die ANC se Terror Lekota is al 'n geruime tyd betrokke by gesprekke met konserwatiewe werkneemers van Spoornet, Rapportrys en Afrikaanse sakemanne. Lekota was verantwoordelik vir 'n vergadering van 200 Spoornet-werkers in Krugersdorp wat deur Mbeki en die hoof van Umkhonto we Sizwe, Joe Modise, toegespreek is.

Bester verduidelik sy gesprekke met die ANC so: "Of ons skiet en maak regtig oorlog, of ons onderhandel. Dit help nie om te praat oor skiet, terwyl al wat ons doen is om slagspreuke te skreeu nie. Dan is dit beter om aan 'n gesprek met ander politieke groeperinge deel te neem."

Bester sê in Maart verlede jaar was daar 'n konferensie van regse groepe in Noord-Transvaal wat deur sowat 60 mense bygewoon is. Hy het die BWB verteenwoordig.

"Daar het ons die gevolge van 2 Februarie bespreek, die sogenaamde nuwe Suid-Afrika en hoe die magstasie in die land verander het vanweé die onomkeerbareheid van regeringsbeleid. Ons eie grondwetlike voorstelle is bespreek wat later aan die Regskommissie voorgelê is. Ons het gesê ons sal met alle belanggroep moet praat. Later is besluit om met die ANC te praat voor ons nog met Inkatha gepraat het."

Bester sê die eerste ontmoeting het gegaan oor die stel van die historiese aansprake van die Boer en die reg op 'n beskerming van 'n eie identiteit. Die onlangse gesprek het gegaan oor sake soos ekonomiese beleid en die veelpartykongres.

Bester sê: "Daar word nie altyd besef watter ooreenstemmings daar tussen die geskiedenis van ons vryheidstryd en hul eie stryd is nie. Albei van ons is deur die Engelse kolonialiste onderdruk en uitgebuit. Al bestaan die ANC sedert 1912, is mense nie bewus van hoe hulle beleid veral sedert 1986 aangepas en verander het nie."

Bester sê hy en die ander reges is bereid om aan die onderhandelinge deel te neem en sal hul saak stel van 'n eie land en 'n federale stelsel. "Maar as ons eise en regte totaal geignoreer word, dan sal die tyd aanbreek dat ons geen ander uitweg het as om te veg vir ons voortbestaan nie."

Bester is egter optimisties na sy

*Nou vég ons, sê Boerekommando*



Gawie Volschenk

DIE volk het nou geen keuse meer nie. Die regering het hom oorgegee, die volk se regte word vertrap en die kommuniste is besig om oor te neem. Die derde vryheidstryd het begin, 'n stryd waarin lewens ongelukkig opgeoffer sal moet word.

Dit was vandeeweek die woorde van die leier van die Boerekommando, Gawie Volschenk, wat gesê het die bomontploffing by die Pretoriase skool verlede naweek lui 'n nuwe fase van verset deur verregses in.

"Die lewe in die regses is besig om terug te kom. In my eie organisasie sit my manne en wag op die bevel om totaksie oor te gaan. Dit gaan nie meer te lank wees nie, maar uiteraard vertel ek dit nie in die openbaar nie," sê Volschenk, 'n boer van Hendrina in Suidoos-Transvaal.

"Die oorgawe is voltrek. Mense weet al teen dié tyd dat die Staatspresident nie meer kan terugdraai nie en dat 'n kommunisties-geïnspireerde en onchristelike regering ons voorland is. Dit is in omstandighede soos dié dat mense bereid is om die wapen op te neem en bloed vir hulle saak te stort."

Volschenk, wie se organisasie veral in Oos-Transvaal aktief is en deur die politieke konsulent, dr Wim Booyse, as een van die meer aktiewe organisasies beskou word, sê daar is die laaste maande 'n geweldige toename in lidmaatskap van sy organisasie. "Daar is geen beter produk as De Klerk se oorgawe om tans te bemark nie."

Volschenk sê die dae van baniere swaai, toesprake hou en in die openbaar protesteer, is verby. "Dit help nie meer nie. Daar is nou net een uitweg: optrede. Ons sal moet veg vir ons vryheid."

"Ons is in hierdie stadium besig om man vir man vir die stryd voor te berei en die fynerbesonderhede van ons stryd uit te werk. Ons verskyn nie meer in die openbaar nie. Ons is stil-stil besig om ons geestelik en fisiek voor te berei."

"In die dae wat kom, sal ons weer opnuut die situasie beoordeel. Ons sal moet bepaal of die tyd reeds ryp is. Ons sal moet kyk hoe die regering reageer op die bomontploffing. Die eerste aanduidings was nie beoordelend nie; dit is duidelik dat hulle nie meer kan omdraai nie."

Volschenk, wat weier om te sê hoe groot sy organisasie is of hoe dit gestructureer is, sê daar is in die laaste tyd 'n verblydende toename in samewerking tussen ver-regse groepe. "Ons staan nie meer alleen nie. Daar is oral samewerkingskomitees gestig om ons aksies en optredes te koördineer. Ons gaan saam veg - skouer aan skouer."

Volschenk sê die afgelope jaar, waarin verskeie ver-regses in hegenis geneem, aangekla of aangehou is, kan gesien word as 'n tydperk van voorbereiding waarin sy beweging dieper ondergronds beweg het. "Ons het georganiseer en opgelei. Ek kan nou eerlik sê dat my manne opgelei en gereed is."

Op die vraag of sy organisasie bereid sal wees om lewens in die "vryheidstryd" te neem, sê hy: "n Volk moet veg om vry te wees. Ons sal na 'n punt moet gaan waar lewensverlies noodwendig is. Ons sal dit moet aanvaar."

"Die dae van woedende Boere wat baniere swaai, is verby. Nou is ons hoogs opgeleide vegters. Die inhegtenisnemings verlede jaar het ons net meer geestelik weerbaar gemaak vir die stryd wat voorlê."

"Dié stryd is nie tussen swart en wit nie. Dis 'n stryd tussen Christen en nie-Christen, en natuurlik teen daardie mense wat beweer hulle is Christene, maar ons erfgrond aan nie-Christene uitverkoop. Ons kan nie meer te lank wag nie," sê Volschenk. - JACQUES PAUW

gesprekke met die ANC dat 'n ooreenkoms wel moontlik is. "Ons sal net eenvoudig mekaar se hande moet vat en 'n kompromis bereik."

Die BWB se Hoofraad is in Maart vanjaar volledig ingelig oor die eerste gesprek met die ANC, terwyl die leiers-elemente op hoogte gehou is van die tweede gesprek. Bester wil egter nie sê wie die ander regse groepe is wat

by die ANC-gesprek betrokke was nie.

Dit is egter bekend dat die bekende akteur, Schalk Jakobs, by die laaste gesprek met die ANC teenwoordig was as verteenwoordiger van die Boerestaat Party (BSP). Hy is egter daarna summiér deur Robert van Tonder geskors en as "kommunistiese agent" veroordeel.

# 'n Helse hemel

*"Vir 'n skrywer is dit amper hemel op aarde om op dié historiese oomblik in Suid-Afrika te woon. Maar dit is 'n helse hemel."* Enigiemand wat meen die afskaffing van apartheidswetgewing het André P Brink, die Afrikaanse skrywer wat meer as enige ander wêreldwyd gelees word, sonder temas vir romans gelaat, begaan 'n enorme fout. CHRISTELLE TERREBLANCHE het met hom gesels oor sy "nuwe lewe" in die Kaap, 'n kraaknuwe Afrikaanse roman uit sy pen en (*onafwendbaar*) ook oor die Nuwe Suid-Afrika



DIT voel of hy uit 'n groef losgemaak is, sê prof André P Brink, 56, wat onlangs van Grahamstad na die Kaap verhuis het om Engelse letterkunde aan die Universiteit van Kaapstad te doseer.

"Ek voel net asof ek soos 'n fontein skielik uitbars. Dinge gebeur in my en ek doen dinge nuut en ek wil nuwe dinge doen. Van die letterkunde het ek die laaste ses maande meer geleer as in die vorige 28 jaar. Eers as mens ná 30 jaar iets heeltemal drasties nuuts doen, besef jy wat 'n veruwing dit in jou denke kan beteken."

Brink was voorheen 29 jaar lank hoogleraar in Afrikaans aan die Rhodes Universiteit. Met die pos in Engels kon hy sy ideaal vervul om Kaap toe te kom. Dit het vir hom "n soort nuwe lewe" betekend.

En om die daad by die woord te voeg verskyn sy eerste Afrikaanse roman in agt jaar in September - *Die kreef raak gewoond daaraan*. Hy het dit in Kaapstad voltooi. Hoewel Brink se loopbaan sedert die vyftigerjare uiterst produktief was (met 12 romans, verskeie toneelstukke, kortverhaalbundels, literêre werke en talle ander agter sy naam), was sy pen sedert die vroeë tagtigerjare besonder stil. In 1988 is sy enigste roman uitsluitlik op Engels, *States of Emergency*,

met heelwat kritiek ontvang en as 'n soort "eksperimentele auto-biografie" afgemaak.

"Mense het daarin gelees net wat hulle wou lees," sê Brink. En oor die aantyngings dat hy sy rug na Afrikaans gekeer het, sê hy: "Dis bols. Ek gaan voort om in Afrikaans te skryf. En elke keer as ek dit doen, vind ek net weer watter heerlike ondervinding, avontuur, dit is om in dié taal te werk."

"Op die oomblik, dink ek, ondergaan Afrikaans een van sy mees kreatiewe periodes. Ek dink dié losbreek van die establishment, van voorskrifte en purisme, is dalk belangriker as in die jare vyftig toe Uys Krige gesê het Afrikaans is nou in die tyd waarin Engels in Shakespeare se tyd was."

"Afrikaans is besig om hom heeltemal uitdagend en uitbundig los te maak van sy kniehaltering aan apartheid en 'n bepaalde ideologie. Dit gaan beslis nie 'n ampstaal bly nie en ek is bly daaroor. Want dit is ampelheid wat Afrikaans in gevaar bring het. Hy sal bly as hy gewoon die taal is wat mense praat. Ek is glad nie ongerus oor die taal nie."

Maar Brink meen die dosering in Engels het hom persoonlik ook uit 'n sekere establishment van "klein binnegeeggies" gehaal. "Ek dink die gevegte kan kreatief

wees - maar in Afrikaans raak dit op die lang duur vreeslik onverkwikklik, omdat dit so 'n klein opset is waar jy byna nooit 'n gesprek het waar dit net om die idees en standpunte gaan nie, maar op een of ander manier altyd ook persoonlikheid daarby betrek."

"Dit is asof ek kan asemhaal omdat ek in sekere sin daaruit is - maar op 'n manier sal of wil ek nooit daaruit wees nie."

Brink gaan ook voort om "betrokke" te skryf. As deel van die Sestiger-stroom het hy in die vroeë sewentigerjare die eerste "politieke" roman in Afrikaans die lig laat sien - *Kennis van die aand*. Dit was ook die eerste Afrikaanse roman wat verbied is. Maar Brink is nie heeltemal tevrede om net as "betrokke" romanskrywer gekategoriseer te word nie.

## 'PRIVATE ACHÉ'

"Daar was die debat oor die 'private ache' versus 'betrokkenheid', verduidelik hy. "Maar dit is nie net 'n kwessie dat daar vir albei plek is nie. Ek sien betrokkenheid self as 'n 'private ache'. Omdat apartheid my seergemaak het, en my vriende seergemaak het, omdat ek die dinge gesien het wat met Breyten gebeur, mense wat in die

tronk beland het, mense wat verdwyn het en mense wat dood is, hoe my eie gesinslewe in baie opsigte in die jare sewentig ontwrig is, het dit my 'private ache' geword."

"Ek lewe in so 'n dimensie dat my private lewe saamval met die dinge rondom my - en uit dáárdie bewussyn skryf ek. Die jare tagtig, waaruit die nuwe roman voortgekom het, was 'n tyd waarin ek meer as die gewone met mense en individue binne die ANC kennis en vriende gemaak het - en hulle seerkry, dit wat met hulle gebeur het, het my diep aangegryp."

"Dit het dit vir my nodig gemaak om iets omrent daardie lewe te vertel - sodat mense bietjie kan verstaan van wat mede-Suid-Afrikaners deurgemaak het."

Die roman is nie 'n apologie vir die gewapende stryd nie, sê Brink. Trouens, hy beklemtoon dat die roman - in hoofsaak 'n besinning oor geweld binne 'n historiese konteks - hom opnuut laat nadink het hieroor. "Ek het met ander insigte oor geweld uit die roman gekom as waamee ek daar ingegaan het."

Hy het die roman in die vroeë tagtigerjare begin (die eerste hoofstuk is reeds gepubliseer as *Die eerste lewe van Adamastor*) met die idee om te probeer vasstel watter

rol geweld deur die loop van 13 geslagte Afrikaners gespeel het. Die roman voer ook die bruin en swart kant van die saak na 'n paar eeuwe voor Van Rebeek terug.

"Van 1984 af, met die woelinge in die land, was dit 'n lang tyd gewoon nie moontlik vir my om te skryf nie," sê Brink. Die intens persoonlike ervaring van die ontwrigtings tydens wat hy as "die donker dae van apartheid" bestempel, het egter tot *States of Emergencies* geleid. Dis 'n soort dagboek van die tyd, sê Brink.

## HEIN GROSSKOPF

Maar die ander roman het op die agtergrond bly vra om geskryf te word. Die sneller was Hein Grosskopf, sê Brink, hoewel die roman niks met hom te doen het nie. "Toe ek sien hoe reageer die ministers, die polisie, die koerante en gewone Afrikanermense daarop [Grosskopf se vermeende bomaanval] - sonder dat hulle weet of hy hoegenaamd in die land was, het hulle aangeneem dat hy 'n 'terroris' is - moes ek my afvra wat beteken 'terroris' dan. Toe het my roman in daardie rigting begin gaan: om spesifiek te ondersoek wat dit aan mense kan doen en hoe dit gebeur dat selfs goede ordentlike Afrikaners uit Christenhuisse daartoe gedryf word om bomme te plant."

Die hoofkarakter is 'n aktivis wat 'n bom wil plant om die Staatspresident op te blaas en hy probeer die geskeidenis van sy familie so skrywe om vas te stel waar dié bom vandaan kom. Is dit iets wat 'n lont het wat eintlik deur 13 generasies terugstrek?

"Op 'n manier het dit begin waar ek gaan sit het om te begin skryf. Ek wou geweld nie regverdig nie, maar 'n verduidelikking daarvoor gee. Maar toe begin 'n ander karakter 'n baie sterk rol speel - 'n vrou wat saam met die hoofkarakter op vlug is en weier om geweld in enige vorm te aanvaar. Sy wil die bestel uitroeï, maar nie met geweld nie - want dan vernietig mens jouself ook in die proses, meensy. Deur die manier waarop haar standpunte in die roman ontwikkel het, dink ek, het my standpunte ook heeltemal verander. Vandag kan ek geweld nie aanvaar nie."

"Maar of 'n mens wil of nie, of jy vir geweld is of nie, dit was die vrees vir die bestaan van geweld wat ook vandaag hierdie land gebring het waar hy is, soos geweld nou op die punt staan om die hele ding te bedonner."

"Wanneer geweld eintlik een van die enigste tale is wat gepraat word, wanneer jy in gewone taal nie meer kan sê wat jy wil sê nie, dan het jy 'n situasie van totale magteloosheid bereik, waarvan net geweld iets kan uitdruk."

Brink sê die dag ná Nelson Mandela se vrylating het 'n koerant aan 'n groentevekker op Grahamstad gevra wat sy daarvan dink. Sy het gesê sy sukkel steeds om haar groente te verkoop. "En dit is dárdie gevoel onder swartmense - dat almal van verandering en bevryding praat, maar dat hulle nog niks daarvan gesien het nie. Aan die ander kant is 'n jeug wat grootgeword het met geweld as 'n normale ding. Dit sien ek as die twee groot ervarings wat uitgedruk word deur ons geweld."

"En ons moet verskriklik vinnig, doelgerig en op baie breë skaal aandag gee aan die oplos van frustrasies wat armoede betref. Een van die beginpunte sou wees dat die regering amptelik erken: 'Ons was verkeerd en ons wil anders doen'. Tot De Klerk dit doen, gaan hierdie frustrasievlek nie genoeg daal nie. Dit word steeds maar gesien as die paar witmensetjies daarbo wat besig is om veranderinge op die oppervlak aan te bring, in 'n situasie waar mense sien bevryding begin nou moontlik raak."

"En bevryding moet in die eerste plaas vir hulle bevryding op 'n menslikevlak wees, in die manier waarop hulle leef. Dit is 'n verantwoordelikheid wat by die regering lê."

## SANKSIES

Dit is een rede waarom Brink meen ekonomiese sanksies word te gou opgehef. "Ek sou eintlik saam met die ANC wou sien dat dit nog 'n tydjie aanhou. Want Pik [Botha] se gesprek verlede week met die Amerikaner [Randall Robinson van Trans-Afrika] was weer vir my 'n openbaring. Pleks dat die

man [Botha] doodrustig erken dat sanksies ons seergemaak het en dat ons dárom moes verander, hou hulle nog vol met hierdie woera-wara soos daai domine van Adam Small op die preekstoel, en probeer die onverdedigbare verdedig.

"Dit is wat ek nog steeds teen De Klerk het. Hy dink nog steeds apartheid het net nie gewerk nie, en nie dat dit in sy wese boos en verkeerd en misdag was nie. En tot sulke mense by die punt kom waar hulle dit kan erken, sal ons probleme in hierdie land hê."

"Dit val saam met 'n obseniteit van buite - en dit is dat Westerse gemeenskappe eintlik diep in hul harte ook rassies is, hoewel hulle dit ook nie erken nie. En hulle wil vreeslik graag sien dat 'n blanke seggenskap in ons toekoms behoue bly, want hulle sien dit as 'n veilige waarsborg vir hulle beleggings. Daarom steun hulle De Klerk."

Brink meen volgehoue sanksies sou samesprekings 'n bietjie kon aanhelp. Maar hy het ook 'n appeltje met die ANC te skil. "Terwyl dit nou 'n voldonge feit is [dat sanksies opgehef word], moet mens as politikus - ek praat nou van die ANC, want ek is nie 'n politikus nie - miskien maar die spel aan die praktiese kant speel. Hulle moes eerder self die inisiatief geneem het en gesê het: hef nou sanksies op. Dan het hulle baie sterker uitgekom, maar nou is hulle verloorder.

"Hulle het die politieke spel die afgelope agtien maande baie dikwels baie sleg gespeel ... en ek sê dit met piëteit en nie soos Breyten met wrok en seerkry en aanvalle nie, al kan ek ook sy standpunt verstaan, want ek is lief vir Breyten - maar ek sê dit met agting en 'n wil dat hierdie manne wat uit die tronk uitkom, alles verdien wat hulle kry in terme van eer. Maar dit is jammer dat die ANC die afgelope agtien maande 'n gerontokrasie was van ou manne wat nie werkliek in voeling was met die grassroots nie."

"Hulle het aan iets bly vasklou wat op sigself 'n goeie saak was, maar in politieke terme eenvoudig 'n dooie perd was."

Hoewel Brink sedert 1984 openlik - in Suid-Afrika sowel as oorsee - sport- en ekonomiese sanksies gesteun het, selfs toe dit ontwettig was, dink hy anders oor die kultuurboikot.

"Kultuur is vir my daardie gebied van 'n gemeenskap waar betekenis geproduseer word, waar jy kan glo in die moontlikheid van die verandering van mense se gesindhede as jy kyk na die lewe en die mag van idees. Ek glo dat Suid-Afrika gebombardeer moet word met idees, eerder as om deur isolasie die benepenheid en oudtydsheid te versterk wat juis soveel probleme meebring het."

In sy gesprekke met die ANC en ten tyde van die Skrywersgilde se Watervalberaad het hy ingesien "hoe maklik die kultuur misbruik kan word - ook deur skrywers, as hulle eenvoudig klakkeloos voortgaan met die produsering van hulle werk".

Met die uitriling van kunstenaars en akademici van ander lande, sê Brink, het baie mense die land binnekommuniste wat eintlik groot ondersteuners van apartheid was. Dit het hom genoeg om die boikot te steun.

"Maar nou met die baie vinnige ontwickellings sedert 1989 - wat natuurlik nie naastenby ver genoeg was nie - het ons weer 'n situasie bereik waar vryer uitwisseling van idees nodiger as ooit tevore is, ter wille van die moontlikheid om ons toekoms meer demokraties te kan beplan. Daarom dink ek die kultuurboikot is vandag iets van 'n anomalie."

"Die vernaamste rede daarvoor is die manier waarop die boikot toegepas is deur die 'cultural desk'. Dit het ongelukkig meegebring dat sommige mense - nie almal nie, maar sommige wat baie min van kultuur geweet het en mag na hul kop laat gaan het - begin het om septertjies te swaai, links enregs te besluit en presies dieselfde rol te speel wat die NP se sensuurbedeling gespeel het."

"Sulke mense kan ek nie aanvaar nie - soos Athol Fugard verlede jaar gesê het: 'I refuse to take orders from a cultural commissar.' Hulle het 'kulturele werkers' geword - 'n term wat deur Stalin in omloop gebring is en daarom is ek agterdogtig daaroor."

## G'N MARXIS NIE

Brink sê hy staan baie minder agterdogtig teenoor die SAKP as baie ander en verwerp die "kommuniste-jag" wat aan die gang is. "As ons kyk na wat in die res van Europa gebeur het, laat die ding maar sy stuiprekings gee en laat hulle self ontdek hoe uit pas hulle is. Ek dink daar is in party opsigte sekere individue onder hulle - mense soos Mac Maharaj en selfs Joe Slovo - wat inderdaad binne ons konteks 'n baie belangrike bydrae as kommuniste te lever het."

"Ek was nog nooit 'n Marxis nie, en het 'n yslike agterdog daarteen. Ek vind dat dit soos die Christendom wonderlike dinge op papier belowe - maar albei het misluk omdat hulle gewys het hulleen hulle in die praktyk tot uitbuiting."

Brink sê die ANC-konferensie se begunstiging van die middel-geslag leiers stem hom besonder positief omdat dié mense meer in voeling is met grassroots- en ook Afrikaner-denke - "die mense wat nog die mag hou".

As die skrywer van talte romans waarin die hoofkarakter 'n soort belydenis ondervind, beklemtoon Brink weer eens die belangrikheid daarvan dat die regering bely en dat restitusie onafwendbaar daarmee saamgaan. "Jy kan nie regtig restitusie kry as jy dit net om pragmatiese en strategiese redes doen nie," sê hy.

"Ek het baie respekte vir wat De Klerk gedoen het, maar sy denke is basies nog wit. Hy dink nog basies in terme van blanke

betrokke was by bewegings, maar kuns as individue voortgebring het.

"Baie van die skeppende individue in die land dra in hul bewussyn die vreeslikheid van apartheid met hulle saam en as hulle daaroor skryf, soos ek self met *Droë wit seisoen* en soos Nadine Gordimer ook gesê het, doen hulle dit nie as 'something out there' nie. Die politiek het déel van ons geword."

"Maar mens moet die rol van die kunstenaar ook nie oordryf nie. Dit werk indirek en stadiig. Ons sien dit in wat nou gebeur: die apartheidswetgewing is afgeskaf, maar die apartheidmentaliteit is nog daar. En dit is tot dárdie mentaliteit dat 'n kunswerk hom rig - om dit stadigaan te verander en te verbreed en af te breek waar dit nodig is."

Brink, wat as gevreesde resensent nie altyd ewe gewild by mede-skrywers is nie, hou vol dat hy in en van sy tyd skryf en dat sy jongste roman ook daarstaan. Hy sê hy verwerp die vernuwings van Sestig nou net so sterk as sy critici, wat sy werk soms as populêr en vasgevang in oudtydse oeuvres afmaak.

"Ek wil graag hoop dat ek min of meer bygebly het. Maar dit is die probleem van die dekadisering van ons letterkunde. Soos in die jare sestig - toe Van Wyk Louw se *Tristia* feitlik die mees vernuwende werk in die literatuur was, terwyl hy eintlik kamma tot 30 jaar tevore behoort het. Soos *Kennis van die Aandin* sy tyd die eerste Afrikaanse politieke roman was om weg te bree van die totale politieke onbetrokkenheid en



en selfs Afrikaner-strukture en behoud van mag. Hy besef nie dit is nie vir hom om te bepaal wat in die toekoms gaan gebeur nie. De Klerk moet deur sy aksies nou en deur regstelling van aksies wat in die verlede gedoen is, 'n situasie skep waaruit 'n meerderheidsregering vir die blanke 'n aandeel sal wil gee.

"Maar deur te probeer bepaal wat in die toekoms gaan gebeur, is hy net besig om die toekoms onder sy eie voete uit te grawe. Ek soek nie die melodrama en soppykeit van 'n Buthelezi se trane nie, maar die filosofiese en morele insig wat met so 'n verandering gepaard gaan."

Sal 'n erkenning dat dié transformasieproses nog nie in sig is nie kunstenaars tot 'n groter betrokkenheid bly dwing, soos in die afgelope dekade of wat? "Ongetwyfeld," sê Brink, "Maar ek sou dit eerder wil formuleer dat hulle betrokke sal bly as hulle moet. Want die oomblik dat jy voorskriflik optree teenoor die kunste, kry jy die situasie wat jy met die kulturele kommissaris gehad het."

"Die probleem is doodeenvoudig dat die kunstenaar in die eerste plaas vanuit 'n persoonlike gewete praat - soos baie groot kunstenaars deur die jare, soos Solzjenitsyn, Mandelstamm en die Suid-Amerikaners, wat

Europeesgerigtheid, het ek in dieselfde tyd werk gelewer wat die eerste post-modernistiese tekste in Afrikaans was."

Brink sê egter sy nuwe roman lyk, "op die oppervlak in elk geval", na 'n "goeie oudtydse storie". "Want ná die belangrike en soms uitspattige eksperimente van die post-modernisme, lyk dit al hoe meer asof die roman wêreldwyd besig is om terug te gaan na 'n storie toe. Dit is 'n ou drang van die mens om na stories te wil luister. En vir my is die vertel van 'n storie, met hartseer, spanning en gevaar, alles deel van menswees. Ek dink ek sal al hoe meer in daai rigting skryf."

Hoewel sy vorige romans hoofsaaklik binne Suid-Afrika en ook in Europa speel, kies die jongste werk koers na Afrika. Die hooffiguur, sê Brink, is iemand wat vanweë sy betrokkenheid by die ANC heelwat in Afrika en ook in die Oos-Europese lande gereis het. Hy kon dit verbind met sy eie reise in die vyftigerjare en weer die afgelope dekade in Afrika-lande - reise wat hy as 'n voorreg beskou.

"Die landkaart van die roman is 'n wêreldkart," sê hy. "Maar die fokus is Suider- en spesifiek Suid-Afrika. 'n Mens se eie bly maar altyd die uitgangspunt."



# DELTA CONNECTION

TEL: 29-2381 - 268 COMMISSIONER STREET, JHB ask for: Felicity, Piet or Jana




**NEW OPELS FROM R580.00 P.M. excl. GST. NO RESIDUAL. NO DEPOSIT**



## 16V SPECIALS

Opel Kadett 16V from R860 pm  
 Opel Kadett 16V Superboss from R929 pm  
 Opel Kadett 16V CD from R999 pm  
 Opel Monza 16V CD from R1038 pm

Free 4 year maintenance & warranty  
 20% Deposit  
 40% Residual



**NEW ISUZU'S FROM R650.00 P.M. excl. GST. NO RESIDUAL. NO DEPOSIT**

# 'US distorts the realities of SA'



**KOBUS JORDAAN**, the *Democratic Party's MP for Umhlanga*, this week turned down an invitation to visit the US as a guest of the government because of the highly controversial statements made by a senior US official on South Africa. He explains his reasons

AMBASSADOR Bill Swing invited me in September last year on behalf of the United States Government to visit the United States of America on an International Visitor grant from the United States Information Agency. I indicated at the time that I would gladly accept the invitation and that I was highly honoured and pleased to visit the US again.

All arrangements were finalised and I was supposed to leave for the US on 26 July 1991. Unfortunately I had to reconsider my acceptance of the invitation as a result of statements made by especially Mr Herman Cohen, assistant secretary of state for African Affairs, when he took questions to provide details of the decision of President Bush to lift sanctions imposed by the Comprehensive Anti-Apartheid Act of 1986 (CAAA).

Statement 1: In answer to a question whether the US was satisfied that the SA government was in no way involved in perpetrating black-on-black violence, the following statement was made: "We have looked at all of the accusations. We have deployed our own resources to find out. We have seen no evidence that SA government entities are supporting black-on-black violence. This does not exclude the activities of private citizens which we're not aware of. But we have seen no evidence that the government entities are doing anything in that line."

Any serious student of South African politics will reject this statement with the derision and contempt it deserves. I do not for one moment suggest that President De Klerk is party to the present destabilisation of black politics. As a matter of fact I believe that his own position has been weakened by the black-on-black violence. Whether this is done with the knowledge of some members of the cabinet is not clear.

Acting on hard evidence and sound information I put a series of questions in parliament to the State President and the ministers of Defence and of Law and Order regarding state assistance to system political groups and parties. All these questions, accompanied by uncomfortable body language, where evaded by saying that it was not in the interest of state security to divulge the information. The same approach was originally followed with the CCB.

The Swannieville massacre is another case in point. Excellent reports on state involvement in the violence have appeared in *Africa Confidential* and *The Independent*. It actually smacks of the situation which we had in the

mid-seventies when any involvement in Angola was denied by all and sundry but was common knowledge to overseas journalists and agencies.

Statement 2: "We feel that all political prisoners or prisoners of conscience are now out of prison." The SA government was requested, however, to put pressure on the government of Bophuthatswana to release their political prisoners.

It is accepted that the US definition of a political prisoner differs from that agreed to by the ANC and the SA government. Within the agreed definition there is no question that all prisoners had not been released. Apart from this the SA government has muddled the issue through the ostentatious release gesture of goodwill towards hard criminals and murderers.

The request by the US administration to the SA government to put pressure on the Bophuthatswana government to release political prisoners is inexplicable. Apart from the fact that the US does not recognise Bophuthatswana, a large proportion of those prisoners are there as a result of the SA government's direct intervention in the attempted coup to overthrow the Mangope government.

Statement 3: The SA government appears to be honestly and genuinely committed to creating a non-racial democracy in SA.

If this statement was made during the latter half of 1990, one would have been generally inclined to agree with it. Of late, however, there has been disturbing signs from the government politicians and supporting media that they have decided, under pressure from the security establishment and security-orientated members of the cabinet, but also as a result of opinion polls indicating rising support among all communities for the State President and the "onverteerbaarheid in Afrikanerkringe van die SAKP" to go for a competitive transition in alliance with other "moderates". This most probably explains the attitude of "we need the ANC to legitimise the negotiation process leading to the new constitution, but unless they dump the SACP fairly soon, we shall crush them".

In the latest issue of *Rapport*, Ebbe Domisse, editor of *Die Burger*, indicated strongly that the security forces will not allow "radical blacks" (ANC) to take over the government of SA even if they win an election.

I sincerely believe that it is in the interest of all to allow the ANC to be built as a strong and hopefully adaptable organisation that will be prepared to compromise

during negotiations. Their recent congress showed extremely hopeful signs in this respect. Any compromise reached with organisations and parties which are perceived in the eyes of a major portion of the population not to be representative, despite possible acceptance by the outside world, will almost certainly lead to a new round of repression, albeit in a different guise.

The "pact mentality" of the National Party is vividly illustrated in employing "a facade of legality" by pushing legislation through parliament to broaden decision-making during transition as borne out by measures such as the Bill on interim local government and the Development aid amendment bill. Such an arrangement will be non-racial but most definitely not democratic nor legitimate. All interim structures should be the result of negotiation with all parties.

Lest I be misunderstood, I have to state categorically that I fully support President Bush's decision to lift sanctions imposed by the CAAA. It cannot be denied that sanctions did play a role in forcing the SA government's hand to accelerate the process towards inclusive democratic government in our country.

In the process sanctions hurt the deprived and voteless communities to a far greater extent than the privileged minority. What hurt these communities as well as other South Africans even more were home-grown abject economic and politi-

cal policies and ideologies which discouraged both internal and external investment. This can only be rectified by South Africans themselves in demonstrating to all and sundry that we can govern ourselves sensibly.

Foreign governments and especially the leading Western government as represented by the Bush administration should at all times attempt to enhance the process towards "sensible" government which in turn would lead to the eventual provision of housing and educational needs and the provision of employment for everyone.

Against this backdrop the statements of the US administration should be evaluated. I want to make it abundantly clear that I do not for one moment believe that these statements emanate from information supplied by Ambassador Bill Swing and his staff. I came to know him, the previous consul in Durban, Tex Harris, as well as his successor, Bismarck Myrick, as objective diplomats with an extremely good feel for the SA dilemma and with a good rapport with actors across the political spectrum.

In no way would they describe the elephant which is SA like the proverbial Indian blind man as either a snake, a tree, a wall or a rope. One actually gets the impression that the US administration has lost its way in understanding the present political situation in SA.

Conclusion: It is essential for the two major players on the SA political scene - the NP and the ANC - to search their own hearts. They must stop undermining each other and scoring petty debating points against one another. They must truly put South Africa and all its people first. The same applies to all other parties - inside our country as well as abroad. It is essential for outsiders to scrupulously refrain from taking sides. As a matter of fact, the possibility of damaging the whole process of negotiation by giving the NP and its allies a false sense of security is indeed real.

As much as I would have loved to visit the United States and share my dreams and ideals for my country with the American people, my conscience does not allow me to accept US state funds as long as the present administration continues distorting the realities in SA. I have no option therefore but to pull out of the proposed visit.

\*The head of the National Party's study group on foreign affairs, Renier Schoeman, said Jordaan was "nothing but a muffled echo of much of what is being said by the enemies of South Africa in the US," reports Sapa. "In my view, Mr Jordaan is aiding and abetting these enemies in discrediting his own country in this disgraceful way. The DP should repudiate Mr Jordaan and knock him off his opportunistic fence once and for all," Schoeman said.

## Vrye Weekblad

Om by te bly met die vinnig veranderende tye is deesdae nogal moeilik. Om vóór te bly, het jy **Vrye Weekblad** nodig. Teen net 30,8 sent per dag. So: vul dié vorm nou in en stuur saam met 'n tjek of 'n posorder vir R110 (*vir 'n jaar, AVB en aflewing ingesluit*) of R50 (*vir ses maande, alles ingesluit*) aan

**Vrye Weekblad Verspreiding, Posbus 177, Newtown 2113. Vandag nog.**

Naam.....


Adres.....

.....

Poskode.....

# Dié raaisel hang nog in die lug

*Erken dit maar -* jy het óf self een gesien óf jy weet van iemand wat een gesien het óf jy weet van iemand wat iemand ken wat een gesien het. Hoewel wetenskaplikes tot 99 persent van alle **Vreemde Vlieënde Voorwerpe** kan verklaar, bly die oorblywende een persent onverklaarbare verskynsels van die hemelruim een van die groot onopgeloste raaisels van die twintigste eeu. **PEARLIE JOUBERT** *het gaan rondvra oor dié een persent*



Dié vreemde lig bokant die Hillbrow-toring is in 1978 gefotografeer. Die verskynsel is nou nog nie verklaar nie. (Foto: Planetarium, Johannesburg)

HET Maria en Josef toe al die tyd agter 'n vreemde vlieënde voorwerp (en nie 'n groot ster nie) aan getrek Bethlehem toe? Is die dinosourusse deur VVV's uitgewis? Het die sakeman van Greenside in Johannesburg nou die dag 'n spinnerak of 'n VVV gesien? Oor dié soort vrae sal kenners, wetenskaplikes, gelowiges en sterrekundiges seker nooit ophou stry nie.

Maar geslagte lank reeds beweer mense op al die vastelande dat hulle VVV's sien. Van rationele mense wat nie meer "glo" nie tot studente, ou mense en kinders is daarvan oortuig dat hulle al VVV's gesien het - of dalk net iets wat nie'n verskietende ster, 'n vliegtuig, weerballon of meteoor is nie.

Een verhaal van VVV's wat wyd opspraak gewek het, was die verskyning van "hemelse versterkings" tydens die Eerste Wêreldoorlog. Tydens die Slag van Mons is 'n klein Engelse vloot blykbaar "gered" van die Duitsers deur 'n "hemelse versterking". Die storie loop dat 'n mag van die hemel skielik tussen die Duitsers en Engelse gestaan het.

en wonderlik soos die stories dat pampoen 'n mens rooi wange en kruihare gee.

Selfs die skielike verdwyning van die dinosourusse byna 65 miljoen jaar gelede nadat hulle meer as 140 miljoen jaar op aarde geleef het, is al verbind met VVV's. Een van die teorieë oor hoe kom dié spesie uitgesterf het, is dat inwoners van vlieënde pierings dié diere uitgeroei het.

Verhale oor VVV's is so oud soos die mensdom self. Die meeste verhale en aanmeldings van VVV's kom uit Suid-Amerika en seslig persent van alle aangemelde VVV-verskynings vind saans tussen agtuur en tienuur plaas.

Daar's verslae oor VVV's wat net langs die cement-hoofweg in Florida Hills in Johannesburg gewaar is, en oor ligballe oor Randburg, Constantia Park in Pretoria, die noorde van Johannesburg, Malmesbury in die Swartland, die Karoo - uit al dié plekke het mense geskryf en vertel van hul ervaring met iets uit die hemelruim wat vir hulle onverklaarbaar was.

Maar, sê die direkteur van die Planetarium, Thomas Geary: "Ek moet nog eers 'n VVV sién om te glo dat so iets bestaan." Op 22 Julie 1985 is twee BAE Hawk MK 60's uit Suid-Afrika ontbied om 'n "oranje, stervormige voorwerp" bokant die Bulawayo lughawe te ondersoek. Lugverkeer is 'n paar uur vertraag en albei vlieëniers het agterna vertel van dié vreemde voorwerp, wat op drie verskillende geleenthede waargeneem is. Ander offisiere by die lughawe het ook die voorwerp gesien.

Later het dit bekend geword dat ses mense op verskillende tye die voorwerp gesien het. Die beskrywings van die voorwerp het egter gewissel en twee mense se beskrywing het ooreengestem met 'n voorwerp wat in Oktober 1983 deur honderde mense in Rio de Janeiro in Brasilië gesien is. Dié voorwerp, het die Brasiliaanse

regering egter later gesê, was 'n Suid-Afrikaanse weerballon.

Hoewel die weerballon-verklaring amptelik aanvaar is as verduidelik vir die oranjerige verskynsel, het dit nie al die vroue beantwoord nie. Die "ballon" het byvoorbeeld in 'n noord-ooste-like rigting beweeg terwyl die wind in 'n suidoostelike rigting gewaai het. Die "ballon" het ook 'n lang tyd op een plek stilgestaan en het skielik verdwyn en is nooit weer gesien nie.

Vroeg in 1979 het 'n Kragersdorpse verpleegster gesê 'n VVV het nabij haar huis geland en sy het kontak gemaak met "mannetjies" wat uit die VVV gesprong het.

Nadat die bebaarde "leier" van die groep van vyf of ses korterige, maar mannetjies "Hallo" gesê het, het hulle weer in hul metaalkleurige, eivormig voertuig gesprong en verdwyn. Die verpleegster, Megan Quezett, het gesê sy glo nie in VVV's nie en dat dié mannetjies dalk Russies of Chinees is.

Die internasionale VVV-histerie was egter nie die gevolg van Star Wars of ET nie. Dit het al in die laat dertigerjare posgevat toe Orson Welles 'n radio-weergawe van HG Wells se War of the Worlds oor 'n Amerikaanse radiostasie uitgesaai het. Die verhaal van die Mars-

manne se aanval op die aarde is só lewensgetrou gedramatisieer dat mense gemeen het hulle luister na 'n nuusberig en uit die stede gevlug het.

Eers in 1952, toe onverklaarbare ligte bokant die Wit Huis gesien is, het mense ernstig bekommer begin raak oor dié onverklaarbare verskynsels in die hemelruim. Amptelik, tot daardie tyd, is byna alle dergelike verskynsels verklaar as weerballone, vliegtuie of meteore wat die aarde se atmosfeer binnekoms. Dié Wit Huis-ligte het egter die Amerikaanse lugmag gedwing om te begin met Project Blue Book - wat nie veel meer as 'n oefening in openbare betrekkinge was nie.

In die laat sewentigerjare het 'n opname in Amerika gewys dat nege persent van alle volwasse Amerikaners glo hulle het in die een of ander stadium van hul lewe 'n VVV gesien. Dit beteken byna 13 miljoen VVV's is al "gesien".

Die Amerikaanse lugmag se Project Blue Book en die staatsgesubsidente VVV-studie (Condon Report) het in die jare sewentig nasionale paniek oor VVV's probeer voorkom deur in hul verslae te "demonstreer" dat VVV's geen bedreiging vir staatsveiligheid is nie.

Hulle het egter nie bewys dat VVV's nie bestaan nie.

Vreemde vlieënde vrou - of VVV-kenner?

# Elizabeth Klarer ...



In Johannesburg werk die 80-jarige **Elizabeth Klarer** nou ywerig aan haar tweede boek oor Vreemde Vlieënde Voorwerpe en ander besoekers uit die buitenste ruimte. Wanneer haar werk "hier op aarde" afgehandel is, sê sy, gaan haar man, *Akon*, haar uit die ruimte kom haal. Was dit dalk hy en sy mense wat die laaste paar weke verantwoordelik was vir allerlei vreemde verskynsels in die lugruim bo die Witwatersrand? **ADRIAAN WASSENAAR** het met Klarer gaan gesels naby die plek in Natal waar sy *Akon* gereeld ontmoet

**ELIZABETH KLARER** glimlag met 'n geheimsinnige "Ek-het-julle-mos-altyd-gesê" uitdrukking oor die vreemde vlieënde voorwerpe wat Johannesburg en die Vaalrivierhoek die afgelope twee weke op hol het.

Sy is die fraaie, vreemde vrou van Johannesburg wat dikwels op televisie gesien en oor die radio gehoor word wanneer sy ernstig en vol geloof vertel dat sy met 'n wese van die buitenste ruimte - Akon - "getroud" is.

Nou pas het die TV-nuus kykers 'n bewegende ligstrook in die vorm van 'n sigaar gewys wat deur Doug Richard van Greenside op videoband vasgelê is.

En talle oproepe word ontvang oor "ongewone" dinge wat in die lug gewaai is.

Die adjunk-direkteur van die Wits-Planetarium, Mary Fitzgerald, beskryf Richard se waarneming van 'n VVV as "een van die mees fassinerende wat ek nog gesien het, waarskynlik een van die egtes ooit".

Glen Veale, 'n onafhanklike VVV-navorser, meen die verskynsel op die videoband is " 'n soort plasma-verskynsel ... nie die gewone soort skyf of sfeer van moere en boute wat ons gewoonlik sien nie".

Wat is dit wat Klarer van al dié dinge "weet"? Sy vertel dat sy en Akon mekaar gereeld op 'n plato in Natal ontmoet.

Dat hulle elke dag kommunikeer.

Dat hulle selfs 'n kind het wat soos sy pa - baie ligjare ver in die ruimte woon.

Klarer (80) is een van Suid-Afrika se voorste kenners van VVV's en wesens van die buitenste ruimte. Haar aansprake kry wêreldwyd aandag en sy is selfs na Europa gevlieg om 'n konferensie oor haar ervarings toe te spreek.

Sy het al een boek gepubliseer en werk aan 'n tweede.

Klarer vertel opgewonde dat sy nou met 'n rolprentvervaardiger onderhandel wat 'n prent oor haar lewe wil maak. Met dank Richard Chamberlain in die rol van haar ruimte-man en Meryl Streep as Elizabeth Klarer.

Sy woon in Johannesburg, maar pak gereeld die moeisame uittog na die Natalse middellande aan om daar - en net daar - met Akon te kommunikeer.

'n Paar weke gelede was sy weer in Natal om op haar suster se plaas te gaan uitrus - en om na haar 'ruimte-familie' te wees.

Op uitnodiging het ek vir haar gaan kuier om meer te hoor van die vrou wat Suid-Afrika internationale aansien gegee het sover dit VVV's betref.

Dis 'n reënnerige dag toe ek die pad van Cathkin Park se geweste toe in die noordwese van Natal.

Buite sif dit sonder ophou neer op die grasgroen natuurskoon - amper iets van Skotland met dorpies soos Dargle, Balgowan, Lidgetton en Rosetta in die wasige mis.

Voor die rooidakhus op die plaas Single Tree staan 'n pragtige ou denneboom, maklik ses verdiepings hoog, soos 'n vuurhoutjie geknak en versplinter.

In vervoering staar Klarer van die stoep af, handjies gevou en pêrels om die nek, na die mistroostige toneel en sê plegtig: "Dis Akon se werk, hy is woeend."

Akon?

Elizabeth Klarer kyk verby die ongeloof in my skeptiese oë en gaan ongestoord voort: "Ja, Akon my man, die astroloog-fisikus van die planeet Meton, vier en 'n half ligjare van die aarde af."

Sy glo sy is onsterflik en maak nou reg om na hom te gaan. Dit kan enige dag gebeur. Sy moet net haar werk hier op aarde voltooi - dan kom haal hy haar in sy ruimtetuin, vertel sy.

Langs haar sit Piroska Clements, 'n Truk-sangeres wat aanbiddend luister hoe Klarer die verhaal kalm en rustig vertel.

Clements glo sy is 23 jaar gelede uit haar geboorteland, Hongarye, "gestuur" om Klarer te ontmoet: "Sy is die belangrikste mens in my lewe. Nadat ek haar tien jaar gelede ontmoet het, weet ek dat ek tuisgekom het. Ons sien mekaar so dikwels moontlik en ons praat altyd net oor die buitenste ruimte. Haar boek, Beyond the Light Barrier, is my bybel."

Klarer sê sy is in die berge naby Howick die naaste aan Akon. Noem dit maar Akon-wêreld. Daar gaan mediteer sy om met hom in verbinding te tree.

Dis waar sy as kind eendag op haar rug gelê en na die lug gekyk het. Toe het sy almal verstom deur uit te roep: "Daar is mense daarbo!"

Daarna het sy as jong getroude vrou wesens van die buitenste ruimte ontmoet, vertel sy - en uiteindelik die wonderlike liefde van Akon ontdek. Hy besoek haar gereeld, neem haar op reise weg in sy ruimtetuin en in 1959 het sy selfs 'n seun vir hom gebaar.

Juis gisteraand, gaan sy voort sonder om 'n oog te knip, het hulle weer "gekommunikeer". En elke jaar op 7 April gaan sy na die hoë plato in die Drakensberg om naby Akon te wees. Elke jaar hoop sy: miskien voer hy haar weer in sy ruimtetuin weg soos twee jaar gelede.

In die sitkamer sit Klarer se suster en TV kyk.

Wat sê sy van al dié dinge?

Klarer: "Nee, ons praat nie daaraan nie. Sy is 'n boer - nie 'n wetenskaplike soos ek nie. Maar sy was by toe ek op 7 April die ruimteskip gesien het. My ander suster wat op Rosetta gewoon het, het Akon ontmoet..."

Deesdae is Klarer feitlik gedurig in verbinding met Akon. Hy help haar in haar werk hier op aarde en ook met die voltooiing van haar nuwe boek, sodat hy haar kan wegvat.

Haar kommunikasie met Akon is baie maklik, sê sy: "Ons kommunikeer deur die brein en die brein werk soos 'n radio, dit stuur seine uit en ontvang weer seine terug. Ons as geliefdes kommunikeer op dieselfde golflengtes of frekwensies."

"Dis so maklik dat jy dit met diere, bome, plante, enige lewend organisme kan doen. Dis 'n natuurlike proses: kommunikasie, maar nie praat nie. Brein-tot-brein-kommunikasie."

Sy speel liefderik met Akon se ring aan haar vinger en vertel dat sy hom nog nooit so kwaad gesien het as nou met die onsettende verwoesting van die denneboom nie.

Klarer verduidelik: "Daar is woede - en die weerlig is 'n teken dat Akon aan die werk is. Vanuit sy ruimteskip kan hy storms skep, hy kan die elektro-magnetiese golflengtes skep waaruit die storms ontstaan en vanuit die dop van sy ruimteskip kan hy weerlig skep."

"As hy sy woede en ontevredeheid wil demonstreer, laat hy weerlig neerslaan. Die boodskap wat ek kry van die boom wat hy vernietig het, is dat hy baie kwaad is. Hy is woedend oor alles wat in die wêreld gebeur, ook oor wat hier in ons land aangaan, die slagting onder die swartes. Oor die hele wêreld wys hy dat hy ontevrede is: sneeustorms in Amerika en Europa, stormwinde, vloede."

"Dié verskriklike weerstoestande is alles waarskuwings vir die mensdom. Hulle kan die aarde se hele beskawing vernietig - want ons planeet is belangriker as die

VERVOLG OP BLADSY 14

## VERVOLG VAN BLADSY 13

aggressief of oorlogsguitig nie."

Sy leer dit alles uit haar kommunikasie met Akon en sy beskawing. Die beste terrein vir haar kommunikasie is op 'n berg in die distrik Rosetta wat deesdae as Flying Saucer Hill bekend staan omdat Akon op 7 April 1956 daar geland het in sy ruimteskip.

"Sedert sy heel eerste landing is ek elke jaar op dié datum daar om wag te hou. Daardie plek se geologiese ligging in die aarde se elektro-magnetiese veld is die gunstigste vir die beheer van die ruimteskip."

Dan vertel sy meer van Akon, wat sy nou al 35 jaar ken:

"Hy het geen ouderdom nie. Hy bly steeds 'n aantreklike, middeljaarige man wat nie ouer word nie. Hy

en ons seun, Ayling, is 46 liggare van die aarde besig om rondom planeet atmosfere te skep en te verbeter sodat dit deur die mens bewoon kan word. Ayling word soos sy pa nie ouer nie, hy word eerder net volwasse - en dit neem baie tyd in beslag."

Hulle is nie soos gewone mense nie, sê Klarer - en sy ook nie: "Ek weet ek sal nie sterf soos 'n gewone mens nie. Ek het huis nou die dag aan Piroska gesê: my naels groei vandag meer as ooit, my hare is dikker as voorheen en groei ook vinniger. Die afgelope jaar kom ek net agter dat daar nuwe lewe in my liggaaam is.

"Ander mense wat ouer word, se hare word dunner en gaan dood. Ek het nie dié tekens van ouderdom nie."

Sy wys trots na haar digte en lang bos rooiblonde hare wat in 'n deftige rol om haar kop gedraai is. Geen teken van grys nie.

"Ek gaan nie sterf nie - en die rede is baie eenvoudig: Akon sal my kom haal, ek sal in sy ruimtetuig klim en hy sal my huis toe bring waar ek hoort."

"Dit kan nou enige dag gebeur, maar ek moet net eers die werk voltooi waarvoor ek hier op aarde is. Ek self weet nie eens wanneer Akon my sal kom haal nie, maar die tyd is naby en ek berei my daarop voor."

Daarom, sê Klarer, is sy nou besig om haar tweede boek af te rond. Dié boek, The Gravity File, word vanjaar nog gepubliseer en sy beskryf dit as 'n lewensbelangrike werk "omdat ALLES daarin onthul word, alle verwarring oor vlieënde voorwerpe word uitgeskakel".

Sy sê 'n rolprent gaan oor haar en Akon gemaak word. 'n Duitse rolprentmaatskappy met kantore in München, Londen en Hollywood het die regte op haar boek Beyond the Light Barrier gekoop en die

draaiboek is reeds deur haar goedgekeur.

"Ek dring net daarop aan dat die prent hier in die Drakensberg verfilm moet word waar alles gebeur het. Hulle wou dit lewers in Amerika doen, maar ek is daar teen."

"Ek weet nie wanneer hulle begin nie want hulle wag dat die spelers beskikbaar word. Hulle het Richard Chamberlain as Akon gekies en Meryl Streep vir my rol."

Sy is ook tans besig om al die dokumente en bewyse na te gaan wat sy meer as vyftig jaar lank in vier tasse versamel het.

"Ek laat alles agter in die song van my aardseun, David Klarer. Hy is in sy laat veertigerjare en woon in Johannesburg. Hy glo nie soos ek in die Akon-beskawing nie, maar hy verstaan dit. Een van my drie kleinkinders, Alistair, het my innerlike kennis van Akon se beskawing geërf."

Die laaste vier jaar was sy kroniesiek - kanker, longontsteking en bronchitis. Maar as Akon so magtig is, 'n bron van energie, hoekom help hy haar nie?

Hy het, hy het, sê sy.

"Maar deur my bestaan op hierdie planeet en deur die mense van die planeet word ek nie gemaak. My laaste man, majoor Fielding, is aan kanker dood. Hulle het hom teen die einde gekry. Hulle het my ook probeer kry. Ek het ook kanker gekry, maar Akon het my genees. Hy het gesê: 'Jy het werk om te doen, jy moet gesond word.' Ek het die ergste siekbed oorleef om eers my werk te voltooi. Hulle het my nie gekry nie."

Wie is "hulle"?

"Die CIA en die KGB. Ek weet te veel..."


Feite of fiksie?

Vreemd, om die minste te sê, baie vreemd - soos die VVV's self.

# 'WHAT ARE YOU WAITING FOR?

**"LET YOUR VOICE WORK FOR YOU"**

Are you a professional competing with professionals?



Are you irritated by voices that:

- |                         | ✓                        | ✗                                   |
|-------------------------|--------------------------|-------------------------------------|
| Mumble?                 | <input type="checkbox"/> | <input checked="" type="checkbox"/> |
| Are too Loud?           | <input type="checkbox"/> | <input checked="" type="checkbox"/> |
| Soft?                   | <input type="checkbox"/> | <input checked="" type="checkbox"/> |
| High pitched & Squeaky? | <input type="checkbox"/> | <input checked="" type="checkbox"/> |
| Fast?                   | <input type="checkbox"/> | <input checked="" type="checkbox"/> |
| Slow & Monotonous?      | <input type="checkbox"/> | <input checked="" type="checkbox"/> |

Monique Rissen  
BA(HONS) A.T.C.L., L.T.C.L., MEM. SAGSDT

"Have you ever thought that you may be guilty of irritating others through poor voice production? Be aware of the power of the voice for successful communication"

You may be efficient. Now be effective.  
**INVEST IN YOURSELF**  
Call now for your complimentary consultation.

(011) 642-4881/2/3      (021) 23-2488

THE VOICE CLINIC




'n Klassieke "vlieënde piring" ... Paul Villam het dié foto in 1963 in Albuquerque in Amerika geneem. (Foto: The UFO Handbook - Allan Hendry)



'n Suid-Amerikaner het dié skets van "besoekers uit die ruimte" gemaak. Die kleredrag lyk vir kenners egter altyd na 'n weerspieëling van die poncho's wat baie Suid-Amerikaners dra. (Foto: The UFO Handbook)

# Die laaste drie jaar van sersant Motasi se lewe



**John Miles** se jongste boek, *Kroniek uit die Doofpot*, handel oor 'n swart polisieman wat deur sy kollegas doodgeskiet word nadat hy nie 'n eis teen 'n blanke offisier wou terugtrek nie. Gedink so iets is nie moontlik nie? Lees oor die geval van **sersant FR Motasi** - en dink dan weer. **HANS PIENAAR** doen verslag

*'If it happened that I am killed, please know that it will be my stand in fighting for my rights and justice.'*

OP 30 November 1987 is die lyke van sersant FR Motasi en sy vrou in hul huis in Temba in Bophuthatswana gekry. Albei is in die kop geskiet. Dit was nadat die gehuil van hul sesjarige seuntjie Tshidiso die bure laat onraad merk het.

Later is vasgestel dat hulle die vorige aand al doodgeskiet is, en dat Tshidiso die nag by sy ouers se lyke moes deurbring. Hy was die volgende dag hysteries en moes behandeling vir skok kry.

In die nadoodse verslag word geskryf dat die eerste skoot op Motasi van 'n afstand van "about 1 metre or more with the appearance of a high-velocity bullet, such as AK-47" gevuur is. Die tweede skoot "appears to be nearly trump-up (and very close) and possibly with a different calibre than No 1."

Wie het die Motasi's geskiet? In die kort polisieverklaring word gesê dit was aan die hand van die ANC.

Maar kyk 'n mens na die goed gedokumenteerde laaste drie jaar van sers Motasi se lewe, is dit moeilik om tot 'n ander gevolgtrekking te kom as dat dit lede van die polisie self was.

Sers Motasi was klaarblyklik geen gewone polisieman nie. Want toe hy in 'n voorval met 'n wit meerder betrokke raak, het hy nie maar bes gegee nie, maar op sy regte aangedring - en verslag gehou van elke kinkel in die sage wat op die twis gevolg het.

Wat sers Motasi moes ondergaan, kan net as "burokratiese marteling" beskryf word. Voor die voorval, het hy later verklaar, was hy 'n gelukkige polisieman. Maar

kort voor sy dood het hy aan sy prokureur geskryf:

"If it happened that I am killed, please know that it will be my stand in fighting for my rights and justice."

As al Motasi bewerings in 'n hele stapel verklarings waar is, laat dit vroeë ontstaan oor al die gevalle die laaste tyd van swart polisiemanne wat deur hul wit kollegas doodgeskiet is - gewoonlik nadat hul swart kollegas hul vuurwapens op hulle sou gerig het.

En dit laat opnuut wyer vrae ontstaan oor die bevoegdheid van die polisie, en of die huidige polisiemag sonder ingrypende veranderinge 'n rol in 'n apartheidlose, veelrassige Suid-Afrika te speel het.

Motasi se verhaal begin op 8

September 1984 by die SAP Opleidingskollege te Hammanskraal, waar swart polisiemanne opgeleid word. Dié dag is hy aan diens in die dienskamer by die hek. Dit is kort ná die uitbreek van die eerste onluste op 3 September 1984 nabij Sebokeng wat Suid-Afrika so ingrypend sou verander.

Die verkeer by die hek is druk soos heelparty polisiemanne en studente daarvandaan vertrek vir onlustediens in die Vaaldriehoek.

Dié dag word Motasi skynbaar sonder rede aangerand deur die adjunk-bevelvoerder van die kollege, kol WP van Zyl, wat nou as pensioenaris op Nylstroom woon. Volgens die eerste van Motasi se verklarings oor die saak, wil kol Van Zyl besonderhede by hom hê oor A/O Letshoene, wat nie opgedaag het vir onlustediens nie.

Hy het die besonderhede vroeër aangevra.

Motasi moet na 'n stoep buite gaan waar die kolonel op hom wag. "As I approached Colonel Van Zyl he then started shouting at me and insulting me saying: 'Jou kaffer, ons sukkel oor julle onnoselheid en ek sukkel steeds met jou en ek moes jou lankal doodgemaak het.' I then saluted and just when I was giving him the personal particulars of Warrant Officer Letshoene, he hit me very hard on my left ear with his open hand. I then fell down.

"I then struggled to my feet supporting myself with the wall and went back to my office."

Kol Van Zyl volg Motasi toe die

Vervolg op bladsy 16

Vervolg van bladsy 15

kantoor in en vra weer om Lesthoene se besonderhede. Motasi kan nie die papier kry waarop hy dit geskryf het nie - dit het uit sy hand geväl toe hy die eerste keer geslaan is.

"At that time Col Van Zyl hit me with his clenched fist on the left side of my head just slightly above the left ear. I then fell on top of the trunk tin and he kicked me with his shoed foot on my buttocks. He then pulled me with my jacket and it got torn at the back."

Hierop stoot Motasi die kolonel weg en sê hy gaan homself verdedig. "Colonel Van Zyl then left me as he realised that I was not going to permit him to assault me any further. I may point out that at the time when I pushed the Colonel away from me, he wanted to take my service pistol and I realised that he might shoot me and that I've got to defend myself."

Hierna kom enekapt Kotze die dienskamer binne en eis Motasi se dienspistool by hom. Motasi weier omdat hy bang is die kaptein gaan hom skiet. "The said Captain Kotze also told me that he is giving me up to the next Monday and I will be out of the Police Force because I am nothing."

Later sê 'n ooggetuie in 'n verklaring: "At all times when I was there Sgt Motasi did not defend himself or resist the attack landed by the white officer. I was scared that the said white officer might decide to attack all of us."

Motasi het intussen die teenwoordigheid van gees om die voorval in die voorvalleboek aan te teken. "Assault: No S160364N Sgt Motasi TR was assaulted by Col Van Zyl at the Duty Room in front of visitors and students," lui die inskrywing.

Motasi klaar Kotze dat sy oor pyn, maar Kotze wil hom nie laat loop voordat hy sy skof voltooi het nie. 'n Tweede keer klaar Motasi van die pyn, maar Kotze weier weer.

Ná sy skof gaan dien Motasi 'n klag van aanranding in by die Temba-polisiekantoor in Bophuthatswana. Van daar gaan hy na 'n dokter, wat hom na 'n oorspensionalis by die Garankuwa-hospitaal verwys. Die spesialis sê aan hom sy besering is só ernstig dat hy 'n operasie moet ondergaan. Dit word op 2 November op hom uitgevoer.

Motasi eis op 14 November 1984 in 'n brief R10 000 van Van Zyl, vir skade gely weens die kolonel se "onwettige gedrag".

Eers doen Motasi se kollegas hul bes om hom van die klag te laat afsien. Voor die polisie van Bophuthatswana met 'n ondersoek kan begin, word die dossier deur die bevelvoerder van die kollege, brig Malan, "gelig". Later word Motasi meegelede dat is gedoen omdat daar niemand op Temba was met 'n rang hoër as kolonel nie, en hulle dus nie 'n klag teen Van Zyl kon ondersoek nie.

Dié mededeling is volgens Motasi gedoen deur 'n kapt Swanepoel, wat toe deur Malan as ondersoekbeampte aangestel is - hoevel Swanepoel se rang natuurlik ook laer as dié van Van Zyl was.

Swanepoel kom by Motasi se huis met hom oor die saak praat. Hy vra Motasi eers om 'n nuwe verklaring te doen, omdat sy verklaring nie ooreenstem met dié van sy getuies nie - 'n truuk



## *Jou kaffer! Ons sukkel oor julle onnoselheid en ek sukkel steeds met jou en ek moes jou lankal doodgemaak het.'*

*'Motasi, ek praat met jou! Waar's jou pet? Hoekom dra jy nie jou pet nie? My kaffertjie, glo jy nooit dat ek jou sal opf.. nie?'*

wat dikwels gebruik word om mense wat klage indien in 'n reeks verklarings te laat verstrik. Motasi weier.

Hierna, blyk dit uit Motasi se verklaring, verander Swanepoel van taktiek. Eintlik is hy deur die kolonel gestuur om om vergifnis te vra, sê hy, aangesien Motasi onskuldig was en daar eintlik geen rede was om hom aan te rand nie.

Motasi sê egter hy het die saak al aan sy prokureur oorhandig en moet hom eers raadpleeg.

Motasi ondergaan daarna die eerste van vyf ooroperasies. Toe hy hom ná sy herstel weer aanmeld, word hy na brig Malan se kantoor ontbied. Dié vra hom ook om die klag terug te trek. Motasi sê hy kan dit nie doen nie omdat hy ernstig beseer is. Malan dreig toe volgens Motasi se verklaring om hom na Soweto te verplaas.

'n Paar dae later word Motasi weer na Malan se kantoor ontbied, en gevra om 'n verklaring oor die saak te onderteken. Motasi weier. "Brigadier Malan then said I must go and sign the declaration before Captain Swanepoel and he does not want to listen to my nonsense story." Weer weier Motasi.

In 'n tweede verklaring beskryf Motasi later die gebeure so: "Brig SJ Malan... forced me with the threat of his two dogs namely Bully and Ou-Baas to sign a declaration from Capt Kotze, without reading or explaining it to me and also ordered an army doctor... to examine me and complete some forms..."

Omdat daar nijs gekom het van sy opmerkings in die voorvalleboek nie, en ook nie van sy klag by die Temba-polisiekantoor nie, besluit Motasi en sy prokureur om ook 'n siviele eis teen Van Zyl in te stel. Dit begin duidelik word dat Motasi se besering nie herstel nie en dat hy nog operasies sal moet ondergaan.

Hoewel die aanranding nijs met die uitvoering van Van Zyl se pligte te doen gehad het nie, laat

weet J Wagener van die Staatsprokureur se kantoor hy het bevind dat daar geen verdienste in Motasi se eis is nie, en dat hy enige saak teen Van Zyl sal teenstaan.

"Colonel Van Zyl, ... after receiving a letter of demand... told me that he is not a mine for money and that I should tell that to my attorney. He then wanted to assault me and I jumped over the table and told him that he was treating me unfairly... Colonel Van Zyl then said he will see to it that I leave the Police Force."

Toe dit duidelik word dat Motasi nie van sy klag gaan afsien nie, is tot 'n ander strategie oorgegaan. Op 27 November dien Malan namens Van Zyl 'n klag in dat Motasi "sy meerder Kolonel WP van Zyl met geweld gedreig, of dreigende taal teenoor hom gebesig het deurdat hy aan Kolonel Van Zyl gesê het 'jy wil my uit die Mag werk, maar jy sal dit nie regkry nie', sy 9mm-dienspistool gespan en gesê het 'hier is 16 gelai en ek is nie bang om te hang nie'."

'n Tweede aanklag, van wangedrag, word 'n paar dae hierna, in Desember 1984, teen Motasi ingebring. Anders as gewoonlik, en waarskynlik tot almal se onthutsing, beskuldig Motasi en sy prokureur die administrasie daarvan dat hulle die tugraad "gelai" het.

Die voorsittende beampete is 'n swart kaptein, wat volgens Motasi se prokureur reeds 'n opinie oor die saak gevorm het, en moeilik 'n negatiewe oordeel oor sy seniors by sy werkplek sou kon vorm. Verder blyk dit dat Motasi in 1979 'n klag ingedien het teen die kaptein nadat dié hom nie betaal het vir foto's wat hy vir hom geneem het nie.

Die kaptein moet noodgevonge die saak uitstel - nadat hy met die klaer, kol Van Zyl, beraadslaag het! Uiteindelik word opdrag gegee om voort te gaan.

met die verhoor, waarop Motasi se prokureur aansoek doen dat die saak deur die SAP-hoofkantoor onder hersiening gebring word omdat die aangeklaagde moet voortgaan, al is hy te siek om homself behoorlik te verdedig.

Op 15 Januarie 1985 plaas Motasi se prokureur in 'n brief aan die Staatsprokureur dit op rekord "that your client is trying to pressurise my client in that he has laid all sorts of false charges against my client to get him to withdraw his claims".

Hierna begin die administrasie met die eerste van 'n reeks pogings om Motasi verplaas te kry. Toe Motasi hom ná nog 'n ooroperasie weer vir werk aanmeld, in Februarie 1985, word hy deur een maj Nel aangesê om hom by die Onluste-eenhed in Soweto aan te meld.

Hy wil hê Motasi "must sign for the transfer", maar Motasi weier, omdat hy nog behandeling by die Garankuwa-hospitaal ontvang, en ook omdat geen rede vir sy oorplasing verstrekk is nie en hy nie daarom gevra het nie.

Ná dié weiering ontbied brig Malan hom weer. Volgens Motasi se verklaring sê Malan hy wil hom in elk geval nie daar hê nie, en hy sal by Hoofkantoor aanbeveel dat hy na Soshanguve verplaas sal word.

Motasi verduidelik dat 'n verplasing groot ongerief sal veroorsaak wat sy eie geldsake sowel as die uitvoering van sy plig betref - want daar is geen betroubare vervoer tussen Temba en Soshanguve nie, en hy sal so dikwels laat kom dat hy in die moeilikhed sal beland.

In Maart 1985 word Motasi weer na Nel se kantoor ontbied en gevra om sy verplasingsbrief te onderteken aangesien dit deur Hoofkantoor goedgekeur is. Toe hy weier, skryf Motasi, "he said he will hold a grudge against me."

Op 20 Junie gaan bestel kapt Swanepoel 'n "verplasingsbevel"

aan Motasi by sy huis in Temba. Hy sê Motasi volgens dié se verklaring aan om sy handtekening aan te heg. Motasi vra of huisvesting vir hom gereel is. Swanepoel sê dit het nijs met hom te doen nie en hy moet enige bevel van sy bevelvoerder uitvoer.

"I may as well point out that when this happened, I was still on sick leave and my health was never considered in taking this decision," eindig Motasi se verklaring. Daar was net enkelkwartiere by Soshanguve, en omdat Motasi elke dag iemand nodig gehad het om sy oor volgens bepaalde voorskrifte te ontsmet, sou dit sy toestand net laat vererger.

Toe Motasi se prokureur by Hoofkantoor vasstel wat die procedure vir verplasings is, blyk dit dat Motasi die reg gehad het om vertoe oor die verplasing te rig, wat hy nie toegelaat is by Hammanskraal nie.

Hierna wend Motasi hom na Hoofkantoor. Hiervan, en van al sy wedervaringe tot op daardie datum, doen Motasi op 8 Augustus verslag in nog 'n verklaring wat hy aan die Staatspresident, die minister van Wet en Orde en 'n rits ander hoë amptenare, sowel as die redakteur van Sapa stuur.

Oor sy besoek aan Hoofkantoor skryf hy: "I was refused an entry by the sergeant on duty there after making two telephone calls to different people saying that they know about my case but they will not help me."

Uiteindelik staan ene brig Venter hom te woord. Motasi hoor vir die eerste keer dat die Bophuthatswana Polisie geweier het om Van Zyl te vervolg - hoevel dit die SAP se kapt Swanepoel was wat die ondersoek geleei het.

Motasi beweer in sy verklaring ook dat hy in kennis gestel is dat hy self die onkoste sou moes dra van enige getuies wat hy in die sake teen hom wil roep.

Einde ten laaste word 'n kompromis bereik - Motasi sal na die Hammanskraal-polisiekantoor verplaas word, net so ver van sy huis en dokters af as die kollege.

Teen dié tyd is die hele kollege al betrek in die veldtog teen Motasi, wat egter volgens alle aanduidings steeds uiters gewild onder sy kollegas was. Dit is duidelik dat allerhande dokumente gedurig by hom aangebring is deur mense wat heimlik aan sy kant was.

So is daar die notule van 'n personeelvergadering op 18 Oktober 1985, wat by punt 9 lui: "Col Van Zyl lig die vergadering in dat hy Sers R Motasie (sic) die Kollege-terrein verbied het. Indien hy op die terrein aangetref word, het sy aan of van diens, sonder Brig Malan of Kol van Zyl se toestemming, sal hy opgesluit word vir betreding."

Op 8 April 1986 kom kapt Kotze vir Motasi by die Safemore-winkel by Hammanskraal teë. Motasi het, soos die regulasies vereis, sy rangtekens afgehaal sodat hy nie sy pet oor sy seer oor hoeft te dra wanneer hy private sake verrig nie.

Toe Motasi terugkeer uit die winkel, volgens sy verklaring daarna, steek Kotze hom met sy offisierstokkie in die rug en sê: "Motasi, ek praat met jou! Waar's jou pet? Hoekom dra jy nie jou pet nie? My kaffertjie, glo jy nooit dat ek jou sal opfok nie?"

Motasi bly stil en draai om. Kotze was gewapen, skryf Motasi later in sy verslag, en hy was bang

hy gaan hom skiet. Toe Motasi in sy motor wegry, volg Kotze hom byna teenaan sy stamper in sy Land Rover tot Motasi skielik van die pad afstrek.

Díe gebeure is deur twee ooggetuies in verklarings beaam - ook dat Motasi sy rangtekens afgehaal het.

Hierna begin 'n toon van bitterheid vir die eerste keer in Motasi se brieue en verklarings inslui. In 'n brief vla hy sy nuwe prokureur om 'n hofbevel te kry "against my superiors in the South African Police Force before it is too late."

"I am being penalized for nothing because I am a black man who can do nothing to bring the criminals to justice, as they are whites with all the powers."

Op 8 April word Motasi daarvan aangekla dat hy 'n minagtende, weerspannige of parmantige houding teenoor sy meerdere, nommer W46083H kaptein GD Kotze aangeneem het deurdat hy, nadat hy deur voormalde kaptein Kotze aangespreek was omdat hy nie sy pet by sy uniform dra nie, sy tong geklik het, die woord 'Shit' gevuer het en weggedraai het sonder om 'n verduideliking te gee."

Motasi kry nog 'n notule van 'n personeelvergadering op 11 April 1986 onder oë. Weer by punt 9 staan: "Kol van Zyl gee opdrag dat indien sers Motasi teëgekom word en hy toon nie die nodige respek nie dan moet die nodige verklarings by kol Van Zyl ingehandig word. Dit geld ook vir adjudant-offisiere."

Op 21 Mei word Motasi gevonnis nadat hy skuldig bevind is aan die gebruik van dreigende taal teenoor kol Van Zyl. Die boete - 'n volle R20!

Steeds weier Motasi egter om sy regstappe teen Van Zyl te laat vaar.


Op 22 Augustus word Motasi by die Majaneng-sentrum in hechtenis geneem deur konstabels Vreugdenburg en Van Vuuren en een sers Raath. In 'n verklaring skryf Motasi: "At the time of my arrest I was on sick leave. I was assaulted by Const Vreugdenburg and Sgt Raath. They were kicking me whilst I was lying on the ground."

"These people first came to my home. They told me that they have come to arrest me. I asked them why but they refused to tell me why. I told them that they should give me chance to lock my car. I then went inside my car and locked myself inside... I started my car and drove off to a doctor."

"They followed me. They overtook me and Raath pointed a gun at me. He ordered me to get out of the car. I stopped at the doctor's surgery at Majaneng Shopping Complex where they found me. That is where I was assaulted and arrested."

Hierna word Motasi vier dae aangehou en word sy medisyne van hom weerhou. Die polisie weier om hom na 'n dokter te bring vir die behandeling van die beserings wat hy tydens die aanrandings opgedoen het. Toe hy by die bevelvoerder kla, sê díe volgens Motasi se verklaring daar's niiks wat hy kan doen nie, want sy inhegtenisneming was op bevel van die distrikskommandant.

Hierna word Motasi op borgtogg vrygelaat op voorwaarde dat hy saam met Raath na die distriksgeneesheer gaan vir 'n mediese ondersoek, "for allegations



*I am being penalized for nothing because I am a black man who can do nothing to bring the criminals to justice, as they are whites with all the powers.'*

*'Kol van Zyl gee opdrag dat indien sers Motasi teëgekom word en hy toon nie die nodige respek nie, dan moet die nodige verklarings by kol Van Zyl ingehandig word. Dit geld ook vir adjudant-offisiere.'*

*'I see myself that I stand no future in the force but I will never give up before justice has been [done] or seen to be done. I know, and God knows that I committed no crime, but I am fighting for my rights in justice and I am prepared to die for justice.'*

against me".

Hy skryf aan sy prokureur: "Presently I am still working under pressure, that I refuse to sign certain incriminating declarations and discriminated to the issuing of the fire-arms to members of the force for their safety.

"... I see myself that I stand no future in the force but I will never give up before justice has been [done] or seen to be done. I know, and God knows that I committed no crime, but I am fighting for my rights in justice and I am prepared to die for justice.

"If it happened that I am killed, please know that it will be my stand in fighting for my rights and justice."

Maar nog is dit het einde niet. Op 22 Augustus 1986 word Motasi skielik ná 'n raad van ondersoek van diens geskors. Hoewel hy nie afgedank word nie, beteken dit dat hy nie meer salaris kan trek nie. En sy lidmaatskap van Polmed, die polisie se siekefonds, verval.

Skielik moet hy al sy mediese onkoste self dra - in dié stadium het hy al vier operasies aan sy oor ondergaan en moet hy permanent medikasie gebruik vir chroniese hoofpyn en 'n geraas in sy kop.

Op 25 Augustus 1986 begin die Distriksgeneesheer met sy eie

ondersoek na Motasi se gesondheid. Die doel daarvan is, soos die DG dit in 'n memo aan 'n oorspesialis stel, om te bepaal "of hy kan voortgaan as polisieman."

Vir dié duur, dupliserende ondersoek moet Motasi egter ook self opdok.

Hy word gedwing om hom vir die ondersoek aan te meld: "Indien u nie gehoor gee aan die versoek nie, het die afdelingskommissaris gelas dat u departementeel aangekla en verhoor moet word," skryf kapt PJ Riekert, staatsbevelvoerder van Hammanskraal.

Intussen stel Motasi se nuwe prokureur 'n formele eis van sowat R20 000 in teen Van Zyl, wat intussen op Nylstroom afgetree het. Weer dui die Staatsprokureur aan dat hy Van Zyl gaan verdedig.

Op 18 Desember 1986 verskyn Motasi in 'n tugondersoek op Pretoria-Noord op die aanklag dat hy sy dienstwapen op Van Zyl gerig het. Hy sê in 'n verklaring:

"Ek ontken die bewerings teen my. Kolonel Van Zyl het hierdie beweerde incident nooit in 'n voorvalleboek ingeskryf nie en daardie voorvalleboek is beskikbaar. Ek handig in... relevante bladsye in... dat kolonel Van Zyl die boek nagegaan het en onderteken het en daardeur bevestig."

Die doel van die raad is om vas te stel of Motasi medies geskik is om voort te gaan met sy diens. Word dit nie bevind nie, sal Motasi geregtig wees op 'n skaflike

pensioen en ongeskiktheidstoelae.

Motasi se prokureur hou self 'n mediese raad, wat bevind "that our client was not fit to carry on working under the same terms and conditions that existed before his suspension... (We) discussed this matter with General Stevens some time ago and it was requested that a guarantee be given that our client's physical health will not be jeopardised by him returning to work... To date the said guarantee has not been provided and our client is in the circumstances very loath to resume work as this will necessarily put his health at risk," skryf sy prokureur op 31 Augustus aan die SAP se hoofkantoor.

Uiteindelik bevind die mediese raad dat Motasi net 7 persent ongeskik is, en dus moet voortgaan met normale polisiewerk. Maar soos sy prokureur in 'n brief opmerk: "...that percentage represents the physical disability of an individual. ... Our client is a policeman, and a policeman relies on his sense for most part of the day."

Op 1 Julie, wanneer Motasi 'n uitstaande salarisbedrag by die polisiekantoor wil gaan haal, word hy meegedeel dat hy dit net kan kry as hy 'n vorm onderteken dat hy op onbetaalde verlof was toe hy die vorige jaar, tussen 27 Mei en die middel van Junie, vir 'n ooroperasie in die hospitaal was.

Op 27 Augustus 1987 word die eis teen Van Zyl aan hom bestel by sy huis, Rupertstraat 3, Nylstroom.

Reeds die vorige jaar, op 23 Desember 1986 het Motasi se prokureur 'n eis van R5 363,88 ingestel teen die minister van Wet en Orde weens sy onwettige inhegtenisneming, aanranding en aanhouding. Om regstegniese rede, te ingewikkeld om hier op in te gaan, het die eis egter verjaar.

Op 30 November 1987 word Motasi en sy vrou doodgeskiet.

Op 7 Desember 1987 stel die Staatsprokureur 'n hele rits vrae oor die voorval met Van Zyl op en stuur dit aan Motasi se prokureur. Dieselfde dag stuur J Wagener, van die Staatsprokureur se kantoor, die volgende brief aan die prokureur: "My instructions are that your client has recently passed away. Kindly confirm, and if so, I look forward to receiving your notice of withdrawal."

In 'n ampelike polisieverklaring word die skuld op die ANC gepak. Waar in sulke gevalle begrafnisse gewoonlik met militêre eerbewys geskied het, daag by die Motasi's se begrafnis nie eens 'n verteenwoordiger van die polisie op nie. Ondanks sy gewildheid, is feitlik geeneen van sy kollegas of vriende teenwoordig nie. Hulle is te bang om te gaan.

Op 13 Januarie 1988 skryf die Staatsprokureur aan Motasi se prokureur om R400 te eis vir koste aangegaan om Van Zyl te verdedig.

\* Voor die aanvang van die Harmskommissie het Brian Currin van Lawyers for Human Rights aansoek gedoen om getuens oor die Motasi-voorval te lei, omdat hy rede het om te vermoed dat die Motasi's deur die polisie doodgeplaas is. Die kommissie het hom egter laat weet dat net voorvalle in Suid-Afrika ondersoek word. Omdat Temba in Bophuthatswana is, kon die kommissie die voorval nie ondersoek nie.

# Die dossier is pas geopen



John Miles (Foto: Ryk Hattingh)

**KRONIEK UIT DIE DOOPOT**  
John Miles  
Taurus  
(R48,00)

## CHARLES MALAN

DIE bebaarde Skrywer onderbreek ons televisie-uurtjie (ANC-Agenda vir NSA, 'n heerlik nuwe Suid-Afrika) en stap met sy stapel lêers in, sprei vergeelde brieven op die rooi dralon van die rusbank uit, keer die hitte van die kaggel af met staatsdiensmemoranda en mediese verklarings wat hy aanhou uithaal (tog uit die doofpot, 'n pot waarin kole gedooft word, sê jy self, Skrywer!), ontwyk die goede port, neul totdat jy gedwonge wil vergeet, in die euporie van die NSA.

Dit is oor John. Dit is ook die enigste deel van die "ander" naam wat jy sal onthou, "ons" noemnaam

vir die polisiesersant Tumelo John Moleko. En ja, natuurlik sal jy ook die naam van die Skrywer onthou, al bly hy naamloos in die kroniek: Jan? John Alleman, kroniekskrywer, leser en interpreteerder, wat namens my as leser die stapels verslae oor 'n mens se laaste kort stukkie lewe gelees en geïnterpreteer het. Namens my as 'n vriend wat vir 'n wyle iets probeer begryp van een mens se krampagtige pogings om sy geloof in reg en geregtigheid te bevestig, en van die Skrywer se worsteling om dit met sy "skryfwerk" in verband te bring. En namens my as vyand wat die as van duisende dokumente in die doofpot so gou moontlik wil vergeet, in die euporie van die NSA.

In 'n oomblik van eerlikheid (want dié geskrif/dokumentasie/boek dwing 'n mens tot 'n ongewone soort eerlikheid) wonder ek of ek nie ook die skrywer se posisie as 'n potensiële vyand deel nie, wanneer ek by wyse van 'n "literêre" resensie help om "letterkunde" uit die lotgevalle van 'n gewone mens te maak.

Sedert die optekening van Poppie Nongena se swerfsare is ons pynlik van dié probleem bewus. John Miles spreek dit met 'n byna onstellende integriteit aan, wanneer hy die skrywer (hy gebruik nie 'n hoofletter om na die karakter te verwys nie) as fiktiewe oueur betrek deur telkens Tumelo John Muleko se lotgevalle met 'n verslag oor die skrywer se navorsing en interpreteerproses af te wissel:

"As ek 'n boek hiervan moet maak, dan is ek en hy saam daar in: die polisieman en die skrywer, die swarte en die witte, elk afgekamp in sy eie hougebied, maar saam tussen die kake van 'n opvreetmasjien waar net die blindes uitsig het en vryheid van beweging. Sy geskiedenis is my storie, sy verhaal my beheptheid (p 16).

Dus: geen netjiese skeiding tussen storie en historie, interpreterer en perpetreerder, verdrukte en verdrukker nie. Van elke leser, ook 'n resensent, eis hierdie dokumentasie om hom/haarself in 'n "hougebied" te plaas; as wit bevoordegte en selfs rassie, of as slagoffer wat die opvreetmasjien help voor het, as waarnemer voor die kaggelvuur, as "geregsdienaar" of ondervraagde in die polisiekantoor.

Ek sou dus "literêr" kon deklameer dat dié geskrif nie 'n "stygende lyn in Miles se oeuvre" verteenwoordig nie, dat sy spannende romans (*Okker bestel twee toebroodjies, Donderdag of Woensdag en Blaaskans - die bewegings van Flip Nel*) ons nie daarop voorberei het dat hy bykans vervelig soos 'n bulterriëer aan die riem van 'n stuk "geskiedenis" sou spook nie, dat hy belangrike narratiewe elemente soos die verhouding tussen Tumelo John en sy vrou, Busi, op 'n byna seksistiese wyse afskeep, selfs dat sy onthullings oor polisie-moordbendes en viktimisering nou "old hat" is.

Daarmee is miskien iets oor die

Skrywer/skrywer en sy teks gesê, maar wat sê dit oor Tumelo John, wie se laaste levenslopie in 'n stofbedekte, "afgesloten" lêer begrawe sou gewees het? Wat sê dit oor Busi, wat saam met hom begrawe is omdat sy toevallig in die pad beland het? En, steeds brutal eerlik: wat sê dit oor ons literêre bedryf waarin "the teller, not the tale" allesbelangrik geword het?

Die Skrywer sê self, in antwoord op die kritiek van 'n vriend: "Ek probeer nie 'n roman skryf waarin studente die groot en helder lyne van jou geskiedenis kan volg nie. Ek skryf oor 'n armsalige mens wat versmoor word in weerwil dalk van die majesteuse afrol van die geskiedenis" (p 243). Dit is sy plig: "Die leser moet alles van my kry, alles behalwe die geweeskote" (p 245).

(Darem ook net dit, literêr gesproke: 'n mens lees deesdae tot jou verbasing dat na Miles as 'n "miskende" romanskrywer in die media verwys word. Waarop word dit gegronde? Geen akademiese kursus oor die eertydse roman is denkbaar sonder Miles nie, en dié "roman" behoort dit te bevestig en selfs meer tesisse te genereer. Sê ek met beskaamde apologie aan "die skrywer".)

Omdat John Miles deur joernaliste en die Afrikaanse Skrywersgilde daaroor uitgevra is, weet ons dat alles wat opgeteken is, waar is. Dit is waar dat 'n gewone, hardwerkende polisiesersant deur 'n wit kolonel teen die kop geslaan is, lank met oorontsteking en hoofpyn moes worstel, ten spyte van viktimisering en duisende rande se onkoste hardkoppig geweier het om die klag teen die offisier te laat vaar en ten slotte, toe 'n hofsaak uiteindelik na drie jaar gemaak is, "uitgehaal" is. Dit is waar dat 'n seun 'n nag saam met sy vermoorde pa en ma in 'n huis sonder ligte moes deurbring.

Tumelo John glo 'n polisieman moet weet wat reg en verkeerd is (p 46) en hy is maar 'n "doodgewone mens" wie se lewe "deur almal se siwwe val" (p 51).

Die Skrywer voel: "As dit nie 'n boek oor 'n gewone mens is nie, moet ek maar liever nie verder skryf nie: ou Niemand voortdurend uitgelewer aan ander wat namens hom besluit... Ook die skrywer" (p 272). En 'n wit kaptein beaam: "Jy is sommer niemand, dis wat jy is: niemand" (p 110).

Tumelo John leer op die bitter manier: "Agter daardie een vuishou sit 'n wêreld van rassediskriminasie. En agter al die gekonkel daarna skuil blindheid en onbillikhed" (p 174). In die tweede helfte van die tagtigerjare vind hy dat die lewe sy onskuld verloor het (p 225) en dat sy eie seun met sy speelgoedwapens op die polisie skiet. Hy leef in 'n wêreld van opstande, polisie-moordbendes, noodtoestande, Askari's, die gekonkel in KwaNdebele, die nagevolge van 'n nuwe grondwet wat swartes weer eens uitsluit. "Ons kultuur het 'n militêre kultuur geword, 'n kultuur van geweld" (pp 349-350). Hy bevind wrang: "Dat ek doof moes word om te kan luister!" (p 263).

En hy leer sy bitterste les: "Die polisie is die Boere... ek is ore

aangesit, die Polisie doen wat die Boere wil en ons ander maak nie saak nie" (p 261).

Die kolonel wat hom geslaan het, is nie belangrik nie: "Dis die ding wat agter hom is, wat hom sy mag gee en toelaat om te breek soos hy moet..." (p 322).

Wie is dit dan wat ná die gruwelmoorde in November 1987 (toe dit tronkstraf kon beteken) uitroep: "Wat help dit om, sê maar, Kriek te straf? Die minister van Polisie is dan self 'n terrorist" (p. 356)? Is dit Miles, is dit die Skrywer in die boek, Tumelo John se spook, die leser-as-getuie...?

Dit kan, nee moet, ook jy as leser wees: "jy moet jouself oral en in alles raaksien. Dan was dit die moeite wêrd" (p 176). Want: "Wat met hom gebeur het, kan met elkeen van ons gebeur" (p 106).

Ons as lezers gun die Skrywer sy gebruik van fiksie: "my onkunde moet ek verberg agter die seepgladheid van 'n storie" (p 53). Ons laat toe dat hy ons betrek om die storie te maak: "Bekijk hom hier! Tumelo John met sy uitdagende glimlag en lewendige oë" (pp 32-33). Want die Skrywer is eerlik oor sy toetreding tot die lewe van 'n ander ("ek stel my voor", p 13, hy "moes maar" so gelyk het, p 18) en sy navorsing word ewe hardnekking as sy held se aandrang op geregtigheid volgehou.

Ons waardeer dit dat die Skrywer ons inlig oor die hele produksieproses van 'n boek wat eintlik geen roman wil wees nie, soos *Stanley Bekker en die boikot - 'n kinderboekie wat lank besitsverbode was!* - geen literatuur wil wees nie. En as Tumelo John se eindeloze gesukkel ons begin verveel, besef ons met 'n mate van skaamte: dit is juis die punt.

Twee stukkies boeiende literêre metaforisering kon die Skrywer darem nie weerstaan nie: die kleipot wat Tumelo John as houer van 'n trots tradisie uit Senekal saamneem, en die houthoof uit Zimbabwe wat tot 'n ikoon vir hom ontwikkel: doof, blind, afgekap, "ou Mandela" (p 281). Maar die slim literêre spele waaraan ons by Miles gewoond is, ontbreek meestal in die nugtere verslae en eenvoudige taalskeppings. Soos dit hoort.

So 'n verslag het nie die magtige retoriek en gevolgtrekkings oor apartheid nodig nie. Sy verskrikking lê juis daar in dat dit so eenvoudig is, so voorskryfbaar, so onafwendbaar, en so waar. Die moorddossier oor Tumelo John is ná twee jaar gesluit. Die dossier met die Skrywer se aanklagte, ook teen jou en my, is pas geopen.

My grootste bedenking oor die boek is sy prys, R48, want selfs vir fat cats is dit deesdae te veel - laat staan nog geregisdienars. Dit moet verpligte leessof kan word. Dit is geskiedenis uit die as. Opdat ons nooit mag vergeet nie.

(Charles Malan is hoof van Eerste Kultuurstudie aan die RGN)

NEW FROM  
RAVAN PRESS

**NATIONALISATION**  
Beyond the Slogans

KEITH COLEMAN

R26,50 (excl GST)

The publication of this book is timely and will make an extremely useful contribution to the discussion on nationalisation at a time in South Africa's history when events and changes in attitudes are moving rapidly.


— Ken Maxwell, director of JCI

This book shows that nationalisation is a workable instrument which can play an important role in redistribution and economic planning, and reveals alternatives which open up the possibility of greater public, democratic control.

— Joe Slovo, South African Communist Party general secretary



Christina Lebatla by haar buurman Thomas Kakwakwa, besig om sy plakkershut te herbou.  
(Fotos: Kate Thomycroft)



Adam Malidimo ... "Ek's al gewoond daaraan dat my huis gesloop word."

# Die winter bring die slopers

'n Regsgeding tussen die plakkers van **Ivory Park by Midrand** en die Transvaalse Provinciale Administrasie het dié week voortgeduur terwyl die aantal plakkers in die gebied steeds toeneem. Sowat 800 plakkershutte is al gesloop en talle gesinne huisloos gelaat - in die hartjie van die winter. **IRENE LOUW** het met van die huisloses gesels

**N YSKOUE** wind waai oor 'n heuwel in Ivory Park, tussen Midrand en Tembisa. So ver as wat die oog kan sien, staan die geraamtes van plakkershutte wat verlede week deur die Transvaalse Provinciale Administrasie afgebreek is.

Sommige plakkers het 'n houding van wag-maar-en-sien. Ander is woedend: hulle het besluit hulle gaan nie terugsit en wag vir manna uit die hemel nie.

Sommige het dieselfde dag weer hul hutte opgerig en staan vas: hulle sal die hutte telkens weer oprig, al word dit elke keer gesloop.

Die week het die ander plakkers ook weer begin bou - ondanks die ongenadige wind. Die meeste kon nie vroeër begin bou nie, want die TPA het hul boumateriaal gekonfisieer. Hulle het maar intussen stukke plastiek en seil as skuiling bymekargaarmak.

Die herbouing is nie maklik nie, want die wind waai aanhouwend die seile en plastiek weg. Die plastiek word gekoop van "comrades" wat in fabriekse werk. Hulle neem die plastiek wat gebruik word om goedere mee te versêl. So 'n stuk plastiek, wat die helfte van 'n huis kan toemaak, kos R20.

Thomas Makwakwa is vasbeslote om Ivory Park sy tuiste te maak. Hy het van die werk weggebley om sy huis te herbou. Terwyl hy werskaf, kom hy agter een van sy plastiekseile is weg. "Iemand het my plastiek gesteel," sê hy vererg,

"maar dit maak nie saak nie, God sal hom daarvoor straf."

Makwaka sê hy kan nie verstaan waarom 'n gewone man soos hy 'n probleem vir die TPA is nie. "Hulle het net hier aangekom en ons huise afgebreek. Sonder enige verduideliking - net afgebreek. Ek wil 'n huis hê. Hulle kan dit nie vir my en my familie gee nie, so ek maak een vir myself. Hulle kan môre kom en weer afbreek - ek gee nie om nie, ek sal net weer bou."

Met 'n hamer in die hand wys hy na die lug en sê: "Kyk net hoe waai die wind. Vanaand is daar geen slaap vir ons nie."

Makwaka se buurvrouw, Christina Lebatla, voel baie bitter oor die sloperty. Sy het geen ander heenkome nie, vertel sy met haar baba op die rug. "Ek hou nie daarvan om hier te woon nie, maar wat sal ek maak? Ek kan dit nie bekostig om in die township te woon nie, die huurgeld is te veel."

Lebatla het nie 'n man nie en deel haar plakkershut met haar drie kinders. "Al ons besittings is weg - potte, komberse, mieliemeel en ons boumateriaal. Hulle het ons regtig opgemors. Ons bou nou met plastiek en slaap maar - wat sal ons maak?"

Adam Malidimo sê hy is al gewoond daaraan dat sy huis gesloop word. "Vir my is dit 'n ernstige saak om 'n huis en 'n familie te hê. Ek moet daarvoor sorg dat hulle 'n dak oor hul

koppe het, daarom is ek nou besig om my huis weer te bou."

'n Entjie verder sit 'n man en sy vrou saam weer hul huis op terwyl hul kinders by die skool is. Van die vrou moet maar op eie houtjies hul huise herbou, want hul mans kon nie die dag afkry om te kom help nie.

Daar is plakkers wat al geruime tyd wettiglik in Ivory Park gevestig is. Die grond waarop hulle plak, behoort aan die TPA en hulle is by dié owerheid as inwoners geregistreer.

Die plakkers wie se hutte verlede week gesloop is, is nie by die TPA geregistreer nie. Volgens die TPA behoort hulle nie daar nie. Die gevestigde plakkers is van 'n basiese infrastruktuur voorsien - soos buite-toilette en water - en elkeen besit die stukkie grond waarop hulle plak.

## Daar woon mense daar...

EERW Douglas Wessels van die St Monica Anglikaanse Kerk, Halfway House, voer nou al sedert September verlede jaar 'n stryd om die plakkers se lot te verlig.

Wessels sê Midrand en ander munisipaliteite moet begin verantwoordelikheid aanvaar vir die "plakkers" - as inwoners van Midrand.

Wessels bemoed hom met die "Skyhook people" omdat "die Midrandse munisipaliteit nie oor hulle lot begaan is nie. Die wit inwoners van Midrand beskou die

plakkers as 'n nagmerrie: niemand wil hulle daar hê nie."

Die munisipaliteite maak DP-en progressiewe geluide, meen hy, maar pas nie hul progressiwiteit in die praktyk teenoor alle mense toe nie. "Daar moet druk van alle kante op die munisipaliteite geplaas word om die plakkers te vestig."

Wessels meen die "oormaat oop ongebruikte grond" moet aan huislose beskikbaar geste word - "maar die munisipaliteite moet eers sorg dat die plakkers water, toilette en afvalverwydering het".

Daar is egter groot verwarring rondom die plakkerskwestie in dié gebied omdat drie groep plakkers dit beset.

Die eerste groep plakkers bewoon Ivory Park. Hulle, sê Wessels, is nie die Midrandse munisipaliteit se verantwoordelikheid nie, maar die TPA s'n. Dié mense is by die TPA geregistreer en woon wettig daar. Wessels beweer dat hierdie area eintlik bedoel was as ontwikkelingsgebied vir formele behuising - as 'n uitbreiding van Tembisa.

Die tweede groep plakkers woon oorkant Ivory Park op TPA grondgebied wat moes dien as buffersone tussen Ivory Park en President Park, die wit woongebied. Maar nôg die TPA nôg Midrand wil verantwoordelik wees vir hierdie plakkers. Dié kamp word deur grondpaaie geskei van die bruin buurt Rabie Ridge en die wit buurt Presidentpark.

Dis dié plakkers wie se hutte verlede week gesloop is. Presidentpark se inwoners het glo bekommerd begin raak oor plakkers wat te na aan hulle huise kom. Dit is blykbaar waarom hierdie plakkers uit die "bufferzone" verwyder moet word.

Die derde groep bly in sowat 400-500 nuwe plakkershutte - eintlik op grond wat deur die Huis van Verteenwoordigers adminstreer word. Hulle het geen infrastruktuur nie. Die grond waarop hulle plak, is reeds uitgelê met teerpaale en brandkranse vir die toekomstige uitbreiding van Rabie Ridge. Die plakkers het intussen die brandkranse oopgedraai om water te gebruik. Die watertoevoer is dié week deur die Midrandse munisipaliteit afgeskakel.

Dié plakkers se wonings is al agt keer gesloop, maar hulle keer elke slag terug.

Volgens Wessels het die Midrandse munisipaliteit dié mense probeer oorred om op grond te gaan plak wat aan die provinsiale owerheid behoort in die hoop dat dit sodoende Pretoria se probleem sou word.

Volgens Wessels is die Stedelike Stigting gewillig om intussen nooddienste aan plakkers te voorsien, maar dit kan net gedoen word as die Midrandse munisipaliteit eers verantwoordelikheid vir dié plakkers aanvaar.

Punte uit die jaarlikse verklaring van die Voorsitter van Anglo American Corporation of South Africa Limited mnr J Ogilvie Thompson:

**Om te groei, moet meer belê word – 'n groep soos Anglo American belê meer as R6 miljard van 1991 – 1994.**

Ons moet 'n groot genoeg surplus genereer om aan ons maatskaplike doelwitte te voldoen sonder stremming van die groeiproses waarop alle voordeeling berus.

Volgehoue ekonomiese groei moet dus die prioriteit wees, hoewel daadwerklike optrede teen armoede hierbenewens ook onmiddellik nodig is.

Minder beleggings in onlangse jare is hoofsaaklik aan onbevredigende opbrengs te wyte. Sewentien jaar van inflasie bo 10% en gevolglike hoë rentekoerse, tesame met aansienlike stygings in regstreekse en onregstreekse belasting op 'n tydstip toe belasting in die res van die wêreld afgeneem

het, het ons onmededingend gemaak.


Hoe groter die opbrengs van



Julian Ogilvie Thompson by die soda-asprojek van R920 miljoen by Suapan, wat 'n unieke voorbeeld van streeksamewerking tussen die regering van Botswana en die Korporasie en sy geassosieerde verteenwoordig

**“Ons grootste uitdaging is nie polities nie, maar ekonomies: hoe om die ekonomie so te laat groei dat Suid-Afrika se probleme van armoede en ongelykheid suksesvol aangespreek word.”**

JULIAN OGILVIE THOMPSON



Ons verbintenis tot die goudmynbedryf word ondersteep deur die nuwe Vaal Reefs nr 10-skag, wat sal verseker dat ontginning by die wêreld se grootste enkele goudmyn tot diep in die 21e eeu sal voortduur

ons mededingers in verhouding tot ons s'n in vandag se sogenaamde grenslose wêreld, hoe

groter hul vermoë om ons ondergang te bewerk.

**Verslapping van die stryd teen inflasie, soos baie mense wil hê, sou rampspoedig wees.**

Inflasie sou styg tot vlakke wat veel hoër as 14% tot 15% is, en ons kanse op hoër ekonomiese groei, ons grootste prioriteit, sou ernstige skade lei.

**Anglo American en Gencor**

**oorweeg die Columbus-vlekvrystaalprojek van R4 miljard. Dit sou Suid-Afrika 'n hoofrol in vlekvrystaal laat speel en sou R2 miljard per jaar aan buitelandse valuta verdien.**

Slegs baie groot maatskappye soos Anglo American en Gencor kan so 'n projek onderneem, wat 50 maal die waarde van die verbruikte grondstof toegoe. Die regering steun die projek in beginsel en oorweeg nou stappe om die risiko's van die pro-

jek in heersende inflasie- en belastingkoerstoestande aanvaarbaar te maak. Maatskappye wag om

groot bedrae te belê, as projekte net toereikende opbrengste sou lewer. Indien die sakewêreld op alle fronte wil meeding, sal die speelveld internasional gelyk moet wees.

### Slegs ses jaar se groei van vyf persent – wat bereikbaar is as ons belegging werklik aan die gang kan kry – kan vir tot 2,5 miljoen meer mense werk skep.

Tegelyk sou dit nog R55 miljard se Staatinkomste – in die 1991-geldeenheid – net vir maatskaplike belegging skep, sonder enige belastingverhogings.

Maar daar sal nou daadwerklik teen armoede opgetree moet word voordat die voordele van groei sal begin blyk. Tensy daar sigbare, tasbare vordering in die aansprek van armoede en ongelykheid is, sal demokrasie moeilik in Suid-Afrika wortel skiet.

Die sakegemeenskap besef dat die nuwe Suid-Afrika nou die diepgevoelde en geregtigde griewe en aspirasies moet aanspreek van dié Suid-Afrikaners wat deur apartheid benadeel is.

### Anglo American en De Beers het nog R250 miljoen oor vyf jaar vir die Privaatsektor-inisiatief bewillig.

Ons het die bydrakoers tot die Voorsittersfonds verhoog, wat in 1990 R57 miljoen tot 1 000 projekte, hoofsaaklik in onderwys, verbind het.

Maar 'n maatskappy se eerste verantwoordelikheid is om in



Die Voorsitter en Staatspresident F W de Klerk ondersoek die De Beers Centenary-diamant van 273 karaat saam met Gabi Tolkowsky, wat die steen geslyp het

besigheid te bly. 18 000 individue en 165 000 huidige of voormalige werknemers besit ons aandele, en minstens 6 miljoen Suid-Afrikaners hou onregstreeks beleggings. Vrye onderneming verbreed sy verantwoordelikhede en kan geleenthede in 'n rykdomskeppende nuwe Suid-Afrika vermeerder. Nasionaal is 'n gesa-

mentlike bekostigbare program nodig, gefokus op sleutelgebiede wat binne 'n jaar of twee dramatiese resultate sal oplewer: skoolvoedingskemas, 'n netwerk staatsbefondste klinieke en voor-siening van skoon water, gemeenskapdienskorps en indiensningsprogramme vir die jeug.


Nêrens het 'n sosialistiese ekonomie, dit wil sê waar die privaatsektor deur die staat gedomineer word, daarin geslaag om sy burgers tot die geledere van wenende nasies te laat vorder nie.

As ons maatskaplike doelwitte ons oopregte strewe is, het ons geen ander keuse as om by 'n markgerigte ekonomie te bly en dit te koester nie.

### Armoede en ongelykheid in Suid-Afrika kan aangespreek word, mits die land se nuwe leiers nie uit denke-armoede optree nie.

Die Anglo American-groep sal steeds 'n betekenisvolle bydrae lewer tot 'n taak wat ons almal behoort te verenig.

Mainstraat 44, Johannesburg – 12 Julie 1991





ELMARI RAUTENBACH SKRYF OOR DIE WEEK SE TV

## Die einde van die manne met die skêre?

### H O O G T E P U N T E

**VANDAG:**

- \* Jean-Michel Jarre se Bastille-uitvoering van lig en klank. Om 7nm op M-Net.
- \* Vir diegene wat nie al hartlik sat is vir die oorbekende formaat nie en steeds 'n goeie storie kan waardeer: 'n nuwe reeks van "Spies en Plessie" om 10:50nm op TV1.
- \* "Shopper's Surprise", 'n "Skattejag" in supermarkte vir TV2/3/4 om 7:30nm.

**MÔRE:**

- \* "Staying Alive" om 11:05nm, met uitstekende danstonele tussen John Travolta en Finola Hughes; en die uitstekende "The Long Riders" om 00:40nm op M-Net.
- \* "Nadia", die lewensverhaal van die Roemeense gimnas Nadia Comaneci, om 9:30nm op TV1.

**SONDAG:**

- \* "Cromwell" om 10:52nm op TV4, met Richard Harris en Alec Guinness.
- \* "Claudio Arrau" om 9nm op TV1, 'n huldeblyk aan dié ontslape pianis.
- \* "Big" om 9:30nm op M-Net, 'n gesinsprent soos min met Tom Hanks as 'n seuntjie wat homself per ongeluk in 'n grootmenswêreld bevind.

**MAANDAG:**

- \* 'n Reeks oor die gewoontes en leefwyse van die mense van die Verre Ooste. Om 12:30nm op M-Net.

**DINSDAG:**

- \* Mark Frost se "American Chronicles" kyk na die Amerikaners se obsessie met motors in "Auto-Obsession" om 10nm op TV1. (Wenk: probeer iemand vind met 'n band van verlede week se "Manhattan After Dark". Dit was een van die heel beste programme in die reeks.)
- \* "Jackaroo" begin om 7nm op M-Net.

**WOENSDAG:**

- \* In "Harmony Gold presents" word James Thurber se storie "The Greatest Man in the World" gedramatiseer. Brad Davis vertolk die hoofrol. Om 10:30nm op TV4.
- \* TV1 vertoon 'n bekroonde jeugflik, "Henry's Leg", om 4:30nm. 'n Verwarde seuntjie word skielik die middelpunt van sy buurt se aandag wanneer hy die afgebreekte been van 'n plastiekwinkelpop optel.

**DONDERDAG:**

- \* "Flight into Hell" begin om 9:04nm op TV4.

wat blootgestel word, is nie noodwendig permissief nie. Die voordeel van vryheid is egter dat 'n gemeenskap sy eie beginsels kan uitleef deurdat géén beginsels op enige lid afgedwing word nie. Ongeag die vryheid van die media in Amerika het 'n sekere deel van daardie gemeenskap die toneel aantastlik gevind en so gesê. Dit is hulle legitieme siening. Maar dié kykers wat nie van dieselfde mening was nie, het die reg gehad om van hulle te verskil. Nou kan ons dieselfde doen.

Wat egter bygevoeg moet word, is dat die vervaardigers die aangeleentheid só suutjies subtel hanteer het dat elke kyker daarin kan lees net wat hy wil...

**DIE ANTI-HELD IS TERUG**

Die dom-astrantheid van waagduiwels was nog altyd onweerstaanbaar vir enige wat hou van 'n lekker storie. Twee sulke "anti"-helde is die spil waarom onderskeidelik TV4 en M-Net se jongste mini-reeks draai.

*Flight into Hell*, wat Donderdaag om 9:04nm op TV4 begin, is die ware verhaal van die Duitse waaglyieënier Hans Bertram, soos deur homself in 'n roman beskryf. In die beginde van die vliegkuns het Bertram in 'n seevlugtuig oor die Timor-see na Australië probeer vlieg. 'n Storm het hom van koers af gedwing en later laat neerstortiewers aan die verlate noordkus van Australië.

Bertram het een van sy vliegtuig se ski's in 'n kanoe omgeskep en probeer om op dié manier die beskawing te bereik. Dit sou egter 'n reis na die hel word.... Dit lyk of die reeks 'n gesamentlike produksie is deur 'n Duitse en 'n Amerikaanse TV-kanal. Helmut Zierl vertolk die hoofrol. Gordon Flemying is die regisseur.

M-Net se *Jackaroo*, wat Dinsdaag om 7nm begin, speel af teen die agtergrond van die Australiese "outback" en die ongekende voorspoedgolf wat die mynbedryf in die jare sestig daar beleef het. Dit is die verhaal van Jackaroo Jack O' Rourke, 'n koppige, warmbloedige, aantreklike jong man wat half inboorling is en helfte wit, en sy vete met 'n gesin wat hom van sy vrou, kind én erfgoed ontnem het. David McCubbin speel Jack. Michael Carson is die regisseur.

toneel soveel verontwaardiging in Amerika uitgelok het en nou glo selfs daartoe aanleiding gegee het dat een van die twee aktrises, Michele Greene, die reeks verlaat het.

*LA Law* is hoeka 'n program wat voorheen onder die sensorskér deurgeloop het. 'n Toneel waarin Jonathan beswaar gemaak het teen sy firma se bande met 'n maatskappy wat in Suid-Afrika sake doen, is glo heelwat verkort. En nou is die hele gesin

sommer blootgestel aan lesbiese liefde... as 'n mens die koerante hier en die bohaai in Amerika reg verstaan. Maar is dié nie juis 'n goeie voorbeeld van hoekom mense nie eerder oorgelaat moet word aan hul eie volwasse oordeel nie?

Die reaksie wat die soen (skaars meer as 'n goeienag-pikkie) in die sogenaamde vrye gemeenskap van Amerika uitgelok het, is insigwend omdat dit bewys 'n gemeenskap

"HOMER IS SLONSERIG... MARGE PLOETER VOORT...  
BART DINK HY'S DIE KAT SE SNOR...  
LISA SPEEL SAXOFOON... MAGGIE SUIG NET..."

Hulle is deurmekaar maar bymekaar.

Hierdie skreeusnaakte moppie is die Simpsons.

En jy kan hulle ontmoet in die nuwe tweueur M-Net Oop Kyktyd.

Vrydae 6:30



ONS BLY JOU BETOWER



YOUNG & RUBICAM 111702/02



**S P O R T R U B R I E K**  
**TINUS HORN**

## Wat het die Yanks tog besiel?

DIT was 'n taak waarvoor net die Amerikaners die nodige siellose voortvarendheid gehad het:

Neem die wêreld se interessantste sportsoort, kombineer dit met 'n piekniekspeletjie op só 'n manier dat die produk baie meer na die piekniekspeletjie as die sportsoort lyk, en verhef dit tot die status van 'n godsdien.

Wat hier ter sprake is, is natuurlike bofbal, 'n sportsoort waarvan hulle in Amerika nie genoeg kan kry nie. In die res van die wêreld sukkel ons nog om dié obsessie mooi te begryp.

Daarom staan Amerika se nasionale klub-kompetisie as die World Series bekend; niemand anders in die wêreld stel genoeg belang nie.

(Geprat van isolasie. 'n Algehele sportboikot sal byna ongesiens in Amerika verbygaan. Gridiron-voetbal geniet ook nie juis massa-steun buite Amerika nie, al gaan dit glo nog eendag die wêreld oorneem).

Bofbal, sê hulle, het uit krieket en rounders ontwikkel. Al wat dit vandag met krieket gemeen het, is die feit dat dit met 'n kolf gespeel word.

En met rounders? Die enigste verskil tussen die twee is dat niemand vyf miljoen dollar per jaar betaal word om rounders te speel nie.

Siende dat lopies maar skaars is in bofbal, is dit eintlik verbasend dat die Yanks dit so geniet. 'n Mens is veronderstel om beïndruk te wees as jy oor CNN se sportnuus hoor: "Jose Canseco is batting at an unbelievable average of .43!" Wat dit ook al mag beteken.

Dit is eenvoudig nie die "American Way" soos ons hom ken nie; 'n puntestsel waarin lopies by die duisende aangeteken word, sal veel beter pas by hul waardesel, waar meer altyd beter is.

'n Mens kan in jou geestesoog die opskrif in vet letters op die voorblad van *Sports Illustrated*: "Million-run man Canseco!"

Selfs al weet ons almal dat bofbal krieket se tweedeklas neef is, moet 'n mens darem erken dat die Amerikaners nog altyd iets geweet het wat ons nou stadigaan leer. Naamlik dat dit waansinnig is om 'n wedstryd, van watter aard ook al, vyf dae lank te laat aanhou.

Krieket het ongetwyfeld die afgelope twee dekades 'n dramatiese opswai beleef, danksy die komste van eendaagse wedstryde.

Waar dié idee oorspronklik vandaan kom, kan niemand vandag met enige sekerheid sê nie, maar daar bestaan 'n paar teorieë.

Die gewildste hiervan is dat Engelse

krieketbeamptes besef het daar skort iets toe hulle verneem het staatsdiensamptenare bly nie meer van die werk af weg om Lord's of Trent Bridge toe te gaan nie.

Die dag wanneer werk in die staatsdiens interessanter word as 'n dag by die krieket, is dit tyd vir drastiese stappe.

Ondanks eendagkrieket se welslae, hou die sogenaamde puriste voet by stuk dat vyfdaagse wedstryde interessant kan wees. En kan hulle nie liries raak nie:

"Man, dis daardie volgehoue stryd tussen kolf en bal - wat die spanning stadig laat opbou totdat 'n onverwagte wending skielik die hele prentjie verander - wat 'n vyfdaagse toets interessant maak," is die trant van 'n tipiese vertelling deur iemand wat sukkel om vooruitgang te aanvaar.

Toegergee, die meeste vyfdaagse toetses het seker hul oomblikke. Die kuns is om wakker te bly tot hulle verbykom.

Van ons ervare spelers kla dat eendaagse wedstryde lelike dinge met 'n speler se kolftegniek maak. En: "Niemand weet meer hoe om 'n beurt te bou nie."

Dis maar hoe evolusie werk, né. Daar is vandag min mense wat hul ore kan spits. Niemand mis eintlik dié vaardigheid vreeslik nie.

Wanneer daar oor 'n dekade of wat geen meerdaagse wedstryde bestaan nie, sal die ouens wat vyf ure lank voor die penne kan deurbring en in die proses elke hou tegnies korrek uitvoer op pad na 'n verdienstelike 25, nie veel vir 'n span werd wees nie. In teenstelling met iemand wat 'n bal met 'n dwarskolf, ver van sy lyf af, halfpad teen Nuweland se hoofpawiljoen op kan slaan.

(Daardie laaste beskrywing klink nogal soos 'n bofbal-hou. Daar is een verskil: In bofbal mag die bal nie voor die kolwer grondvat nie, wat al die pret bederf en die skaal onregverdig in die guns van die kolwer swaai. Watter krieketspeler wat sy sout werd is, weet nie hoe om 'n "full toss" deeglik te straf nie?)

Dalk is dit omdat ons winters hier so deksels lank is, of dalk omdat die rugbyseisoen vanjaar maar net nie wil vlamvat nie, maar dié week wil dit voel asof daar geen sportsoort in die wêreld is wat naby krieket kom nie.

Bofbal kan dalk in sekere omstandighede gangbaar wees - mits jy van piekniek hou.

## DIE WEEK SE TV-SPORT

DIE Britse Ope, een van gholf se groot vier, het gister begin en oorheers die SAUK se sportuitsendings tot Sondag. Al die groot name in die gholfwêreld gaan daar wees: Seve Ballesteros, Nick Faldo, Jose Maria Olazabal, Payne Stewart, Ian Woosnam...

Die rugbywedstryd tussen Noord en Suid wat Saterdag op die Boet Erasmus-stadion in Port Elizabeth plaasvind, is die naweek se hoofdis op M-NET. Die kragmeting skop om 15:30 af en sal in sy geheel regstreeks uitgesaai word. M-NET saai ook 'n geredigeerde weergawe van die toetswedstryd tussen Namibië en Ierland uit. Die wedstryd begin om 16:00 in Windhoek en die opname word om omstreeks 17:45 uitgesaai.

### Die week se volledige sportprogramme is:

#### SAUK:

Vrydag, 19 Julie: TV1 11:00, TSS 13:00 Gholf: Die Britse Ope. TV1, 18:30 - Gillette World Sports Special. 23:00 Gholf: Die Britse Ope.

Saterdag, 20 Julie: TV1, 12:00 - Junior Sport; 13:00 - sal insluit: Gholf: Die Britse Ope; Perdewedrenne; Tennis: ATP-reeks. 23:00 Gholf: Die Britse Ope.

Sondag, 21 Julie: TV1, 13:00 - Junior sport (heruitsending). TV1 11:00 Gholf: Die Britse Ope.

Maandag, 22 Julie: 21:00: TV1: Rugby: Spervuur met Zandberg Jansen

Dinsdag, 23 Julie: TSS: Gholf: Sharp se Winterreeks.

#### M-NET

Vrydag, 19 Julie, 10.45 nm.: Fletsry: Die Tour de France: Hoogtepunte.

Saterdag, 20 Julie: 3 nm. - 7 nm: Rugby: Noord teen Suid, regstreeks; eerste toets tussen Namibië en Ierland; "Behind the Pits". 10 nm.: Fletsry: Die Tour de France.

Sondag, 21 Julie: 10.15 nm.: Fletsry: Die Tour de France. 11.15: ATP-tennis.

Maandag, 22 Julie, 10.30 nm: Fletsry: Die Tour de France.

Dinsdag, 23 Julie, 9 nm.: Britse gymnasiek. 10.30 nm.: Die Tour de France.

Woensdag, 24 Julie, 11 nm.: Fletsry: Die Tour de France.

Donderdag, 25 Julie, 6 nm.: The World of National Panasonic. 10.30 nm.: Krieket: Die vierde toets tussen Engeland en die Wes-Indiese Eilande. 11 nm.: Fletsry: Die Tour de France.

### Wallis se Murrayfield

DIE rugbyspan van Wallis, wat vier jaar gelede die halfeindstryd van die reeks om die wêreldbeker gehaal het, sou homself 'n groot guns kon bewys deur sy plek in vanjaar se toernooi aan Suid-Afrika af te staan.

Sy vernederende pak slae met 71-8 teen Nieu-Suid-Wallis verlede Saterdag in Sydney is genoeg bewys dat dié tradisieryke rugbyland nie by die wêreldbekertoernooi huisvoort nie.

'n Kollega wat 'n groot ondersteuner van Oos-Transvaal is, sug van verligting wanneer sy span die slag 'n loslootjie het. So gaan dit by die wêreldbekerreeks vir Wallis se ondersteuners wees.

Wallis gaan in Oktober en November straks nog baie nederlae ly, en nie net teen spanne soos die All Blacks en Frankryk nie, maar ook teen kleintjies soos Fiji, Italië en - wie weet - dalk Zimbabwe.

Sy eer, wat seker lankal nie meer gekrenk kan word nie, moet darem ook nie heeltemal verwoes word nie.

As Monica Seles haar drie dae voor Wimbledon kon ontrek, is daar seker nog tyd vir die Wallissers om hul plek in die wêreldbekerreeks af te staan.

Hulle kan sê hulle is siek, of iets.

Leedvermaak is nie 'n mooi karaktertrek nie, maar as die Skotte bly was oor verlede week se uitslag, sou 'n mens hulle dit kon vergewe.

# Greg LeMond

## Goëlaar met die geeltrui aan

Die Amerikaner **Greg LeMond** het die afgelope twee jaar onteenseglik bewys hy is die beste langafstand-fietsryer ter wêreld. Hy het die moordende *Tour de France* twee keer agtereenvolgens gewen en in 1989 ook verras deur die wêreldtitel vir die tweede keer in te palm. Vanjaar is hy ná 'n reeks flou vertonings min kans in die Tour gegun, maar hy jaag weer voor. Die vraag is nou of hy dit tot volgende Sondag kan volhou. **TERRY KIRK** dink by kan

GREG LeMond het nie voor die aanvang van die *Tour de France* koerant gelees of televisie gekyk nie. Anders sou hy geweet het hy staan g'n kans om yanjaar sy titel in dié beroemde wedren te behou nie.

"Hy's hopeloos van stryk af. Hy gaan nie eens naby die voorpunt eindig nie," het Claudio Chiappucci, wat verlede jaar lank voor gejaag het, voorspel.

Kenners in die media het selfs geskimp dat LeMond se tyd aan die voorpunt einde se kant toe staan en dat hy binne 'n jaar of drie in middelmatigheid sal verval.

"Sy groot mikpunt, om sy naam by dié van Jacques Anquetil, Eddy Merckx en Bernard Hinault as vyfmalige wenner te voeg," het iemand in die Franse pers geskryf, "is 'n onrealistiese droom."

Wel, niemand het die moeite gedoen om die 29-jarige LeMond hieroor in te lig nie en gister, tien dae voor die einde van vanjaars *Tour*, het hy die belangrike bergpremies in die Pirineë as algehele voorloper begin, vyftig sekondes voor sy naaste teenstander, Djamolidine Abdoujaparov van die Sowjetunie.

LeMond, wat al met drie oorwinnings in die *Tour* spog, sal die eerste jaar wees wat erken dat dit nog lank nie tyd vir feesvier is nie; eniglets kan nog gebeur. Die ontrekking van die hele PDM-span weens 'n vreemde virus vroeër vandesweek het net weer die *Tour* se onvoorspelbaarheid beklemtoon.

En dit was immers die einste LeMond wat twee jaar gelede een van die grootste opskuddings in die geskiedenis van die wedren veroorsaak het met 'n "onmoontlike" eindpoging op die laaste dag.

Vir almal het dit gelyk asof die briljante Laurent Fignon van Frankryk die glorie van 'n oorwinning in Parys sou smaak. Met slegs 'n tydtoets van 24,5 km oor, was hy vyftig sekondes voor.

Dit het beteken dat LeMond sowat twee sekondes - ofte wel 30 meter - oor elke kilometer sou moes inhaal.

Die jaers het in omgekeerde volgorde weggespring met Fignon net agter LeMond. Dit het beteken dat die Amerikaner nie sou weet of hy die gaping vinnig genoeg laat krimp nie.

Hy het soos 'n pyl uit 'n boog weggespring. "Ek het geweet ek moes van die begin af alles gee. As ek na vyf kilometer moes tou opgooi, was dit tot daarnatoe. Ek het nik gehad om te verloor nie."

Ná twaalf kilometer was die spanning ondraaglik; LeMond het 21 sekondes ingehaal - 'n raps onder sy teiken. Ses kilometer later was hy slegs 15 sekondes agter. Toe hy verby die Eiffeltoring jaag, was daar vyf sekondes tussen hom en 'n oorwinning en die jillende skare - wie se sin vir hoeë drama sterker as hul patriottisme was - het hom luidkeels aangemoedig.

Fignon het alles uitgehaal, maar toe hy die eindstreep by die Arc de Triomphe oorsteek, het hy geweet dit was alles tevergeefs; LeMond was die wenner van die *Tour de France*.

Die verskil tussen hulle was slegs agt sekondes, en dit ná 23 dae en meer as 3 400 km in die saal!

Wat dié sege nog merkwaardiger gemaak het, was die feit dat LeMond twee jaar tevore by die dood omgedraai het ná 'n skietvoorval waarin hy met 'n haelgeweer in die maag gewond is en byna die helfte van die bloed in sy liggaam verloor het. Sestig koeëltjies is uit sy liggaam verwyder.

Sy dokter het gesê hy sou nooit weer kon jaag nie. LeMond het egter wonderbaarlik herstel en hom vir die 1989-Tour ingeskryf met die hoop om 'n plek onder die eerste 20 los te jaag. Aan wen het hy glad nie gedink nie.

'n Mens sou verwag het dat sy kritici teen dié tyd sou weet hoe dwaas dit is om Greg LeMond af te skryf. Hoe groter die uitdaging, hoe groter sy wil om te wen.

So het hy in 1989 teen alle verwagtinge in die wêreldtitel 'n maand ná die *Tour de France* ingepalm in 'n eendaagse wedren oor 259 km.

Vooraf is geskryf: "Die wenner van die *Tour de France*, Greg LeMond, kan hoogstens as 'n gevaelike buiteperd beskou word. Vanjaar se roete met sy vinnige, steil afdraandes, pas hom glad nie en hy sal gelukkig wees as hy onder die eerste tien eindig."

Greg het terloops nog nooit geglo dat geluk en welslae veel met mekaar uit te waai het nie.

"Veral in 'n lang wedren soos die *Tour*, is dit gewoonlik die beste man wat wen," sê hy. "Swak spanstrategie en ongelukke kan jou laat verloor, maar net krag, stamina en vegtersinstink kan jou laat wen. Jy moet goed wees in die berge, in die vinnige skofte oor gelyke dele en in die tydtoets."

Nadat hy verlede jaar sy derde Tour-oorwinning behaal het, het hy gesê dit moet sekerlik die sportwêreld se allergrootste toets wees.

"Nêrens anders word uithouvermoë en intensiteit so gekombineer nie. Driekamp is dalk 'n strawwer toets vir uithouvermoë en iets soos 'n 100m-naelloop is meer intens, maar hier het jy alles saam in een wedren."

Verlede jaar het hy deurgaans na die waarskynlike wenner gelyk - selfs in 'n stadium toe Chiappucci, Steve Bauer, Frans Maassen en sy eie spanmaat Ronan Pensec, meer as 10 minute voor was.

"As ek ooit die kans kry om 'n voorsprong van 10 minute in die *Tour* op te bou, sal niemand my vang nie," het LeMond gesê.

Wat sy taak bemoeilik het, was die feit dat Pensec die geeltrui van die voorloper twee dae lank gedra het. Ou fietsry-tradisie - en duidelike bevele van sy span se borge - het verhinder dat hy die voortou probeer neem. Kosbare tyd het verlore geraak.

Chiappucci het 'n taktiese fout begaan deur die geeltrui te buit. Hierna het LeMond hom stadig maar seker begin inhaal en vyf dae voor die einde was die geeltrui syne. Hy sou hom nie weer afstaan nie.

LeMond is ongetwyfeld een van die beste jaers wat die wêreld nog opgelever het.



Waarom bly die media dan skepties?

Dalk omdat dit LeMond uitstekend pas. Iemand het onlangs geskryf dat sy grootste bate nie sy krag is nie, maar sy vaardigheid in sielkundige oorlogvoering.

Verlede jaar was hy ook nie een van die gunstelinge nie. Hy het ter voorbereiding vir die *Tour de France* aan 'n toer in Amerika deelgeneem en 78e geëindig.

Na die tyd het hy gesê hy het sy bes probeer, maar hy kon eenvoudig nie vinni-

ger nie. Sy oorwinning in die *Tour* was afdoende bewys dat hy met 'n fyn speletjie besig was.

Dis asof hy almal - maar veral sy teenstanders - met opset laat glo hy kan nie wen nie... en later agteraf vir hul ligglewighed lag.

En al wen hy vanjaar sal hulle volgende jaar sê Greg LeMond se beste dae is verby. Tot hy hulle weer verkeerd bewys.

# 'Sendelinge' krap NGKA om

Swart kerkleiers in die NGKA is hoogs omgekrap oor wat hulle bestempel as 'n kliek van wit predikante wat glo agter die skerms saamwerk om die moderatuur van die NGKA en die NGSK te 'ondernem'. Hulle sê 'n 'sendeling'-houding word jeens hulle aangeneem.

**INA VAN DER LINDE** doen verslag

MISSIONARY GO HOME! was die slagspreuk in die jare rondom 1973 toe die Presbiteriaan, Johan Gatu van Kenia, gevra het vir 'n moratorium op wit sendelinge en wit geld uit Europa om Afrika-kerke 'n kans te gee om die oordonderende Westerse invloed af te skud.

Verlede Donderdag het dié debat in die NG Kerk in Afrika (NGKA) herleef. Dié keer was dit gernik teen predikante in die NG Sendingkerk (NGSK) en die NGKA wat krities gestaan het teenoor die wyse waarop die leierskap in die swart kerk die kerkregtelike aspekte rondom kerkeenheid met die Sendingkerk hanteer het.

Dit het begin met 'n bewering dat die skryf van die Sendingkerk, dr Andries Botha, oor 'n lys van name van wit predikante binne die NGKA beskik. Later is beweer dat 'n kommunikasiestelsel tussen die sogenaamde "big six" bestaan waarvolgens regsaadvies wat net vir die oë van moderatuurslede bedoel was, na dié strategies-geplaasde wit predikante deurgestuur word. So word die moderatuur subtel ondergrawe.

Sentraal hierin staan 'n stuk regsaadvies wat die moderator van die NGKA in die Vrystaat, ds Stef Skeen, drie jaar gelede namens die Vrystaters aangevra het. Ds Sam Buti, moderator van die NGKA, het Skeen verkwaklik omdat hy hierdie stuk ook aan Botha in die Kaap gestuur toe dié daarom vra, sonder om dit ook aan die moderatuur van die Algemene Sinode van die NGKA te stuur.

Ondanks Skeen se ontkenning dat hy lid is van die "big six" en sy verduideliking dat die stuk regsaadvies ingewin is in opdrag van sy moderatuur, dat dit 'n openbare stuk was wat hy gestuur het aan enigeen wat daarom vra, was hy sterk in onguns by die sinode.

Sê Buti aan die einde van die debat: "Dit is 'n probleem as iemand 'n sendeling was en nou 'n posisie van mag in die kerk het en wil dikteer. Dit is hoekom kerke wat uit die sendingveld gekom het, sê: Go home, missionary. Gaan huis toe. Gaan dorp toe, los vir ons as jy nie wil eenheid hê nie, en bly daar. Go home missionary. Ons is nie langer 'n sendingveld nie, maar 'n kerk."

Buti koppel die verhoudinge met wit "sendelinge" direk aan die swak verhouding met die wit NG Kerk. Vir die swart kerk verteenwoordig "sendelinge" steeds die beleid en houding van die NGK.

Ds Zack Mogoobo, sekretaris van die Belydende Kring (BK), 'n radikale groep binne die NGKA, gaan verder. Hy verwys na 'n "Jona op die skeepsrak van kerkeenheid". Goed geplaasde wit sendelinge vorm 'n "geheime klub" agter die skerms om kerkeenheid in die wile te ry.

"Gooi Jona in die see. Laat die wit broeders ons uitlos. Ek vra dat 'n vorm van moratorium op die invloei van sendelinge na ons kerk geplaas word..."

"Ek beskou die kwessie van die invloei van wit sendelinge as 'n

uitbreiding van die ou sendingsbeleid van die NGK. Ons kan nie toelaat dat hierdie skip van ons wat deur God gestuur word, op die rotse beland nie".

'n Kwaad ds MK Koaho van Sebokeng het ook van hom laat hoor: "As mens mooi kyk na wie gekant is teen kerkeenheid, is dit nie die swart broeders nie, hoewel dit so kan lyk, maar dit is vreemdelinge wat as sendelinge na ons kerk gestuur is.

"Hulle het gekom as 'n uitbreiding van die beleid van die NGK, wat nie kerkeenheid wil hê nie... Hulle gaan aanhou om dit te doen waarvoor hulle gestuur is, naamlik om kerkeenheid in die wile te ry."

Hy het gevra dat die wit predikante teruggaan na hulle stede. "Ons is hier om onsself as swartmense te ontdek, nie op 'n rasistiese wyse nie, maar die hele tyd is daar verdeeldheid in ons byeenkomste. Ek vra hulle om swartmense uit te los."

Mogoobo sê later in 'n gesprek "sendelinge" sal hulle hele beeld moet verander. Dit sluit in dat hulle by hul gemeentes in swart woongebiede behoort te gaan bly; dat hulle deur die NGKA opgeleid word waaraan die ou sendingbegrip van die NGK nie langer geld nie; dat die NGKA wit predikante legitimiseer; en dat wit predikante, wie se salaris se meestal deur die NGK betaal word, se salaris by die NGKA inbetaal word sodat dié hulle gelyke salaris met swart predikante kan betaal.

En Buti se duidelike waarskuwing: Die wit broeders wat teen "die kerk" werk, sal fyngemaal word.

Hy en verskeie ander het daarop gewys dat die bevryding van die NGKA uiteindelik aangebreek het. Vir die eerste keer in die geskiedenis bestaan die moderatuur van die Algemene Sinode net uit swart leraars.

Hoewel wit leraars in die swart kerk al jare lank die spit moes afbyt as simbool van baie jare van wit oorheersing, was dit selde so duidelik dat die tyd vir swart konsolidasie aangebreek het.

Dr Nico Smith, die vorige aktuaris en moontlik die laaste wit moderatuurslid vir 'n lang tyd, sê: "Die NGKA is nou eers by die punt waar hy self missionary go home, jare nadat die debat in die res van Afrika verby is."

Die politieke bewussyn in die NGKA het in 1975 by die sinode van Worcester begin toe die hele konservatiewe moderatuur vervang is en sterk besluite teen apartheid en ras gebaseerde kerke geneem is.

By die sinode vier jaar later was daar weer 'n trugolf en is teruggekeer na 'n sterk konservatiewe standpunt. Dit het by die opvolgende sinode van Barkly-Wes voortgeduur. By die sinode van Umtata in 1987 was daar 'n keerpunt en het sterk BK-manne die moderatuur oorgeneem. Vanjaar was dit duidelik dat dit die politieke en kerklike pad is wat die NGKA

daar weer 'n trugolf en is teruggekeer na 'n sterk konservatiewe standpunt. Dit het by die opvolgende sinode van Barkly-Wes voortgeduur. By die sinode van Umtata in 1987 was daar 'n keerpunt en het sterk BK-manne die moderatuur oorgeneem. Vanjaar was dit duidelik dat dit die politieke en kerklike pad is wat die NGKA

voortaan gaan loop.

By die sinode het die vraag ontstaan: Watter rol het wit leraars nog in die NGKA te speel?

Hierop antwoord Skeen: "Lyk my of hier 'n totaal nuwe situasie na vore kom. Die kritiek van ons kant is gesien as ondermyning en aftakeking van die leierskap. Wat ons ook al sê oor kerkeenheid - hoe sterk ons daarvoor is, maar dat daar sekere kerkregtelike probleme is - hulle wou ons eenvoudig nie aanvaar nie."

"Maar ek verstaan dit. Die manne moet nou hulle eie identiteit vind ná die 40 jaar van apartheid waarin hulle altyd moes sê 'ja-baas'. Hulle sê hulle het nou die initiatiefgeneem en hulle ervaar dat dat ons hulle nou wil terugbring na 'n toestand van baasskap."

"Vir my was dit 'n trauma om te hoor 'missionary go home'. Ek aanvaar lankal dat daar nie 'n baasskneeg verhouding kan wees nie, maar nou wonder ek of ons nog enige rol het. Daar is ook 'n poging om enige witte op die finansiële kommissie uit te werk, want hulle wil dit self bestuur."

"Daar sal iets van die swart kant moet kom wat laat blyk hulle aanvaar ons nog, want daar is 'n breë gevoel van onsekerheid by wit predikante hieroor. Die vraag ontstaan wat word dan nou van die konsep van 'n nie-rassigheid en gelykheid binne die NGKA?"

Prof. Dons Kritzinger, sendingnavorsaar aan die UP en predikant van die NGKA in Mamelodi meen die hele kwessie rondom die moratorium-debat het in Europa en Amerika groter sensitiviteit gebring teenoor die Afrika-situasie.

Die negatiewe uitvlotsel was dat verskeie sendinginstansies so oorsensitief geword het, dat hulle alle bedrywigheid ingekon het en net op ontwikkeling begin koncentreer het, wat nuwe probleme geskep het.

"Ek persoonlik is baie hartseer daaroor dat die debat nou ná vyfien jaar weer opgehaal is. Ons wat nog in die NGKA oorgebly het, kan werkelik nie meer as wit sendelinge bestempel word nie. 'n Paar jaar gelede is die kerkorde juis so verander om weg te doen met sendelinge en nou is daar net een kategorie en dit is leraar."

Prof. Attie van Niekerk van Turfloop, die teologie fakulteit van die NGKA, meen enersyds blyk dit dat witte nie welkom is nie, maar andersyds kan hulle ook nie loop nie. "Dit is baie duidelik: die NGKA wil nou sy eie identiteit vind. Die witmense, wat tot dusver die struktuur bepaal het, kan dit nie meer doen nie. Maar ons het tog 'n rol te speel, want witmense is uiteindelik deel van die nuwe nie-rassige identiteit waarna die NGKA soek."

Ds Koos Oosthuizen, aktuaris van die sinode Oos-Kaap, sien dit so: "As jy vir iemand moet lig maak met 'n flitsig, moet jy langs hom gaan staan en nie voor hom staan en in sy gesig lig nie. As jy dit doen, klap hy die flitsig weg."

"Die Westerse kultuur is baie

meer konfronterend. 'n Voorstel word ter tafel gelê en dit word bespreek en aanvaar. In Afrika word 'n probleem gestel, en van alle kante bespreek. Langsamerhand kristalliseer 'n antwoord uit en dan kan die persoon in die gesagsposisie die konsensus verwoord.

"Die twee stelsels kom hier in botsing en wanneer ons vir die posisie sê hy is verkeerd, is dit gelykstaande aan verraad. Ons moet leer om die flitsig te hanteer."

"As ons binne die swart konteks diens wil lever, moet ons die boodskap kry dat ons sake verkeerd hanteer. As die ouens nou met 'n haengeweer na alle witte in die kerk skiet, moet ons besef ons was dalk onmanierlik in ons optrede."

Hy sien steeds 'n rol vir homself in die NGKA. "Maar die moderator en assessor is my leiers en ek staan 'n tree agter hulle. My drang om in te storm soos 'n los voorspeler moet ek bedwing en voortdurend probeer onthou ek speel heelagter."

En wat sê die grootste kenner van orlewing in die NGKA? Die manier waarop "wit sendelinge" gebruik is, is nie bedoel teen alle wit predikante nie, maar teen diegenie wat nog die gesindheid, filosofie, tradisie en boodskap van die wit kerk verteenwoordig, sê dr Beyers Naudé.

"Daar was nie 'n gevoel van swart teenoor wit nie. Dit gaan nie om velkleur nie, maar 'n gesindheid, 'n benadering."



Allan Boesak

## Boesak pak sy kerk

DR ALLAN BOESAK het Woensdag weer sy verskyning op die kerklike toneel gemaak ná 'n afwesigheid van langer as 'n jaar. Hy het opgedaag as ouderling-afgevaardigde van die Ring van Wynberg by 'n gesamentlike konferensie van die Sendingkerk en die NG Kerk in Afrika.

En sommer gou het hy weer die kat in die duiwehok gegooi toe hy sy eie kerk beskuldig het van wettisme en rassisme op die pad na kerkgemeente. Terwyl hy warm ontvang is deur verskeie kongresgangers en steeds groot invloed het, was dit duidelik dat daar nog 'n groot mate van spanning tussen hom en voormalige kollegas in die NGSK bestaan.

Gevra of hierdie gesien moet word as 'n poging om weer 'n rol op kerklike terrein te speel sê Boesak: "Nee, glad nie. Ek sou in elk geval nie die term come-back gebruik nie. Ek is afgevaardig deur die ring en stel al dekades lank belang in die kwessie van eenheid, en was ook van die begin af ten nouste betrokke by die saak."

Sal hy weer 'n leierskapsrol wil speel? "Ek weet nie of die kerk my daar wil hê nie. Ek moet seker eers weer sien hoe dinge loop. Ek sou maar eers terug wou kom bediening toe om weer in 'n gemeente te dien en dan sal ons maar daarvandaan verder moet sien."

"Ek sou baie graag wou terugkom as predikant en mis die bediening geweldig. Hoewel ek nog nie formeel aansoek gedoen het nie, sal die aansoek maar die gewone kanaal volg vanaf kerkraad na die kommissie en hulle moet besluit. Die kommissie sit die einde van die jaar."

Boesak sê hy is nie bewus van spanning tussen hom en ander voormalige kollegas nie, behalwe met mense soos dr Andries Botha en ds Sakkie Mentor met wie hy vroeër ernstige verskille in die moderatuur gehad het.

Hy het wel kritiek teen die wyse waarop die NGSK verlede jaar die kwessie van kerkeenheid op hulle sinode en daarna hanteer het. "Ek het gesê hulle was as 't ware voorskriflik en paternalisties. By die konferensie het ek gesê daar is elemente in die gemeenskap wat sodanig deur die filosofie van apartheid aangetas is, dat ook ons gemeenskap 'n mate van rassisme toon. As ek praat oor die onwilligheid om een te word met die NGKA, moet dit nie as 'n belangrike faktor onderskat word nie."

"Ek sê dat dieselfde mense wat binne die NGSK soveel probleme oor eenwording het, g'n enkele probleem met eiendomme, salaris, en allerhande onsin sou gehad het nie as dit die NGK was wat hulle gevra het om een te word."

# 1991 WINTER PROGRAMME

Damelin Management School is the leading Management Training Centre in Southern Africa, with over 60 000 graduates, many of whom now hold senior executive positions. Delegates have the choice of attending either the evening or Saturday morning classes.

COURSE	DURATION	STARTING DATE
Business Management	7 months	31 July
Small Business Management	4 months	1 August
Business Organisation Management	4 months	10 August
Manager Development	3 months	15 August
Financial Management	4 months	5 August
Practical Accounting	2 months	5 September
Basic Bookkeeping (Part-time) (mornings only)	11 weeks 2 weeks	4 September 9 September
Credit Management	3 months	22 August
Marketing Management	5 months	31 July
Marketing & Sales Management	3 months	7 September
Sales Management	3 months	24 August
Successful Salesmanship	3 Months	19 August
Public Relations	3 months	14 August
Frontline & Public Relations	3 months	24 August
Personnel Management	4 months	10 August
Personnel & Training Management	3 months	31 August
Industrial Relations	3 months	28 August
Training Management	2 months	1992
Project Management	3 months	17 August
Production Management	4 months	10 August
Production & Supervision	3 months	7 September
Purchasing Management	3 months	21 August
Warehouse Management	3 months	29 June
Storekeeping and Stock Control	3 months	31 August
Security Management	4 Months	4 September

Phone (012) 322-6710 or call at 5th Floor, Sinodale Sentrum, 234 Visagie Street, Cnr Andries Street, Pretoria.  
Our special nightline (012) 73-5771 is open between 6-9 p.m.

# Damelin

## MANAGEMENT SCHOOL

DMS COURSES ARE HELD IN JOHANNESBURG, ROSEBANK, PRETORIA, VREGENIGING, MMABATHO, DURBAN, PIETERMARITZBURG, PORT ELIZABETH AND CAPE TOWN.

GREY ADVERTISING 07136



The University of Natal rejects apartheid. It is an equal opportunity, affirmative action university.

### Department of Fine Arts and History of Art

#### Tutor in Fine Arts (Paintings)

Ref. P84/91

Closing date: 31 July 1991

This is a 3-year contract post. Responsibilities will lie chiefly in teaching Painting to undergraduate students, from the first to the fourth year of study. Opportunities to contribute to other areas of the Department's work are available.

Applicants should be suitably qualified and experienced in the visual arts generally, and should indicate their fields of specification. Portfolios of creative work, preferably in the forms of transparencies, must be furnished.

The salary offered will be determined according to the qualifications and/or experience of the successful applicant.

Application forms, details of the salary package and conditions of service are obtainable from the Personnel Section, University of Natal, P O Box 375, Pietermaritzburg 3200, Telephone (0331) 95-5277.

**PARTNERS IN PROGRESS**  
AD MARK

### INDUSTRIAL RELATIONS DIPLOMA

The sudden spate of strikers in South Africa clearly indicates a lack of understanding between workers and management. This situation necessitates that both sides have a thorough knowledge of each other's rights and viewpoints. Learn where you stand, how to negotiate and how to deal with conflict. Create a profitable working environment for your company, its staff and for yourself.

#### RECOGNITION

Students successfully completing this intensive diploma course will earn credits towards a Bachelor of Business Administration degree from Newport University, USA, and students will be able to use the abbreviation Dip.I.R. (EE) after their names.

The course will be run by a leading industrial relations practitioner who has had 17 years experience in Industrial Relations with one of South Africa's largest companies. He has an M.A. degree in industrial relations from Warwick University in the UK and is a fellow of the Industrial Relations Practitioners' Association of SA.

#### COURSE CONTENT

1. Understanding industrial relations;
2. Trade Unions: their place in the workplace and society;
3. Labour Law;
4. The disciplinary procedure;
5. The grievance procedure;
6. Collective bargaining;
7. Handling disputes;
8. Corporate communications.

#### DURATION

#### COMMENCEMENT DATE

5 days full-time 08h00 to 17h00

1st July 1991

3 months part-time 08h30 to 12h30 - Saturday mornings

17 August 1991

#### Executive

### EDUCATION

#### COURSES FOR EFFECTIVE MANAGEMENT

For a full prospectus on courses offered call on us at:  
207 Cradock Avenue Rosebank. Tel: (011) 880-2772  
Fax: (011) 442-8092

## Aids-dokters: die pasiënt se reg om te weet

NEW YORK - Philip Feldman het sedert 1985 geweet dat hy HIV-positief was, maar met sy tandarts-praktyk voortgegaan tot net voor sy dood op 18 Junie.

Feldman se dood weens Aids het die debat heropen oor pasiënte se reg om te weet of mediese werkers - veral chirurgen en tandartse - draers van die Aids-virus is.

Die polemiek hieroor en oor die moontlik oordrag van Aids-besmetting tussen dokters en pasiënte duur voort sedert dit 'n jaar gelede in die media begin het.

Die VSA se federale gesondheidsdiens het verlede Maandag nuwe riglyne aangekondig. Besmette dokters en tandartse word aangesê om nie procedures toe te pas wat bloedlating behels nie, tensy pasiënte van die risiko in kennis gestel is en 'n paneel van kenners hiermee saamstem.

Die opdrag word al 'n maand verwag. Maar in die VSA, waar regsgedinge volop en versekingsmaatskappye magtig is, glo baie dat die saak ver van oopgelos is.

Die staat New York het 'n spesiale telefoon-lyn ingestel wat oorval word deur oproepe van mense wat sielkundige leiding wil hê omdat hulle vreesbevange is dat hulle deur hul dokters met die dodelike virus besmet is.

Feldman het by navraag aan pasiënte ontken hy is 'n Aids-draer.

Die staat het besluit om 'n ondersoek te begin na dié tandarts se praktyke en om as voorsorgmaatreel 'n lys van sy pasiënte saam te stel. Dié stap ontstel groep wat diskriminasie teen mense met Aids beveg.

Sedert Aids verskyn het, het die mediese gemeenskap verskeie ernstige vrae nog nie beantwoord nie. Byvoorbeeld: mag 'n HIV-positiewe chirurg toegelaat word om te opeere? Moet gesondheidswerkers getoets word vir die virus? En moet pasiënte in kennis gestel word van die resultate?

In Mei is in New Jersey se hoërhof bevind dat 'n pasiënt die reg het om te weet van 'n dokter se siektes. Dit was die eerste hofbeslissing in die VSA oor dié kwessie, en appèl is daarteen aangeteken.

Die vraag is meér as 'n twis oor 'n wetspunt vir Kimberly Bergalis (23) - wat tesame met drie ander pasiënte deur 'n tandarts met Aids besmet is.

Bergalis kritiseer Florida se Departement van Gesondheid omdat dié nie gekeer het dat die tandarts praktiseer nie. - JEAN-LOUIS PANY (AFP)

## Neo-Nazi's jaag Duitsland op hol

BERLYN - Daar is waarskuwings-tekens dat die toenemende werkloosheid in Duitsland vrugbare grond bied aan neo-Nazi leiers.

'n Neo-Nazi protestotog in Dresden verlede maand is die grootste byeenkomst van fasciste in Duitsland sedert die Tweede Wêreldoorlog. Meer as 1 500 skinheads en neo-Nazis het met Hitler-salute gemarsjeer.

Kanselier Helmut Kohl het die "skandelelike" opkomst van die neo-Nazis afgekeur. Hy sê hulle "probeer lewe blaas in die ou demone van nasionalisme, vreemdelingheaat en anti-semitisme".

Vrye Weekblad, 19 - 25 JULIE 1991



Onthou die Tsaar! Lede van die Russiese groep Parmyat by 'n diens om die moord op tsaar Nikolaas II en sy gesin op 17 Julie 1918 tydens die Bolsjewiste-revolusie te herdenk.

## Angola smaak demokrasie deur sokker

Die Angolese het so pas hul eerste oefening in die demokrasie beleef. JAN RAATH doen verslag van die voor spel tot aanstaande jaar se algemene verkiesing

LUANDA - Die media noem dit "die eerste demokratiese handeling" sedert Angola 'n Marxis-Leninstiese eenparty-stelsel daarvan toegeroep het. Hulle verwys na die eerste verkiesing so pas van 'n nuwe uitvoerende komitee vir die Angolese Sokkerfederasie.

Nes die nasionale politieke establishment, is sokker sedert onafhanklikheid in 1975 bedryf deur amptenare in Luanda wat deur die heersende MPLA-party aangevestel is.

Ontneem van enige demokratiese deelname - eers onder 400 jaar van Portugese oorheersing en toe deur 'n "revolucionêre bevrydingsparty" met Stalinistiese metodes -

het die Angolese hulle eerste smaak van vryheid geniet en hulle goed van hulle taak gekwyt.

In November 1992 sal die land die werklike drama van die eerste vrye, veelparty-verkiesing van 'n regering ervar.

Die verkiesingsproses sal bedryf word deur 'n gesamentlike politieke en militêre kommissie (GPMK), met Unita en die MPLA as lede. Die VSA en die Sowjet-Unie - voormalige ondersteuners van die onderskeie partye - sowel as Portugal en die VVO sal waarnemers wees.

In April 1991 voltooi die MPLA 'n lang metamorfose na "demokratiese sosialisme". Die party stel 'n grondwet in wat vrye politieke

aktiwiteite toelaat, asook die bestaan van ander politieke partye, vryheid van spraak en die pers, die reg om te staak en om vakbonde te vorm, en vryheid van godsdienst.

Maar die grondwet is 'n voorlopige dokument wat deur die GPMK se wydrekende magte aangepas kan word.

Dit is duidelik dat Unita kapsie sal maak teen die bepaling wat buitelandse befondsing van 'n politieke party verbied. Die party is deur die VSA kontant beloof vir sy verkiesingsveldtog. Nog 'n strydspunt is dat die radiowese in die staat se hande geplaas is. Die radio is 'n belangrike medium in 'n uitgestrekte land waar die bevolking van 10 miljoen deur groot afstande van mekaar geskei is.

Die MPLA is besorg omdat Unita se radiostasie - bekend as "Organ", die Portugese akroniem vir "die weerstandstem van die swart haan" - aanhou om anti-MPLA propaganda uit hul hoofkwartier in die suid-ooste van Angola uit te saai. Die MPLA sê dit hou aan om die vredesproses te ontspoor. Organ se uitsendings is ook teenstrydig met die vredesooreenkoms.

Maar politieke aktiwiteit is 'n lank onderdrukte behoeft van Angolese. Ses en twintig nuwe politieke partye is al bekend gestel - feitlik almal in Luanda.

Die groot politieke stryd is egter

tussen die MPLA en Unita. Die Mbundu in die noorde en rondom die hoofstad, Luanda, steun die MPLA. Die Ovimbundu - die grootste groep wat die goed-verboude hoë sentrale plato bewoon - ondersteun Unita.

Jonas Savimbi van Unita - 'n Ovimbundu van die Huambaprovincie op die plato - se aanleg vir publiekheid is in skerp teenstelling met die "ernstige" president Jose Eduardo Dos Santos van die MPLA. Dos Santos het persoonlik geen stamverbintenis in Angola nie - albei sy ouers is gebore op die Sao Tomé-eiland aan Afrika se weskus, digby die ekwator.

Savimbi reken daarop dat die rampspoedige lewe onder die MPLA van die afgelope 16 jaar nog sal voortduur tot die verkiesings.

Maar toe hy op 1 Junie terugkeer van Lisbon ná die ondertekening van die vredesverdrag, is Dos Santos ontmoet deur tienduisendes wat vreugdevol uitgeroep het: "Mister Paz" (meneer Vrede).

Die demokratiese proses sal plaasvind onder meesal ongeletterde mense met min of geen idee van wat 'n verkiesing is of watter doel dit dien nie - en vir wie politiek tot dusver brutale behandeling behels deur watter politieke leier ook al die gebied oorheers waarin hul woon. - DPA


rand word nie.

Buitelanders lê maar laag of bly snags huis. Burgers van Mosambiek, Angola, en Viëtnam - na Oos-Duitsland gebring in uitruilings met ander kommunistiese state - is teken van skinhead-bendes.

'n Burger van Mosambiek, Jorge Gomandai (29), is dood nadat hy in April van 'n Dresden trem gegooi is. In Mei is twee Namibiane uit 'n hostel gesmyt. Een het etlike gebreekte bene opgedoen en die ander is nog in 'n koma. - YACHINE LE FORESTIER (AFP)

# Kenia se jeug blind van die woede

Uitbarstings van geweld neem die laaste paar maande toe onder die jong mense van Kenia. Verskeie universiteite is weens kampus-opstande gesluit en verlede naweek het 'n skare skoolseuns 19 meisies gedood en 75 beseer in 'n massaverkragting. Sommige kenners meen dis 'n gebrek aan werkgeleenthede en hoop vir die toekoms wat die jeug frustreer.



Skoolkinders soek na hul besittings in die St Kizito-skool in Kenia waar 19 van hul klasmaats dood en 75 beseer is toe mansstudente Saterdag 'n aanval op die meisieskoshuis uitgevoer het

NAIROBI - Kenia se jeug is betrokke in 'n blinde, rigtinglose opstand teen 'n samelewings gekenmerk deur armoede, wrywing tussen stamme en politieke onrus.

Só sê Citobu Imanyara, bekroonde tydskrifredakteur, prokureur en voorstander van 'n veelparty-demokrasie in dié eenparty-staat.

Om te wys hoe erg dié opstand is, verwys politieke waarnemers na die moorde verlede Saterdag toe 19 skoolmeisies in 'n massaverkragting deur skoolseuns gedood en 75 meisies beseer is.

Sowat 300 tiener-skoolseuns van 'n Rooms-Katolieke kosskool in die sentrale distrik van Meru het 'n meisieslaapsaal met klippe en metaalpype bestorm en oorgegaan tot 'n orgie van geweld.

Die aanval - wat kerkleiers, regeringsministers en vrouegroepes geskok en ontstel het, is die jongste uitbarsting van studentewoede.

President Daniel Arap Moi het 'n ondersoek gelas en sê die skoolseuns sal 'n straf ontvang wat as voorbeeld sal dien.

Kampus-opstande het in die laaste maande gelei tot die sluiting van verskeie universiteite in Kenia.

Imanyara - self van Meru - sê die skoolseuns het "hul frustrasie teen 'n verbrokkelde skoolstelsel op 'n baie radikale en primitiewe manier uitgedruk".

Na berig word, was die skoolseuns woedend omdat die meisies geweier het om deel te neem aan 'n skoolstaking wat hulle teen die skoolowerheid beplan het.

"Daar is 'n frustrasie onder die jong mense van die middelklasse - die werlike armes kry skaars 'n kans om skool te gaan - want hulle verwag goeie beroepe wat nie te vindie is nie," sê Imanyara.

Peter Saisi, Meru se distrikskommissaris, blameer die aanval op "die toenemende dwelmgebruik en alkohol-misbruik onder seuns".

Maar die Rooms-Katolieke

priester Ndikaru Wa Teresia sê dwelms en alkohol is slegs die simptome van 'n groeiende sosiale ongesteldheid.

"Die seuns is natuurlik te blameer, maar 'n mens moet ook kyk na die hele opvoedingstelsel en die verlies aan hoop by sommige van ons jeugdiges," sê Teresia.

Die polisie word ook gekritiseer omdat hulle eers ure ná die moorde op die toneel opgedaan het - blybaar omdat hulle nie petrol gehad het nie.

John Njue, biskop van Meru, sê: "Die vreesaanjaende gebeure by St Kizito roep 'n beeld op van 'n waansinnige wêreld waar kinders só ontaard dat hulle mekaar doodmaak. Dit is duidelik dat iets lewers verkeerd geloop het, en nou is die tyd om onself aan te spreek oor die redes wat agter sulke handelinge steek."

Vroeër vanjaar het skoolseuns in Kiriani - ook in Meru - vyf meisies aangeval en verkrag en hul skool aan die brand gesteek.

'n Senior Westerse diplomaat sê Moi het hoér opvoeding verbeter en nuwe universiteite geopen om 'n groeiende studente-bevolking te huisves. Maar graduerees is teleurgestel en gefrustreer oor die tekort aan werk, terwyl die bevolkingsaanwas versnel.

Die Meru-stam van die sentrale streek is histories bondgenote van die Kikuyu's - een van Kenia se sterkste stamme - en die Embu's.

Die drie stamme - wat tradisioneel 'n dominante rol speel - het in die Mau-Mau beweging van die jare vyftig saam teen Britse oorheersing geveg. Maar onder die regering van Moi - 'n lid van die klein Kalenjin stam - is hulle na die kantlyn geskuif.

Imanyara het etlike maande agter tralies deurgebring omdat hy 'n kritiese artikel geplaas het oor wat sommige sien as die Kalenjin se "wurggreep" op mag.

Diplomate in Kenia sê hulle

onderskei tussen die regeringshiërargie waarin alle etniese groepe amptelik verteenwoordig is, en die werlike hiërargie wat deur Kalenjin oorheers word.

Jong Meru's en Kikuyu's kritiseer hul ouers omdat hulle die houvas op politieke mag verloor het, hoewel die meeste van hulle suksesvolle sakemense is.

In Nairobi vorm luukse, lowerlyke voorstede 'n skerp kontras met agterlike, uitgestrekte krotbuurte wat huisvesting bied aan twee derdes van die sowat twee miljoen inwoners van Kenia se hoofstad.

"Dit is 'n tydbom," sê die diplomaat. "In 1982 [toe daar 'n onsuksesvolle staatsgreep-poging teen Moi was] het mense van die krotbuurte deur die ryker dele gestorm, buit gemaak en geplunder."

Bendes maer, kaalvoet kinders wat gom snuif uit vuil plasticaksake en in sakmateriaal geklee is - beset die middestad. Hulle bedel geld van motoriste wat parkeer en bied aan om hulle motors te bewaak. - AFP

## Poolse pornografiese politiek

WARSKOU - 'n Voormalige verteenwoordiger van die Poolse regering - nou die redakteur van die satiriële weekblad Ne - is daarvan aangekla dat hy pornografie versprei. Volgens plaaslike joernaliste gaan die saak glad nie oor die erotiek nie, maar oor die politiek.

Die koerant Ne - met twee uitartende handgebare op die voorblad - spot sonder omhaal met die nuwe politiek orde en mag in Pole. Die redakteur, Jerzy Urban, het al spotprente van die Poolse president Lech Walesa, sy vrou, en die minister van buitelandse sake geplaas. Urban steek die draak met al die spelers op die Poolse politieke toneel.

Die koerant is gewild onder die Pole, wat - soos wyd bekend - bereid is om vir enige regering te lag. Maar selfs vir hulle was Ne se half-bladsy afbeelding van 'n vroulike geslagsorgaan langs 'n klein plakkat wat lui "Poolse politiek, \$100" onverwags.

Briewe van verontwaardigde lezers het die koerant se redaksiekantoor oorstrom. Urban het toe 'n "regstelling" geplaas: 'n herdruk van dieselfde afbeelding - maar dié keer kleiner, met 'n prys wat die helfte goedkoper is.

Hierna het die Poolse president die weekblad aangeval en belowe om die redakteur te vervolg.

Of ten minste, dit is Urban se storie. In een van die jongste uitgawes van Ne skryf hy dat Walesa se woede-uitbarsting wys dat die president se tyd kort raak. - NOVOSTI

DAVID CHAZAN *doen verslag*

# Change your life

**Yes! You can change your life.**

Do you sometimes feel that you could be getting more out of life, that life is simply passing you by? Don't you sometimes wish that you could meet lots of interesting new people but haven't a clue as how to go about it? Perhaps you have thought about it, and eventually decided that you would much rather sit at home than join the 'lonely hearts' circuit and Singles Clubs aren't quite your style...

Well, there is a solution. You could call us and in so doing you would have everything to gain and absolutely nothing to lose. We are here for people exactly like you!

## A FEW WORDS ABOUT ARTHUR MURRAY'S...

We are not just a Dancing Studio. Our social calendar is filled with parties, nights out on the town, weekends away, Dinner Dancing in the glitziest nightspots and many, many more fun functions!

On your first visit to our well appointed studio we will give you an absolutely free lesson which will place you under no obligation whatsoever.

Partners are not necessary. We are an adult studio catering for the over 21's only. Our membership is made up of interesting people from all walks of life. We have single people, couples, young people and no, we don't have old people, but we do have one or two very zestful and young at heart eighty year olds! And in this modern day and age, we are one of the few places remaining where a lady can still feel perfectly at ease attending lessons or functions by herself.

Our lessons and social activities are handled by our truly expert, caring and professional team of full time ladies and gentlemen who make up our staff.


We have been going strong in South Africa for over 36 years and we are still expanding. Our newest studio was opened up as recently as October last year, so we must be doing something right!

## WHY DON'T YOU DECIDE TO GIVE US A CALL TODAY?

Decide now that you are not going to sit at home another minute and give us a call at Johannesburg 403-3044 or Benoni 845-2835, Pretoria 28-3163 Roodepoort 763-2574 and change your life forever.

# Lending an ear to the community

If you have a complaint, **John Kani** is the man to blame. **ANDREA VINASSA**



spoke to the actor about his multi-faceted career and his reprisal of the role of the villain in Athol Fugard's most recent work, *My Children! My Africa!* The relationship between Kani and Fugard goes back to 1965, when Fugard staged his version of Antigone with The Serpent Players. Kani is also the godfather of Fugard's daughter, Lisa.

**YOU mentioned that it took you a long time to accept *Vrye Weekblad*. Why?**

When I was young, you'd switch on the draadloos. It was Afrikaans. The newsreader was Daniël Kirstein. Then there were die stories. My mother, even today, communicates better in Afrikaans than in English. We used to fight with my father when we wanted to listen to *Consider Your Verdict* on Springbok Radio and there was a storie, *Die Verhaal van Vrystaat*, on Afrikaans radio, so we couldn't. I worked so hard to buy a small transistor from my uncle because I couldn't use the big one.

So then came the emergence of the Black Consciousness movement, which identified the enemy as the Afrikaner and our attitude towards Afrikaans was that it was the language of the oppressor. For me it has always been Afrikaans, a very expressive and beautiful language.

Then came *The Weekly Mail* and the English weekend papers which gave the impression that they were the spokespersons for the worker struggle of the country.

Then came *Vrye Weekblad* and I thought, hold it, is this a group of Afrikaners who have found themselves and suddenly identified themselves with Africa and also want an outlet in which to say "we are here and we want justice and democracy; we have a right to be here, just like you".

But I thought: Don't claim my space, I'm the one who must say I'm suffering, I don't want you to say it for me or with me. That was my first attitude... then as I began to read the paper and understand the work, I started to respect it. It is an important paper in the history of South Africa today. I didn't say "in a changing South Africa", I said, "in the history of South Africa today".

**Do you think there is a future for an Afrikaans newspaper like *Vrye Weekblad*?**

The Afrikaans language is an integral part of the African culture. If you take anybody who has been in Africa for more than 300 years, that person is an African. The fact that there will be a Xhosa newspaper called *Imvo*, an English newspaper called *The Star*, there will always be an Afrikaans newspaper called *Beeld* or *Vrye Weekblad*. They have an audience and a duty. Afrikaners need to hear their own heroes speak about change.

*Vrye Weekblad*, 19 - 25 JULIE 1991

When their heroes are interviewed in English, there is always the intimidatory effect and the idea that it has been edited to sound right. If I were to hear Terre'Blanche speak about accepting South Africa as a multi-national country where everyone has a right to every square inch of land through *Vrye Weekblad*, I would believe it. But if it was through an English newspaper, I would be suspicious that he is being misquoted or that it is being rephrased by the editor. So, *Vrye Weekblad* has an important role to play.

**Let's talk about the Market Theatre. Since Mannie's departure, have you partly stepped into his shoes? What is your exact job description?**

I am the most kept person in this joint. I'm a patron of the Market Theatre, I'm a trustee, I sit in on all the fund-raising, marketing and audience development meetings, I am the director of the laboratory with Barney Simon, I am the associate director of the Market Theatre Foundation and I am the associate artistic director of the Market Theatre Company. So I am all over. I am also the liaison officer between the staff and management. This job was never given to me, I just found myself doing it. Everybody comes to me when they have a problem. I am also used now to sit in on disputes because I am regarded as the most neutral person on the staff.

The relationship of the theatre to the community is also my responsibility. I see us as a part of the community. We would never dictate to the community that "this is the kind of theatre we are now into". It will always be what they want to see. But the educational aspect will also be our responsibility. We will do Chekov's work; we will introduce classics; we will introduce other writers from other lands.

**This idea of the people dictating their needs sounds very idealistic. But is it practical?**

You use the word "dictate" in the sense of "telling" in the way the government does. This is about reading the needs of the people, not them coming and saying "this is what we want". But entertain-

ment is number one - and if it teaches something, that is the cherry on the top.

**I was told that you have just returned from Grahamstown...**

No, I have never been to Grahamstown. I was asked by the festival committee to come down and speak about Shakespeare and I, the African. Unfortunately, when we extended *Shadowlands* by five weeks, we had to move *My Children! My Africa!*, which made it impossible for me to go to Grahamstown.

But, of course, Grahamstown still does not gel well with me. It is an incredible thing and I would fight for it to remain, but I would like to see the historical link with the 1820 Foundation removed. There is no point in having a few token black faces on the fringes. I would like to see the festival embrace the Africanism of the population in which the settlers found themselves.

The most important aspect is that it should address the needs of the people of Grahamstown. It is the poorest township in South Africa. For fourteen days an incredible thing happens there - the people of Grahamstown call it "the season" - we are able to walk around the streets, but after that we are back into poverty, as far as art and work is concerned. We feel very unwelcome, even in the areas we went to during the festival. I would like to see the festival being an attraction throughout the year, integrating the community. If you go to the Edinburgh Festival, you can drive for miles around. The municipality of Edinburgh spends millions on upgrading the entire area.

I appreciate the fact that people like Ramalao Makhene are part of the drama committee - but that's not the issue, because the decisions are made upstairs by the board of governors and that's where we have to be. I'm not interested in evolution, we don't have the time. I want that part of the board replaced by community-based people that are part of the changing South Africa ... notice, I did not say by "black people", I said by community-based people who have the welfare of the future of this country at heart.

**Going back to your position at the Market ... In the light of your policy of feeling out the needs of the community, what future is there for Afrikaans theatre at the**

**Market?**

Barney and I always say the most exciting work comes from the Afrikaans-speaking artist writing in English. They believe that the work will be found to be more accessible by entrepreneurs and producers. The Africans have the same problem. The great stories that won awards abroad began in thought in Zulu or Xhosa, but we had to use the medium required by the theatre. We need to say: "Hold it, the play is about me in Soweto and I speak Xhosa - and that's how I'm going to write it." Why translate a play in order to make it usable or a financial success?

The problem is the audiences. The work is there, *Diepe Grond* and *Die Van Aardes van Grootoed* were great works, but no audiences. Our audiences have to be re-educated into accepting the South African identity in theatre. South African work is in African languages and Afrikaans and English. When last did Pact do an Afrikaans play in Pretoria, which I, in my naive way, believe is the heart of the Afrikaner?

Sometimes when young people bring scripts and I give advice, I say: "You are writing in a language you don't understand; your idea is lost between the tense and the grammar; go back, write it in Sotho or Zulu; then we may find someone to translate it into English." The work comes back and it's beautiful.

It is sad, but theatre in African languages and in Afrikaans is not enjoying its rightful place, primarily because of the fear of producers.

**Did you see Pact's Afrikaans translation of *The Merchant of Venice* which has just finished its run?**

For political reasons, I don't go to see Pact productions at all. When I won the Tony Award in 1976, which is one of the most prestigious awards for any actor, I was not recognised as an actor. And nobody cared if I was alive. [The Broadway double bill of *Sizwe Bansi is Dead* and *The Island* was nominated for Best Actor, Best Director and Best Play. For the first time in the history of the Tonys, a dual award for Best Actor was presented to Kani and Winston Ntshona... back home, the only acknowledgement was a paragraph in the *EP Herald*.]

The policy of those institutions was that they were white and at the bottom of the constitution they added that they also take

blacks. When Pact is truly democratised from the top down, then I will go.

**How far back do you and Fugard go?**

1965. I heard about the Serpent Players, who were working with a white man who moved to Port Elizabeth. I became the prompt. I was young, black and proud. I was right and every white person was wrong. I listened to his interpretation of this Greek classic *Antigone* and how it was made to sit in the context of my suffering. I said: "He's good." That's how it began.

**Did you have an inkling that Fugard would become a great playwright?**

At the beginning we were like little terrorists making bombs with words. It was exciting to meet in secrecy. In 1969 *Life Magazine* ran a story which said we were one of three theatre groups involved in serious, non-commercial, missionary work: one was in Chicago, one was in PE and one was in Paris working with Peter Brook. We knew that we were busy changing attitudes, reconstructing our country culturally and politically. Fugard is a brother, and I am not generous with the word "brother". Some of my sisters are 18 and 21. I have spent most of my life with this man.

**In *My Children! My Africa!* you play a kind of Uncle Tom. What do you feel about the role?**

Whenever you see plays which are categorised as protest theatre, the black characters are always militant, angry, frustrated, bitter, impatient. In this play, Fugard shows the other side of the black community. There are liberals there. I play a liberal black person. An educated person. I am a believer in education as a weapon, not only to fight ignorance, but as a weapon for justice. He is living in a very different time-frame, so it is a cross-generational situation.

I am not only John Kani to play the heroes, I can also play the villain. In that sense, I love playing Mr M. I like the fact that every night Mr M says "I did go to the police", an argument starts in the audience. And the discussion continues long after the performance. I am now called Mr M everywhere I go. It's an incredible character to play. He's a sweet fool. He's a tragic hero. He makes one mistake which he has to pay for with his life.



Dawid Minnaar en Marcel van Heerden.

## Prettige pretensie én 'n Porsche

**NAG VAN DIE 19de**  
Met Embeth Davidtz, Marcel van Heerden, Jacques Loots, Emgee Pretorius, Dawid Minnaar, Pierre Knoesen, Andre Jacobz, Pieter Brandt, Shaleen Surtie-Richards  
Regie: Koos Roets  
Draaiboek: PG du Plessis

### ANDREA VINASSA

'N VREEMDELING het my een aand by 'n dinner party so hewig aangeval oor ek resensies skryf wat jy moet lees ná jy die prent gesien het, dat ek buite in die reën moes gaan staan om hom te ontvlug.

Ek vra groot om verskoning: as jy nog nie *Nag van die 19de* gesien het nie, moenie verder lees nie.

Vir dié van ons wat die 3nm Springbokradio-verhaal mis, bied *Nag van die 19de* raad vir die eensames. Dis gerusstellend om te weet nijs het sedert die jare sewentig reg verander nie. Dinge is net, wel, meer gewaag.

Daar's 'n ongewenste vreemdeling, 'n dorpsdwaas, 'n nuuskierge agie, 'n beeldskone, maar mal bruid, 'n gawe oom polisieman ... al daai ou bekendes wat ons dae met hulle affers opgevrol het.

*Nag van die 19de* is deel van wat M-Net hulle kulturele bydrae noem: vier Afrikaanse rolprente is vir die silwerdoek aangevra en dit is die eerste prent wat deur M-Net gelisensieer is.

Roets het vir dié geleentheid bale van die land se top-rolprent-en verhoogspelers versamel en nie een van hulle lewer 'n onbeduidende vertolking nie. Spelers soos Marcel van Heerden, Jacques Loots, Dawid Minnaar en Pieter Brandt verleen aan die verloop 'n diepte en 'n geloofwaardigheid wat nie in die draaiboek of die regie teenwoordig is nie.

Die verhaal kon in enige platte-

landse dorp gespeel het, behalwe dat die verkringting in die radio-beheerstasie oor die radio uitgesaai is en 'n integrerende deel van die verhaal is. Die skilderagtige Lambertsbaai is gekies, maar geen poging is aangewend om die landskap, die see, die huise en die natuurlike omgewing by die verhaal in te skakel nie. *Nag van die 19de* is visueel mooi, maar alledaags en stemmingloos.

Die atmosferiese musiek is nogal ontroerend. Dis swaar, emosioneel gelaaai en pas nie by die beelde nie. Dit klink effens soos die musiek wat Michael Nyman vir *Drowning by Numbers* gekomponneer het en pas eerder by iets soos *Brideshead Revisited*.

Die verhaal het al die moontlikhede van 'n soort plaaslike *Twin Peaks* gehad. David Lynch en Mark Frost se genialiteit lê nie alles in die draaiboek nie. Die manier waarop hulle onheil deur middel van beelde en musiek suggereer, gee die deurslag.

Roets se regie-aanslag is te "lig" om reg te laat geskied aan die onderwerp. Die prent begin by voorbeeld met 'n verkringting wat 'n mens nie skok nie: dalk omdat dit te vroeg in die intrige is om jou te ontferm oor Tessa of bloot omdat Embeth Davidtz nie genoegsame empatie kon wek nie. Aan die ander kant wek Glen Bosman in 'n paar minute op die doek genoeg meegevoel vir sy karakter dat sy selfmoord ons ontfel - al kom dit 'n bietjie onnodig en ongemotiveer voor.

As 'n mens terugdink aan 'n prent soos *The Accused*, waar 'n verkringting ook die sentrale tema is, en hoe verskriklik dit was, wonder jy oor die motiewe van die filmmakers. PG en Roets wou om die dood toe 'n kommersiële prent maak. En ek raai hulle het hul vervaardigers baie gelukkig gemaak met dié bekwame nouveau-Afrikaanse riller.

Davidtz se onskuldige dogtertjie-beeld het haar duidelik die rol gewen. Haar effens androgene skoonheid herinner 'n mens nogal aan Jodie Foster. Terwyl die makers van *The Accused* belangrike morele kwessies rondom verkringting uitgelig het - vra verleidelike, half naakte vroue om verkring te word; verdien hulle dit? - vra PG en Roets geen vrae nie. Hulle sê net: as dit wel gebeur, moet vroue op 'n vroulike manier wraak neem.

Die karakter se verskuilde agenda regverdig nie die bikini's en die sletterige gedrag nie: daar is 'n dunlyn tussen uitbuiting en 'n deurdagte ondersoek van 'n taboe onderwerp. Tessa se gedaanteverwisseling van kuis maagd na femme fatale geskied oppervlakkig. Sy is soos 'n Barbie Doll wat nooit as karakter ontwikkel nie. Haar trauma is soos grimering aangeplak.

Die grootste gat in die draaiboek is dat Tessa nooit 'n dag ouer word nie, terwyl haar broer omtrent vyftien jaar ouer en 'n Porsche ryker word.

*Nag van die 19de* is 'n wraakprent, 'n vroulike inkarnasie van die vigilante-genre waar die vrou haar lyf as lokaas inspan.

Dis nie te sê *Nag van die 19de* is nie vermaaklik en spanningsvol nie.

Nog vermaakliker is egter die ontleeding van die prent op subliminale simboliese vlak: die klein dorpie verteenwoordig die Afrikaner se armoedige verlede. Die feit dat die ongewenste vreemdeling met 'n Porsche daar aankom, is 'n aanduiding van 'n meerderwaardige houding van die yuppie-Afrikaner teenoor sy armsalige broers en sisters op die platteland. Die Porsche is vir my 'n pretensiouse, gemene detail. Dis asof die upwardly mobile Afrikaners die een of ander wrokoester jeans hulle nederige verlede.

## 'n Gesinsdrama uit HUISGENOOT 2000 ofte wel 'n leftie-Loving

### PANIC STATIONS

Met Robert Colman, Janine Denison, Gideon de Wet, Mike Mvelase en Fiona Ramsay  
Regie: Shalom Kenan  
In die Mark-Lab, Gochstraat 63, Newtown (onder die brug om die hoek van die Mark-Theater)

### ANDREA VINASSA

WARE vermaak soos in ENTERTAINMENT is skaars in Johannesburg. 'n Mens kan jou tussen die sweterige manslywe by die Runway-Kroeg (Jan Smuts Lughawe se Holiday Inn) gaan indruk waar Debbie Dallas en ander wit chicks met mooi lywe in die modder stoei. Díis entertainment. En dan kan jy gaan inloer by die Mark-Laboratorium se improvisasie-projek waar die gehoor die stuk skryf ná die spelers die eerste toneel opgevoer het.

Die aand toe die kritici genooi is - ons het die rooi nagemaakte fluweel-stoole gekry, terwyl die res van die gehoor die plëstiek-stoole gekry het... it's tough at the top - was Robert Colman die pa, Fiona Ramsay die ma, Janine Denison die dogter, Gideon de Wet die seun en Mike Mvelase die swart aktivis in 'n gesinsdrama uit die bladsye van *Huisgenoot 2000*.

Elke aand is anders, vertel die spelers my. Elke aand speel ander spelers - altesame 18 gesoute en minder ervare spelers is by die improvisasie-projek betrokke.

Buite die baie skreeusnaakse oomblikke wat die banaliteit van middelklas wit Suid-Afrika perfek vasgevat het, was die boeiendste aspek van die aand die gehoor se versoek. Dit was interessant hoe Jan Publiek die stuk na 'n melodramatiese einde toe wou dryf - hulle het gevra om verkringting, verleiding, gesinsmoord, selfmoord, homoseksualiteit (ek het gewonder hoekom bloedskande nie genoem is nie), tiener-swangerskap en moord. Hulle het allerlei skokkende gebeure aangevra: alles behalwe 'n goeie gesprek tussen die verskeie karakters.

Die stuk se uitgangspunt is die verbrokkeling van geordende wit "beskawing". Pa Du Toit se sake-onderneming gaan tot niet. Die grootste ramp wat 'n wit konserwatief kan tref, tref die gesin: dogter Melanie het 'n swart kérél. Die toneel waar pa en ma vir Melanie en Mzi onverwags in die sitkamer betrap, hoe voorspelbaar ook al, het een van die hoogtepunte van die aand opgelewer. Die feit dat hy Mzi se naam deurentyd verkeerd uitgespreek het, was wat karakterontwikkeling betref baie meer waardevol as die outydse monoloë wat die verloop onderbreek het.

Shalom Kenan het skynbaar nie genoeg vertroue in sy spelers om hulle toe te laat om die karakters se motiverings deur middel van handeling en dialoog te suggereer nie. Monoloë is 'n dramaturg se cop-out, tensy hy 'n gefrustreerde prosa-skywer is. As ons briljante monoloë gesoek het, sou ons na Athol Fugard se *My Children! My Africa!* gaan luister het. Teen dié tyd het ek genoeg preke gehad om my in die hemel te kry. Dankie.

Die spelers het deurentyd geskitter en het baie tragie-komiese en absurde, tipies Suid-Afrikaanse oomblikke geskep - soos die baakleier voor die huis. Die voordeel van improvisasie is dat interaksie en dialoog dikwels meer realisties is as dié in formele dramas.

Wat my ontfel het, is die gehoor se voorkeur vir 'n soort leftie Loving-intrige. Een van die probleme van dié projek is dat die gehoor so maklik die karakters sal stereotipeer. Hulle soek duidelik herkenbare situasies... nie noodwendig realisties herkenbaar nie, maar TV-herkenbaar. Hulle soek melodramatiese kitsoplossings. By gebrek aan gesprek het hulle toe vir die twee in die bed gekry, maar hulle is gesenuk omdat Denison, dankie tog, geweier het om saam te sê.

Die gebrekkige verhouding tussen Mzi en Melanie wat heeltemal natuurlik ontstaan het, het hom fassinerend ontvou, maar sowel die gehoor as Mvelase het die swart karakter gestereotipeer.

Meer ontfelend was die paar bebrilde kérél's wat nog vasklou aan 'n Cartesiaanse model van die wêreld. Hulle wou hê Mzi moes sy motiverings rasioneel vir ons uitspel. Hoekom het hy Melanie lief? Het hy Melanie lief? Hoe lyk sy lewe binne die struggle? Wie moet hy kies: Melanie of die struggle? So waar as vet! Hulle wou nog protesteater hê.

Dit was vir my duidelik dat Mzi/Mvelase agter sy macho struggle-image skuil en die paar feministiese stemme uit die gehoor was nie sterk genoeg om hom uit te daag nie. Deur hom toe te laat om sy rasionele kant uit te beeld en sy klere uit te trek - as 'n man nie sy sokkies uit trek nie, is dit 'n teken dat hy homself nie gaan commit nie - en hom nie te dwing om sy eie emosies te konfronteer nie, het die gehoor hom 'n onreg aangedoen.

Ja, improvisasie is goedkoop terapie en groot pret.

# Die grond behoort aan dié wat goed is daarvoor

## THE CAUCASIAN CHALK CIRCLE

Deur Bertolt Brecht  
Regie: Gerrit Schoonhoven  
Met Michele Burgers, Melinda Ferguson, Warrick Grier, Thulane Gxubane, Duncan Johnson, Michael Maxwell, Cindy Sampson, Irene Stephanou en André-Jacques van der Merwe.  
Upstairs by die Markteater om 8nm

## LAETITIA POPLE

BRECHT se klassieke *Caucasian Chalk Circle*, gegrond op 'n eeuoue Chinese legende, is in Gerrit Schoonhoven se vertolkning 'n besielende en hoogs vermaaklike teaterbelewenis.

Brecht het die stuk in 1944 geskryf tydens sy selfopgelegde

bannelingskap in Amerika, terwyl Hitler besig was om sy geliefde Duitsland te plunder. Die eerste opvoering in Duitsland was in 1954. Daarin het Brecht se vrou, Helene Weigel, die rol van die adellike ma vertolk.

In die proloog is 'n klompie werkers besig met 'n rekonstruksievergadering oor die verdeling van grond ná die oorlog. 'n Swerwende sanger kom op die toneel en vertel 'n legende ter verligting van dié hewige debat. Dit lui as volg. 'n Arm diensmeisie ontferm haar oor 'n adellike babatjie wat tydens 'n revolusie deur sy ma agtergelaat word. Ná 'n paar jaar is daar weer kalmte, en die biologiese ma eis die seuntjie terug. Wie het dus die reg op die seuntjie?



Warrick Grier as 'n Ironshirt' en André-Jacques van der Merwe as Azdak in 'n toneel uit *The Caucasian Chalk Circle*

## die week by die MARK-TEATER

### MARK-TEATER

#### MANNIE MANIM PRODUCTIONS

bied aan

Athol Fugard se

MY CHILDREN! MY AFRICA!

"A giant of a work ... a most memorably stimulating event" - GM

The Star Tonight!

Met John Kani, Cathy-Jo Ross, Raphulana Seiphemo  
Ma tot Vr 8nm, Sa 6nm en 9nm

#### UPSTAIRS BY DIE MARK

The Market Theatre Company  
bied aan

THE CAUCASIAN CHALK CIRCLE

Regie deur Gerrit Schoonhoven

Met Michelle Burgers, Melinda Ferguson, Warrick Grier, Thulane Gxubane, Duncan Johnson, Michael Maxwell, Cindy Sampson, Irene Stephanou, André-Jacques van der Merwe

Ma tot Vr 8.15nm, Sa 6.15nm en 9.15nm

#### DIE LAAGER

Michael Hunt en Lorraine Jaffit Productions  
bied aan

SOLI PHILANDER & ROSIE SEPTEMBER  
TAKE TWO

Regie deur Andrew Buckland

"Remarkable ... super ... hilarious" - The Star Tonight!  
Ma tot Vr 8.15nm, Sa 6.15nm en 9nm

#### KIPPIES BY DIE MARK

Allen Kwela

Di tot So

Ingang Di tot Do - R10, Vr tot So - R12

Laaste twee dae

VLOOIIMARK

Van 9nm tot 4nm

#### MARK-GALERYE

Thomas Nkuna en die SA Vereniging van Joernaliste

TELEFOON (011) 832-1641

Bespreek by Computicket

Hv Bree- en Wolbuterstraat, Newtown, Johannesburg

Die diensmeisie, wat vele ontberinge deurgemaak het ter wille van die kind - of die biologiese ma, wat hom versaaik het?

Sake word verder bemoeilik deur 'n regter wat nie die wysheid van Salomo in pag het nie, maar eerder sy sin vir regverdigheid aanpas by die fooitjies wat hy kry. Die baba word 'n metafoor vir die grond en uiteindelik "behoort" dit aan die een wat goed is daarvoor. Geen oordeel word gevel nie, want dan word die baba verskuur.

Michele Burgers lever 'n puik vertolkning as die arm diensmeisie Grusha. Haar karakter ontwikkel oortuigend van die jong diensmeisie, wat maar bra halstarrig die verantwoordelikheid van die seuntjie op haar neem, na 'n geharde dog liefdevolle ma wat amper haar geliefde (Warrick Grier) verloor om die seuntjie te behou. Die adellike ma word deur Irene

Stephanou op só 'n neusoptrekkerige wyse vertolk dat jy haar lelik pes. Sy blink ook uit as die ou weduwe wat lekker kan woeker met haar loyaliteit jeans haar sterwende seun. Die komiese rolle pas haar soos 'n handskoen, sy is immers 'n gekonfyte standup comic.

Al André-Jacques van der Merwe se vertolkings in dié stuk getuig van 'n uiters bedreve akteur. Met gladde gemak glip hy in die rol van 'n snetterende swakkeling en word in 'n oogwenk 'n luidrugtige, bombastiese lummel. As Azdak, die kitsregter, was hy skitterend.

Melinda Ferguson speel die vet prins Kazbeki, wat dinge agteraf beduiwel, met smalende oorgawe en sorg gereeld vir skreeusnaakse incidente.

Deurentyd duik klein, gevatte besonderhede op, soos die stereotipe-boer in 'n safaripak kom-

pleet met kam in die kous, rubber-kontrapsies wat regop staan op spulse soldate se uniforms en dingte wat rys tydens badtyd. Ook die Afrikaanse woorde wat deuren tyd in die dialoog voorkom, was 'n blink idee. Die kostums is rare skeppings - op sigself lagwekkend - en getuig van die vernuftige hand van Adriane Besson.

Daar was nooit 'n saai oomblik in dié opvoering nie. Die nagmaakte aksente van die akteurs was egter in die begin geforseerd en irriterend. Die tempo is blitsvinnig en die wisseling tussen tonele glad.

The Caucasian Chalk Circle is 'n malse, speelse ervaring wat telkens grens aan 'n spektakel.

Op 'n oordrewe manier sê dit egter so baie: oor 'n land in 'n oorgangsfasie, en oor die herwaardering van waardes en regverdigheid.

## Die skrik gaan oor, die genot bly

### THE WIZARD OF OZ

Regie: Jill Girard

Met Heather McKenzie, Fem Bellin, Godfrey Charles, Simon Jones, Mark Richardson, Bradley Saul Mart en ander spelers van The People's Theatre.

In die Intimate-Theater, Braamfontein

### CORNÉ PIENAAR

FRANK BAUM se storie van die dogtertjie wat deur 'n sikloon na 'n betoverde wêreld gevoer word, het nog altyd 'n lomp begin, 'n wollerie einde en 'n skifplek by die towenaar self gehad. Dis die wonderbaarlike reis saam met die voëlverskrikker, die blikman en die leeu al met die geelbaksteenpad langs wat die storie onvergetlik maak.

Ditto vir Girard se produksie:

die openingstoneel, voor die sikloon, bly 'n deurmekaar geskarrel, die towenaar se verskillende gesigte en stemme so-so en Dorothy se laaste moraliserende spreekbeurt onsinnig. Die teater se swak akoestiek (dit beteken jy kan nie hoor nie) help ook nie.


Maar die avonture in die betoverde land van Oz is kinderteater soos dit moet wees: aanskoulik, eenvoudig, vol aktie, musiek, herhaling en herkenbare fantasie. (Daardie vlieënende ape het my as kind nooit aangestaan nie, nou het my vierjarige die oplossing gekry: hulle is vlermuise - dié ken ons Boere.) Die gehoordeelname waarin Johannesburgse kinderteater so verbete glo, is dié keer minder suksesvol. Wat nie die kinders se plesier bederf nie. Hulle

geniet dit skynbaar baie, maar dit gaan 'n bietjie aan en aan en aan. 'n Week later draai dit nog in jou kop: follow follow follow...

Beste van alles is die bose heks van die weste, gespeel deur Bradley Saul Mart. Mart se kombinasie van skrikwekkendheid en humor is fyn bereken; die skrik is tydelik, die genot bly.

Fem Bellin as Dorothy het 'n goede verhoogteenvoordigheid en sy is sonder die kindjelief-oulikheid wat party kinderakteurs so'n pyn in die nek maak. Die spannetjie wat om die beut Munchkins, papawers en vlieënende ape is, trippel foultoos deur hul passies.

Dis 'n goede kinderaanbieding, terdeé aan te beveel. Kinders jonger as vier kan dalk te bang word. Tot 29 Julie.



# The leaping legend

Thirty years ago **Rudolf Nureyev**, then aged 23, gave his KGB guards the slip in France and demanded political asylum. He became a *living legend* - acclaimed world-wide as one of the greatest artists of the century. Even in his fifties he still brings magic to the stage when he dances, **YVES BOURGADE** writes from Paris.

**RUDOLF NUREYEV** has a ready answer for those who doubt his ability to match the younger generations of dancers: "I can still bring something to these roles that nobody else can."

His love for the provocative comment is just part of the persona which has made him an artist apart.

It is now 30 years since he fled to the West as the latest dance phenomenon. When he first appeared in Paris in June 1961, he was being hailed as the new Nijinsky - and he became a legend when he slipped his KGB guards at the French capital's Le Bourget airport and demanded political asylum at the tender age of 23.

Nureyev became a true legend, epitomizing dance just as Herbert von Karajan epitomized conducting and Maria Callas opera.

Nureyev told the world: "I chose freedom" - knowing full well it would upset the Kremlin. But if anything, the decision was artistic: an attempt to escape the narrow

confines imposed by the Soviet authorities. What made the difference was the decision to bar him from travelling to London with the Kirov after its triumphant season in Paris.

Born a Tartar, Nureyev had to battle hard to become accepted. But his dazzling leaps and fast turns soon earned him comparison with the legendary Nijinsky. He began his ballet studies at the age of 11 and left school at 15. At 17 he entered the Leningrad Ballet School. He was an outstanding student - but he was also a rebel, refusing to join the Young Communists and studying English in secret.

He was almost excluded from the company's Paris tour, but the culture minister intervened on his behalf and he was allowed to go. That fateful June he stunned Paris audiences and the rest is history.

Nureyev loved Paris - its intellectual life and the adulation of the Parisians. But this did not suit the Soviet authorities, who ordered him back. After his defection, Moscow pressured the French government into barring him from working for the Paris Opera. He signed his first six-month contract with an independent impresario, the Marquis de Cuevas.

Then, in 1962, he met the British ballerina Dame Margot Fonteyn. It was a partnership that would last 15 years, despite their age difference - he was 24, she 42.

After his defection, Nureyev was sought after throughout the world. Even today he is much in demand. He applied an open mind to his career, and from the start danced with such varied giants as Martha Graham, Jerome Robbins, Paul Taylor, Murray Louis, Maurice Béjart, John Neumeier and Carolyn Carlson.

He became an Austrian citizen in 1983 and was appointed dance director of the Paris Opera. He had a stormy six years at the helm, at loggerheads with the minister of culture, François Léotard, before returning to the Soviet Union to see his dying mother.

Nureyev finally performed again in Leningrad in 1989. His return was a triumph, even if at the age of 51 he was no longer the dazzling youth who left three decades earlier.

Today, he continues to live a nomad's life. When he is not dancing, he concentrates on his new hobby - conducting.

- AFP

## Kitare soos Luite - FL VERWOERD JR skryf oor die jongste plate

### Djam Leelii - Baaba Maal & Mansour Seck (10)

Voor ek hul lop begin besing, die volgende: ek weet mense dink ek het geen oordeelsin nie as ek al die goeters wat ek resenseer so hoog aanslaan. Dit is nie rellig so nie. Tyd en ruimte is min en ek bestee dit eerder in die rubriek aan die beste goed.

Daai oulike Kaapse groep Bright Blue het in hul warm dae 'n liedjie "Living in Africa" gehad. Ek dink dit is 'n baie ironiese titel omdat ons wratig nie deel is van Afrika nie.

Die verpestelike beleid wat ons gehad het, het dit onmoontlik vir ons gemaak om deel van ons kontinent te word. Hopelik gaan dinge nou begin oop raak.

Dalk gaan dit meer as Shifty Records wees wat Afrika-musiek van noord van die Limpopo aan ons bekend stel.

Hopelik sal ons dan blootgestel kan word aan musiek soos die van die twee Senegalese, Maal en Seck.

Sedert die twaalfde en dertiende eeu het die ryk Wes-Afrikaanse tradisie ontwikkel in twee plaaslike koninkryke. Die konings in ryke van Ghana en Mandinka het "griots" aangestel wat gedien het as woordvoerders van die mense, hoofraadgewers aan die koning en in beheer van vermaak aan die hof. Baie van die griots het ontwikkel in prys-sangers en die koning se lof met die soetste melodieë besing.

Hoevel Maal nie 'n griot in die tradisionele sin van die woord is nie, is sy musiek gewortel in daardie soort musiek. Die 38-jarige Maal kom wel uit 'n familie van musikante. In Senegal word hy as 'n progressiewe intellektueel beskou wat nie huiver om tradisionele waardes te bevragekten in sy musiek nie.

In 1984 het Maal en die blinde kitaarspeler Seck "Djam Leelii" in 'n ateljee in Senegal opgeneem. Dit is akoestiek en pynvol mooi.

Naas Youssou N'Dour is Maal die gewilde sanger in Senegal en die plaat is bewys daarvan. In my nederige opinie is Maal selfs beter as N'Dour.

Maal en Seck se kitare herinner aan tradisionele luite en hul hoëstemme het 'n hoe mistieke Islamitiese kwaliteit.

Moet egter nie bevrees wees nie, dit is nie pretensieus nie, dit is net donkers mooi.

O ja, my eie claim to fame, ek het Baaba Maal eenmaal in Amsterdam gesien en hy was nog beter in konsert.

HanaHana Chaba Fadela & Cheb Sahraoui (8) Terwyl ons op die kontinent is...Rai-musiek is die rock'n'roll-komponent van die Algerynse jeug se weergawe van sex'n'drugs'n'rock'n'roll.

Die wortels van Rai lê in die Wes-Algerynse hawestad Oran en dateer terug na die twintiger, dertigerjare toe die akademiese gesinde gedigte "melhoun"-musiek, vervang is deur 'n nuwe, meer aardse musiek.

Die uitdrukking "Ha-er rai" (rofweg vertaal beteken dit "Dis my mening") het so gereeld soos "Oh yeah" in Westerse pop, begin voorkom.

Teen die vyftigerjare was die amper uitsluitlik vroue-sangers wat rai, soos dit toe al bekend gestaan het, gesing het. Nie alleen het hulle by troue opgetree nie, maar ook by kafees, bordelle en hasjesi-denner. Die lirike in rai het puriteine dwars in die krop (waarskynlik ander plekke ook!) gesteek en in die vroeë sewentigerjare het Algerië se PW Botha, president Bou Medienne met sy

"operation anti-drageur" op alles wat na pret mag ruik of lyk toegeslaan.

Die rai-kunstenaars het ook in die proses deurgeeloop onder die ou suurgat-man.

Teen die tyd het die musiek ook meer ekssterne invloede begin opneem, soos 'n Noord-Afrikaanse swart ritmestyl, flamenco en trompet van die matador-tipe musiek van buurvrou Spanje en Anglo-Amerikaanse popmusiek.

Later in die dekade het Boumedienne se balskyp net genoeg verslap om die jeug se lus vir S&D&R net genoeg te laat uithang.

Dit is toe dat 'n rokende, drinkende, delinkwent genaamd, Fadela Zalmat, haar opwagting in mini-rok maak. Gou-gou was sy top van die pops en is steeds.

Sy is intussen getroud met 'n konserwatorium-opgeleide sanger Mohammed Sahraoui, en maak steeds rai musiek. Met haar verskyning op die toneel het talie jong, manlike rai-singers ook begin sing. Hulle noem hulself "Cheb" (soos in "Cheb Sahraoui", Fadela se man, of "Cheb Kaleb" bekend as die koning van rai) wat beteken "jong" of "kid".

Die vroulike van Cheb is "Chaba".

Rai het ontsettend in gewildheid toegeneem en trek vol klubs waar kunstenaars ookal optree. Omdat daar soveel Algeriers in Frankryk woon, het rai daar ook begin posvat.

"Hana Hana", wat 'n goede voorbeeld van hedendaagse rai is, bring onmiddellik 'n prentjie van 'n 'n sleeeeazy klub op: Swaar rook, onheilighede, 'n bronstige trompet, 'n passievolle sangeres met halftoe oë, hipnotise midde-oosterse ritmes en nog meer onheilighede.

Waar kry 'n mens die musiek? As jy gelukkig is en daar 'n goeie plate- of CD-winkel nabby aan jou is kan jy dit dalk daar optel. Andersins kan hulle dit vir jou bestel. Dit is die moeite werd.

### 30 Something-Carter the unstoppable Sex Machine(9)

Still the best name in the music industry. Still a pleasant surprise that they are the total opposite of what their name suggests.

CUSM are Pet Shop Boys with balls and brains (the two are not necessarily mutually exclusive) and a garage full of guitars. The Pet Shop Boys reference comes in with their sense of producing the most hook-laden melodies.

Both members, Fruitbat and JimBob have passed the big three now and that is where the title for this second album comes from.

Both are from "sarf" London and have their sharp, sharp puns intended. Their fast thrash-pop is a slum cynical pun-orama (pushing it) of the wasteland that is latter-day England.

Just listen to this from "Shoppers Paradise": "Ground Floor Shoppers Paradise/ habit-dashery, needles, spoons and knives/ knuckle-dusters, glass jaws, and wooden hearts/spend your money girls on sprays and lipsticks/ tested on bunnies, girls, strays and misfits/ozone friendly rape alarms/ for those blinding dates/ another summer of hate" and "Babies bottles full of the milk of human kindnestle? Ladies and gentlemen..." Did you catch the "kindnast...la...dies and gentlemen..." Clever huh? Littered with the punny cuteness of piglets yet at the same time with the debris of devastation and decay in London, "30 Something" is a real mindblow.

## L O S P R A A T J I E S

## Ploeg iets terug in die land

TERWYL ons besig is met al die nodige kniebuigings, draaitjies en valtetjes op pad na die utopiese nuwe Suid-Afrika, is gemeenskappe besig om te desinteresseer.

Terwyl elke politieke speler sy of haar reëls op die spel wil afdwing om seker te maak dat "ons saak" die beste daarvan afkom, dwing nuusberigte en besoek aan daardie veralgeleë hoekies van die land ons om nuwe werklikhede onder die oë te neem.

Die apartheid van Suid-Afrika is lank nie meer die eenvoudige swart-wit verdeling nie, ook nie die besitters en die ontheemdes nie. Nee, die groot skeur in ons gemeenskap lê tussen die stad en sy randgebiede aan die een kant en die platteland aan die ander.

Natuurlik is baie dele van die platteland huis die restant van die droom van die Groot Apartwees en sal die argitekte hiervan nog lank skuld moet dra. Maar terselfdertyd is daar 'n onwilligheid van die stedelinge om enigsins betrokke te raak by die miljoene


mense op die platteland en hulle groot behoeftes.

Soms raak ons daarvan bewus as daar akute hongersnood uitbreek, of as die "stamgevete" darem te lank aanhou om beskaaf daarvan te kan vergeet.

Maar enigiemand wat al by een van die oorvol en verskriklike vlugtelingskampe in Noordoos-Transvaal was, of wat saam met Operasie Honger 'n daguitstappie meegebring het waar daar regtig behoeftes bestaan, so iemand besef op watter vasteland ons boer.

Oral om ons is daar akute hongersnood. Sonder om eens te sukkel, sal jy mense teekom wat van die winterkoue aan die doodgaan is. Bring jy 'n oggend deur in een van die handvol klinike wat deur kerkordes aan die gang gehou word, leer jy hoe chronies siek 'n ontstellend groot segment van ons gemeenskap is.

En dit maak nie saak of jy 'n voorprater van die ANC of die NP of die PAC is nie: nie een van hulle wil, so lyk dit my, werklik die elementêre en eenvoudige ver-



FANIE OLIVIER

woesting van ons gemeenskapslewe ernstig opneem nie.

Verlede week het dr Rina Venter verklaar dat die Suid-Afrikaanse platteland net een dokter het vir elke 15 500 mense. En dit vir 'n land wat graag hoog opgee oor syvlak van ontwikkelheid, sy uitstekende mediese tradisie en sy voortreflike gemeenskapsgesondheidsondernemingsdienste.

Maar dis 'n land wat jaarliks honderde dokters verloor wat uitwyk na immersoeno weivelde in die ontwikkelde lande van daardie gebiede, veral in die Midde-Ooste, wat salarisste betaal waaronder 95 persent van alle Suid-Afrikaners maar net kan droom.

Miskien is dit hoog tyd dat ons as belastingbetaalers - wat dié mediese studente se studie so ingrypend subsidieer - groter gemeenskapsdiens van ons mediese studente moet begin eis.

Dit is wel waar dat al hoe meer mediese departemente aan ons universiteit gemeenskapsgesondheid as 'n belangrike komponent in die kursus ingebou het, maar dit is nie genoeg nie. Wat ons werklik nodig het, is dat ons jong opgeleide dokters betrokke raak by, en aktief diens lewer binne, gemeenskappe waar daar nie voldoende mediese dienste bestaan nie.

Maar dit moet gebeur voordat hulle afgestudeer is, want daarna het niemand enige houvas op hulle nie. Ek bepleit nie dat ons

aspirant-dokters almal hul huisdokterjaar in die boendoe moet gaan deurbring nie, maar ek glo dat 'n ander skema bedink kan word om mediese studente te betrek.


Indien kursusse só gesstruktureer kan word dat studente vroeg al geskool raak in daardie terreine van die geneeskunde waaraan die groot plattelandse gemeenskappe behoeftes het, kan daar mos van studente verwag word om elke jaar twee maande of so gemeenskapsdiens te gaan lewer.

Op dié manier sal hulle nie net omvattende blootstelling geniet aan dinge wat hulle andersins boeksgewys sou moes leer nie, maar terselfdertyd ook die algemene vlak van gemeenskapsgesondheid en -bewustheid aansienlik verhoog.

Só sal 'n mens ook kan verseker dat die dokters van die toekoms iets terugploeg in die land waar verwagtings, teleurstellings en wanhoop te dikwels meer as net politieke en ekonomiese werklikhede is.

## G E L O O F S P R A A T J I E S

## Die kerklike gehanna-hanna gaan voort



ERASMUS VAN NIEKERK

verander nie. Die kerklike gehanna-hanna of sosiale watertrapery ontstaan as die geestelikes en die teoloë aan die werk spring met die beproefde oer-oue teologiese truuk. Hulle werk is dan uitsluitlik daarop gerig om die proses om te keer sodat God en die Bybel vir Calvyn, Luther, Wesley, ensvoorts aan ons verstaanbaar maak. Met so 'n God en so 'n Bybel - of liewers, met so 'n kerklike en so 'n teoloogstry mense nie maklik nie.

As kerke egter menslike geloofsorganisasies is wat deel is van die totale sosiale proses, sou ek wou vra wat mens van kerke kan verwag in die oorgangsfase na 'n nuwe Suid-Afrika. Sonder 'n omhaal van woorde reken ek kerke behoort te werk aan die vermeerdering en verbetering, groei en insig van mense se alledaagse geloof en vertroue in die proses van saamleef in die huidige Suid-Afrika.

Uitdrukking en ervaring van mense se geloof beteken onder meer ook dat verskillende politieke en ekonomiese spelers en strukture direk vanuit mense se gemeenskaplike geloofservaring aangespreek sal word. Ek verwag nie meer van kerke as om menslike geloofsorganisasies wat-aandie-werks is te wees nie. Met dien verstande dat wat jy van ander verwag en eis, jy self ook aan voldoen, bv. kerke wat vir 'n nie-rassige, nie-seksistiese en nie-hierargiese (demokratiese) Suid-Afrika in die naam van God pleit, maar self 'n rassige, seksistiese en hierargiese geloofsorganisasie is, behoort hulle goddelike handjies van die nie-kerklike komponent van die totale samelewingsproses af weg te hou. Sulke kerke wat as "goddelike maginstrumente" optree, neem ek uiters ernstig op, uit vrees vir die goddelike voedoe wat hulle oor my kan uitroep,

Die meewerk van die kerke aan die vermeerdering en verbetering, groei en insig van mense se alledaagse geloof en vertroue in ons samelewingsbetrek nie net die hou van vredeskonferensies nie of die rolspel van 'n onpartydige faciliterer wat net help met die oorhandiging van mag van die een groep spelers na 'n ander nie, of dat kerke selfs vrees-

lik gepla behoort te wees oor die beweerde ateïsme van die SAKP nie. As kerke hulle selfkrities met geloof en krities deur geloof met die totale-saamleef-proses-van-mense besig hou, sal God vir hom/haarself sorg onder die mense.

Ek wil 'n aantal onlangse voorbeeld noem waarin kerke die onlangse verlede ernstig behoort opgeneem het:

Kerke behoort vanuit hulle gemeenskaplike geloofservaring die regering streng aan te gesprek het oor die situasie van geweld. In 'n fase van transformasie, word geloof en vertroue afgebrek, as 'n regering wat in algemene belang behoort te regeer, en dus die geweld behoort te stop met al die apparate tot hulle beskikking, 'n konferensie met 'n vroom glimlag oor geweld hou. Regerings wat rellig saak maak, hou nie konferensies nie, hulle regeer in algemene belang. Wat het die kerke gedoen? Hulle het nie die regering wat ook skeidsregter van die onderhandelingsproses is, aangespreek nie, maar hulle het die regeringsvoorbereeld met 'n groter en meer neutrale vredeskonferensie probeer volg.

'n Ander voorbeeld is dat kerke die "demoniese" van 'n een-tot-een-logika van verligte bestreby nie aan die kaak stel en profeties bestreby nie. Hoe werk die logika wat vertroue afbrek? 'n Jaar ná Nelson Mandela se vrylating sê verligte professore en verligte vromes: "Ek is teleurgesteld in Mandela, want dit lyk nie asof hy sy mense kan beheer nie". Die verligte pas nie dié verskuilde rassistiese logika op sê maar "De Klerk en sy mense" toe nie - dit wil sê witmense, waaronder die regses, die BSB en hulle ministeriële meelopers ingesluit is. 'n Tweede dik logiese spook wat onder siniese critici van apartheid

rondloop, is: "n ANC-regering (=regering waarin die ANC deel het of swart meerderheidsregering) sal net so sleg wees as die huidige regering". Die implikasie is dat ons liever die duivel moet hou wat ons ken as die duivel wat ons nie ken nie. Dit sê dat ons die wit tegnokrate van De Klerk meer vertrou as enige ander regeringsamestelling. Vertroue word in elk geval nie daarmee gedien nie.

'n Derde spook wat teen die agtergrond van die huidige transformasie-proses loop, is die alte danigheid van die verligte vromes, politici en joernaliste met die gedagte van demokrasie vir almal: "Mense eis dat Vlok en Malan behoort te bedank, maar die ANC gee nie gehoor daaraan dat Slovo en Hani uit die ANC se onderhandelingspan wegelaat word nie". Dié argument is 'n "category mistake", want Vlok en Malan sou in enige ordentlike demokrasie moes geloop het, ondanks die bewering van die teendeel. In die huidige transformasie-situasie is hulle ook burgers Slovo en Hani se ministers. Vinnig het al wat koerantmens, veral na die ANC ook die bedanking van die twee ministers geëis het, ingespring en beweer dat die ministers nou juis daarom nie sal bedank nie.

Die dun ou straaljie van kerke se geloofspiritualiteit skyn bly op elkeen se idee van God, liewe Jesus, heilige kerse en klere te wees, pleks van op die oorvloedigheid van menslike geloof en vertroue te wees. Myns insiens doen die kerke nie hulle samelewings-job nie, hulle staan en hanna-hanna oor geloof en vertroue.

(Erasmus van Niekerk is 'n geloofsteoretikus in die Departement van Sistematische Teologie van Unisa.)

Hoekom weet ek nie van een kerk wat 'n nuwe geloofsorganisasie in die nuwe Suid-Afrika wil wees nie?

Die eenvoudigste antwoord op dié vrae word gevind in die goddelik-teologiese truuk en dit werk só: God en die Bybel word volgens die ervaring en interpretasie van Calvyn, Luther, Wesley, Rhema, die eerste pous of die eerste bourgeoisie (historiese-kritiek) verstaan. Dit vorm die dogma of die kodeksysteem van 'n bepaalde kerk wat van geslag tot geslag aangegegee word. Kerkmense noem dié aangegeewe tradisie. Daarmee het ek nie veel probleme nie. Ook nie daarmee dat sommige kerke deur honderde jare heen maar vrek min

## GREEN TALK

## St Lucia: A new battle for hearts and minds

FIRST of all, let me admit what few people are admitting: that I know nothing about the struggle for St Lucia. At the same time, however, I feel confident to argue in favour of a certain approach to St Lucia which might set the parameters for a reasonable resolution of the conflict. This is indirect to a particularly pernicious argument of Arthur Koningkramer published recently (Sunday Times, 23 June 1991.)

In that article, Koningkramer characterises the Greens' argument against strip-mining of St Lucia as "emotional"; as being "orchestrated by (white) urban elites, who have manipulated the (white) general public to satisfy their own emotional [there's that horrible word again] and often irrational hankering after 'wilderness'". Not content with the false polarity of rational vs irrational/emotional (he himself is clearly on the side of rational behaviour, I mean after all, only a rational person would write for the Sunday Times and Ken Owen), he

then leaps forth into a polarity of "two opposite viewpoints [that] characterise man's traditional relationship with the environment". On the one hand, nature must be protected against man's depredations. All of us who oppose strip-mining in St Lucia "vociferously" fall into the second camp.

The ever egalitarian and rational Koningkramer proposes a middle way: restoration or the advocacy of "man-made nature". Never mind the stripping of the Earth Goddess' outer garment, we'll just remake her in a Barbie-doll raiment fit for a beach party. And you all know what happens at beach parties, men...

Not satisfied with lodging a claim in favour of stripping, Koningkramer petulantly takes a knock at the rest of Northern Natal's sugar-cane monoculture and the advance of industrialisation. He also uses formidable archeological evidence to indicate that no part of Northern Natal has escaped modification by early settlers. In praise of Shaka Zulu and the



MIKE KANNEY

mfecane. Finally, he argues that the voice of black people has not been heard - who, after all, only want "jobs and development".

Clearly, South Africa needs development and job-creation programmes for all its people, especially in deprived rural areas. The question that remains unanswered, however, is what kind of development. In a brilliant thesis sadly unpublished by the vested powers in this country, Michael Haynes has argued that mining in

Botswana has done nothing to further the sustainable development of the Batswana. Indeed it has meant the development of a vulnerable monoculture unsupported by democratic access to economic power. In the Richetersveld, Namaqualand, parts of the Karoo and other desolate areas grinding poverty awaits some kind of development which will honour the spirit and culture of local inhabitants, both men and women.

More particularly it is rural women who most need consultation on their future needs and the needs of their young children. Often one finds indigenous cultural values that would support a sustainable economic future if nurtured in the right fashion. We white urban males agree that rural folk need support and consultation, but not at any price.

Our minimum demands are for a sustainable economic future for all South Africans AND the preservation of wildness. Where humans are integrated into an undeveloped area and, through a pro-

cess of ecological interchange, have developed a useful relationship with the relatively unspoilt environment, why can we not leave them to develop that relationship further? If they need our help at all, they will surely reach out, as the Namaqua communities have done in the face of threatened "developments" such as toxic waste dumps and a nuclear reactor. They were certainly not consulted on the Vaalputs nuclear waste dump.

If wildness includes people living in harmony with their traditional landscape, whether sculpted or not, what right have we to interfere at all, unless specifically requested by locally acknowledged leaders. And the horrible fate remains that if the northern Natal inhabitants are represented by the powers in Ulundi, then no amount of petitioning will stop the strip-mining of St Lucia.

Today the rehabilitation of fragile dunes, tomorrow time-sharing.

Book your set of crystal glasses now.

EK het 'n ruk gelede 'n werklik onnoosele veronderstelling gemaak. Ek het gereken dat ek die teelwerk in my gerestoureerde badkamer self sal behartig. Iemand het érens geskryf as jy 1 000 apies genoeg teels en genoeg tyd gee, sal een van hulle uiteindelik 'n Esias Bosch-meesterstuk produseer.

Ek is nie Esias Bosch nie en ek is taamlik seker dat ek nie 'n apie is nie. Eintlik beskou ek myself as 'n man van die negentigerjare. Dis nou gemeet aan die vereistes wat die vrouetylkskrifte stel. Manlik, maar nie bang om te huil nie. Stylvol, maar nie moffierig nie. Kunstig, belese, berese, sensitief, maar ook nie bang om my hande vuil te maak wanneer 'n onafhanklike dame van die negentigerjare met 'n pap wiel langs die pad staan nie. Derhalwe, het ek veronderstel, sal dit mos geen probleem wees om die teelwerk self te doen nie.

Wat kan makliker wees as om 'n klomp vierkantige stukkies keramiek te plak teen 'n plat oppervlakte? Hoekom moet ek nou 'n sogenaamde kundige betaal om iets te doen wat kinders in graad een al doen? Die man van die negentigerjare is ook finansieel baie vaardig. Nie suinig nie, net verstandig.

Isaac Newton sal vir jou kan sê dat alles volgens wette werk. Bv: Die aarde oefen 'n krag op voorwerpe uit. Dus, as jy jou drankie neersit waar jy gedink het daar's 'n tafel, sal die aarde hom aantrek en die glas sal breek. Oningelete mense sal dink dis net jy wat dronk is. Soms sal hulle reg wees, maar dis 'n ander storie.

Teelwerk het ook wette. Die ding is net dat niemand vir my die reëls geleer het voordat ek begin het nie. Nou, nadat ek twintig (dit voel soos 200) vierkante meter teels geplak het, kén ek die reëls. Nou weet ek ook dat ek nooit weer so onnosel sal wees nie. Hier volg 10 wette wat teels en teelwerk reguleer. Laat dit as 'n waarskuwing dien vir diegene wat soortgelyke planne met hulle badkamers of kombuisie het.

WET 1: In teenstelling met dit wat teelvervaardigers/verskaffers jou dalk vertel, is geen twee teels presies ewe groot nie. Dit maak dus nie saak hoe versigtig jy werk en beplan nie, jy eindig altyd op met 'n gaping wat uit die niet uit verskyn het. Dié gaping word kommerwekkend wyer of smaller

'n gebreek en 'n gesteek, deur Tim en Matt Sandham

## WIE KAN 'N DUISEND APIES BEKOSTIG?



met elke opeenvolgende ry teels wat geplak word.

WET 2: Waterpas-oppervlakte bestaan eenvoudig nie. Dit maak nie saak hoe noukeurig jy die lugblasie in jou waterpas bestudeer het nie, die eerste besigtiger van jou arbeid sal sy kop so skuins draai en vra: "Is jy seker daai teels is reguit?"

WET 3: Loodregte mure bestaan ook nie. Jy kan soveel loodlyne laat sak as wat jy wil, jou badkamer gaan soos 'n vertrek in 'n MC Escher-tekening lyk nadat elke muur in 'n teenstellende kompasrichting geteel is. Vir die res van jou lewe gaan jy jou besoekers moet vertel dat die toilet nie regtig groter as die bad is nie.

WET 4: Teels het 'n moedswillige, koppige wil van hulle eie. Hulle breek so

willekeurig, onvoorspelbaar en skielik soos die San Andreas-breuk in Kalifornië. Dit maak nie saak hoe versigtig en deeglik jy'n groefie in die teeloppervlak sny nie, hy sal nog steeds breek presies waar hy lus is om te breek. Dit stem natuurlik nooit ooreen met waar jy wil hê hy moet breek nie.

WET 5: Moet nooit 'n teelsnyapparaat koop wat vervaardig word deur dieselfde maatskappy wat die teels vervaardig nie. Dié apparaat word ontwerp om die willekeurig breuklyne in die teels op te spoor. Vandaar WET 4.

WET 6: Die stukkie teel wat oorbly nadat jy hom gesny het, kan vir nijs gebruik word nie. Jy kan elke stukkie oorskiet bewaar so goed en so lank as wat jy wil, hulle pas nooit érens in nie. 'n Oorskiet-teel is altyd

twee millimeter te wyd of te smal en jy moet noodgedwonge 'n ander, heel altyd sny. My raad is: gooi die oorskiet-teel teen die (ongeteelde) muur stukkend sodat hy jou nie later weer kan frustreer nie.

WET 7: Dit duur oneindig lank om een millimeter van 'n teel wat nie pas nie, af te skuur. Jy skuur vir 5 minute en gaan meet weer, maar steeds pas die teel nie in die gaatjie nie. Jy skuur vir nog drie periodes van vyf minute elk, steeds kom die teel nie daardie millimeter kleiner nie. Jy begin weer skuur, maar die verveling van die proses laat jou in 'n beswyding wegsink. Wanneer jy bykom, ontdek jy dat jy reeds 3 millimeter afgeskuur het. Die teel wat jy nou in jou hande het, is gereed vir behandeling soos uiteengesit in WET 6.

WET 8: Dit is onmoontlik om presies die regte hoeveelheid teelgom aan te maak. Aan die einde van die dag (ek het nooit gedink ek sal daardie uitdrukking gebruik nie) het jy óf een teel oor en geen gom nie óf jy loop al soekend in die huis rond op soek na muis- en ander (net nie jou eie) gate om toe te stop.

WET 9: Dit is raadsaam om nie teelwerk te doen as daar jong kinders, vatbaar vir nuwe indrukke, in die omgewing is nie. Hulle leer onsmaaklike uitdrukkinge, vloekwoorde en kru, lasterlike taalgebruik aan. Hulle vorm die indruk dat badkamers onaangename plekke is. Terloops, my rusverstoringsklag kom volgende week voor. Hopelik het die landdros al self 'n slag teelwerk gedoen.

WET 10: Met voegbry kan al die foute en blapse veroorsaak deur die voorafgaande wette (behalwe WET 9) toegesmeer word, en word selfrespek ietwat herwin.

Dis lekker om 'n man van die negentigerjare te wees, maar ek sou steeds eerder 'n vrou wees. Onsuksesvolle kombuiseksperimente kan altyd vir die hond voorgesit word en 'n naaldwerkblapsie kan altyd as 'n "fashion statement" verdoel word. Bevryde vroue het dit die heel beste. Hulle hoef nie te kook of naaldwerk te doen nie, en ek moet nog een raakloop wat al 'n badkamer geteel het.

Elke liewe aand as ek in my bad le, die bad wat lyk asof hy loodreg in die dag op staan - kyk ek opnuut na die flater wat ek oor tallose naweke aan die mure verewig het.







# teater

## JOHANNESBURG THE CAUCASIAN CHALK CIRCLE

'n Treffer op die Grahamstad-fees in die Mark-Teater. Dis back-to-basics met Bertold Brecht, Michele Burgers, Melinda Ferguson, Warwick Grier, Thulane Gxubane (hy is ook in Meester), Duncan Johnson, Michael Maxwell, Lucinda Sampson, Irene Stephanou en André-Jacques van der Merwe (ook in Meester) is die spelers. Sien resensie op bl 32.

## EKHAYA

Matsemela Manaka se jongste stuk handel oor die skrywer se ervarings in die buiteland en debatte rondom die kulturele boikot. Dis die amptelike weergawe. Eintlik is dit net 'n verskoning om musiek te speel en bier te drink. Ek raai aan dat almal opstaan en dans. Dan sal hulle nie agterkom hoe min het Manaka oor die saak te sê nie. Lige vermaak met 'n heavy boodskap.

AV

## WHAT THE BUTLER SAW

Die omstrede Britse dramaturg Joe Orton se klugtige stuk word tot 10 Augustus in die Alexander-Teater in Braamfontein, Johannesburg, opgevoer. Truk in drag kan net pret wees.

## OLIVER!

Please Joyce Levinsohn, we want some more. Oliver! word tot 27 Julie in Truk se Windybrow-Teater opgevoer.

## MY CHILDREN! MY AFRICA!

Athol Fugard moes 'n onderwyser gewees het, hy hou so baie van klasgee. Hierdie didaktiese en manipulerende stuk is wel relevant.

AV

## PRETORIA DIE WONDERWERK

Die Afrikaanse vertaling van William Gibson se *Miracle Worker*, *Die Wonderwerk*, word tot 3 Augustus in die Arena, Staatsteater, op die planke gebring. Die verhaal van Helen Keller se ontwaking uit haar geslote bestaan bly immergroen. Dit is van 9 tot 17 Augustus in die Windybrow, Johannesburg, te sien. Ilse van Hemert, Ronel Kriel, Johan Malherbe, Mitzi Booysen en Christine Basson is die spelers. Louis van Niekerk behartig die regie.

## KAAPSTAD

**THE MERRY WIVES OF WINDSOR**  
Ralph Lawson se produksie van die geniale Shakespeare-komedie word van 18 Julie tot 3 Augustus in die Nico Malan opgevoer. Lida Meiring en André Jacobs vertolk die hoofrolle.

## CALLAWAYFARCE


Marthinus Basson het die Duitse skrywer Botho Strauss se avant gardesklig beetgekry. Met André Roothman, Fiona Coyne, Megan Kruskal, Neels Coetze, Elma van Wijk en Peter Butler.

# ballet

## WAR AND PEACE

Ondanks revolusies en glasnost bly die monargie vir die mense 'n bron van belangstelling. Die Russiese uitgewekene Valerie Panof het hierdie ietwat kitsch-ballet, wat gegrondig is op Tolstoi se roman, enkele jare gelede aan Truk verkoop. Odette Millner maak haar debuut as Nina Rostowa.

AV



Stephen Jennings in 'n rok ... *What the Butler Saw*, Alexander-Teater, Braamfontein

# kuns

## JOHANNESBURG GOODMAN

Anthony Nkotsi, hoof van die Johannesburgse Kunsstichting se druk-departement, stel tot 27 Julie sy jongste werk by die Goodman-galery, Hyde Park, ten toon.

## PRETORIA PRETORIASE KUNSMUSEUM

Die persoonlike versameling Mosambiekse kuns van Albie Sachs, eertydse hoogleraar in die regte aan die Eduardo Mondlane Universiteit in Maputo, word nou ten toon gestel. Daar is ook 'n tentoonstelling van werke uit die museum se permanente versameling deur 50 Suid-Afrikaanse beeldhouers soos Mike Edwards, Tineke Meijer, David Brown, Diek Grobler, Jan Moolman en Ian Redelinghuys.

## UNISA-KUNSGALERY

Vroue - 'n Keur van kunswerke uit die Unisa-versameling waarin die vrou as onderwerp uitgebeeld word. Tel (012) 429-6823. Duur tot 31 Julie.

## KAAPSTAD SA NASIONALE KUNSMUSEUM

Tot 18 Augustus: Skuling/Shelter - 'n tentoonstelling waarin gekyk word na huishoudelike ruimtes in die Kaapstad-omgewing, die mense wat daar woon, die omgewing en konteks waarbinne dit gebou is en ander sake wat met behuising verband hou. Caversham Press tot 4 Augustus.

## DALIOSAFAT

Kevin Brand, Nico Prins, Sarah-Michele Redelinghuys, Billy Mandini, Kate Gottgens, Walter Meyer en Philip Bouwer stel van moëre hul werk op Non Pareille, Paarl, ten toon. Jazz en dergelyke vermaakklikheid word van 3nm aangebied. Bel Andrew Olivier by (02211) 62-4924 vir nog inligting.

# boeke

## VERTELLERS 2

Saamgestel deur Merwe Scholtz Human & Rousseau en Tafelberg (R44,99)

Danksy die sukses van die eerste Vertellers-bundel van Afrikaanse verhale en omdat 'n goeie skrywer nie net een keer 'n goeie verhaal skryf nie, het prof Merwe Scholtz *Vertellers* 2aangepak. Dieselfde kriterium is in sy keuse gebruik: "Daar moet vertel word, goed en boeiend vertel word." Jy sal weke lank lees aan dié lywige boek van 70 keurverhale. Daar is spookstories, speurverhale, liegestories en baie vrolikes.

## LAETITIA POPE

## THE STORYTELLER DON MATTERA ASHANTI (R20,25)

Don Mattera, wie se outobiografie *Memory is the Weapon* in verskeie Europese lande en in Amerika gepubliseer is, beproef nou die kortverhaal-genre in sy jongste. Die verhale getuig van wyshed, insig en medelye - die werk van 'n vaardige storieverteller.

LP

## FLASHES IN HER SOUL THE LIFE OF JABU NDLOVU JEAN FAIRBAIRN BUCHU BOOKS

Die merkwaardige lewensverhaal van Jabu Ndlovu, geliefde tussen-ganger vir die Nasionale Unie van Metaalwerkers en leier van die Imbaligemeenskap. Jabu se kinderjare in die landelike gebiede van Natal, haar lewe in die township en haar opgang as 'n fabriekwerker word weergegee. Dit is 'n huldeblyk aan haar moed en toewyding aan die werkerstryd tot en met haar brutale dood.

LP

# fyn proe

## NETTIE PIKEUR

### GRYP 'n SEEKAT

### EN MAAK HOM à LA NICOISE

VRIND Marthinus kyk peinsend na sy lappie grond - in Clifton nogal - waar hy beplan om groente te kweek. Watse groente, vra hy, is die maklikste en beste?

Dadelik weet ek: Die Mediterreense versameling zucchini, eiervrug, soetrissies, gras- en sprietue, spinasie en natuurlik tamaties vir die vales. Never mind aartappels en uie - hulle is te labour-intensive.

Dié inspirasie kom uit 'n wonderlike klein kookboek wat ek by vriendin Ansa geleent het. Cuisine Nicoise se resepte is eg-eg uit hierdie dorp en sy klein omliggende streek, en hulle is saamgestel deur Jacques Médecin, al die jare die burgermeester van Nice, en 'n kok van faam.

Nice, verduidelik hy (op Afrikaans staan die stad as Nissa bekend, maar niemand noem dit ooit so nie), het 'n sterk streep Italiaanse bloed, só sterk dat dit nie eintlik Frans is nie. Trouens Nice het tot 1060 aan die koninkryk van Sardinie behoort.

Met 'n heerlike loslit styl bied Médecin sy ongewone en smullekker resepte aan. Hy gee ook die name daarvan in die bekoorlike plaaslike dialek. En vir die eerste keer in 'n baie lang ruk kom ek kos teé wat vir my werklik nuut en opwindend lyk. Ek val met die deur in die huis:

## LU TOMATI O TOUN

Skil 3 hardgekookte eiers. Maak fyn in die Magimix: 4 ansjovisfiletjies, 'n halwe eetlepel kapers en die eiers. Werk 125g (sowat 4 eetlepels, maar kyk op die blikkie) gedreineerde tuna stadig by.

Nou sny jy 6 tamaties middeldeur, en skep die tunamengsel oor die tamaties. Versier met die oorblywende kapers.

Nog 'n interessante resep is spinasie wat jy eers gaarmaak, en dan verder kook in 'n bietjie olyfolie, knoffel, sout, peper en die vleissappe van 'n braiboud. Die spinasie word apart voorgesit, ná die boud. Klink heerlik.

Volgende week gaan ons Waenhuiskrans toe, eat your heart out, en ek is vasbeslotte om by 'n visterman 'n hele seekat te koop en dié ongelooflike geregt te maak. Dis nie calamari nie, beklemtuur Médecin, dis 'n uitgegroeide monster van 'n seekat, soos dié wat hulle vir aas gebruik, wat die beste geur het en volgens hierdie tradisionele resep voorberei word.

Net in geval iemand wonder, die resep kom van Marcelle Fède se stalletjie in die vismark Place Saint-François in Nice.

## LOU POURPRÉ À LA MISSARD

Haal eers jou seekat se inksakkie versigtig uit en plaas die ink in 'n potjie. Dit vlek vreeslik: dis mos ink! Haal die seekat se ogen en papegaaibek uit, asook die binnegoed, en skraap die suiers skoon. Sny die hele dier in 2cm stukkies op.

Plaas hom net so in 'n pot en draai die hitte mooi laag. Die seekat se vloeistof loop dan uit.

In 'n ander groot swaarboompot verhit jy 3 lepels olyfolie, en braai 3 gesnyde uie en knoffel na smaak hierin. As alles goudbruin is, voeg 4-6 groot geskilde tamaties (ek sal jou wys hoe, Marthinus), en 'n bietjie kruie by: 'n takkie tiemie, lourierblaar en 2 takkies pietersielie.

Kyk in die ander pot. Die vloeistof wat uit die seekat geloop het, het nou verdamp, en jy gooi 3 lepels brandewyn in en steek die lot aan die brand.

Skud die pot tot die vlamme doodgaan.

Wanneer die tamaties met sowat 'n derde afgekook het, gooi die seekat by en kook saggies verder vir 30 minute. Nou eers voeg jy sout en peper by.

Sommige Nicois-kokke voeg ook saffraan of 'n knypie kerrie poeier by.

Ek kan nie wag om my hande op 'n seekat te lê nie.

Nog twee koddige resepte uit die fraaie boek is vir seekastaiings in 'n omelet, en see-anemone, wat ek nog nooit in my lewe as kos beskou het nie.

Seekastaiings se binnegoedjies is lekker om rou te eet, 'n bietjie soos oesters. Médecin meen 12 vir een mens en hulle word deesdae dikwels in restaurante voorgesit. Ek weet nie of jy die skulpies huis toe mag bring om aan 'n tou te hang nie. Vra maar.

As jy 'n omelet maak van hulle, is 12 kastaiings en 12 eiers genoeg vir 6. Jy skep eenvoudig die binnegoed by as jy die eiers klits en maak jou omelet verder soos gewoonlik.

See-anemone is blybaar baie ryk aan fosfor, en dis hoekom baie mense hulle as giftig beskou. Nietemin is anemone 'n lekkerny in Nice en duikers haal hulle met spesiale toerusting uit - gebuigde vrake aan 'n lang handlyn.

As mense Pikeur skielik van die toneel verdwyn, moet julle weet sy het op Waenhuiskrans 'n anemoon geeët.



TAKHARE  
VIR  
VREDE  
SÉ

BLESKOPPE  
TEEN  
APARTHEID  
SÉ



as dit só aangaan, drink ek my nog  
in 'n nuwe bloedgroep in

Vrye Weekblad, 19 - 25 JULIE 1991

# MERC-GRYPER

# UINVERKOOPING

# VAN DIE DEKADE

Nou's jou kans... 100 Laatmodel Outomatiese Mercedes 200 (124 Reeks)  
Verkoop blitsvinnig teen pryse wat nie weer herhaal sal word nie !!


Ja, ons het 100 van hierdie pragstukke – eks-motorvloot – almal in puik toestand met lugversorging, immobiliseerder, radio-band en die res. En ons bied hulle van die vloer aan jou by ons Wynberg Handelsentrum beginnend op Maandag 15 Julie.

Enige voertuig wat jy koop kom met volledige diensrekord, 'n **GRATIS** Padwaardigheidstoets,

**KITSFINANSIERING** en 'n opsionele 24 maande Waarborg aanbod wat jy nie kan weier nie.

Voertuie wissel tussen 30 000 - 50 000 km afhangend van of hulle '89 of '90 modelle is – en hulle is daar teen R18 000 onder markwaarde!

Maar opstud! Hierdie Mercs gaan vinnig verkoop!



**KYK NET NA HIERDIE PRYSE!!!!**


Model	Markprys	Ons 'Merc-Gryperpryse'
'89	R84 000	R65 900
'90	R90 000	R73 900

**Moenie tot Oktober wag om te spaar wanneer BTW inkom nie!** Gebruikte voertuie **SAL** onderhewig wees aan BTW indien van 'n handelaar gekoop • Nuwe motorpryse is geskedeelde om tweemaal binne die volgende 3 maande te verhoog en gebruikte motorpryse sal gevvolglik styg • Privaattransaksies sal geen BTW hé nie • WAAROM WAG? KOOP NU EN SPAAR!!! • **BEGIN MA 15 JULIE.**

WAAR?

**SEA POINT TRADE CENTRE**  
**5e STR. 31 WYNBERG JHB.**

(011) 887-9021 (6 lyne)



**Sea Point  
Car Mart**

VERKOOPAFDELING VAN SEA POINT AUCTION MART

